

UOVS-SASOL-BIBLIOTEEK 0214712



111013929601220000019

DIE IMPLIKASIES
van
DEUTERONOMIUM 6
vir die
OPVOEDING VAN DIE VERBONDSKIND

deur

GERHARDUS ELIAS OLIVIER

Verhandeling voorgelê ter vervulling van
die vereistes van die graad Magister Artium
(Departement van Bybelkunde) aan die
Universiteit van die Oranje Vrystaat.

BLOEMFONTEIN

September 1975

Promotor: DR. D.N. PIENAAR

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

29-07-1976
KLAS No. T 222.15066 C6

No. 214712
BIBLIOTEEK

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

(ii)

Opgedra aan my vrou, Mientjie.

(iii).

Ek verklaar dat die verhandeling
wat hierby vir die graad Magister
Artium aan die Universiteit van
die Oranje-Vrystaat deur my inge=
dien word, nie voorheen deur my
vir 'n graad aan enige ander uni=
versiteit/fakulteit ingedien is
nie.

...(G.E. Olivier).....

VOORWOORD

Ten eerste wil ek aan God al die eer gee vir die sukses van hierdie studie. Mag die verhandeling lei tot beter insig in Sy Woord en tot uitbreiding van Sy Koninkryk.

Graag wil ek ook die volgende persone bedank vir die aandeel wat hulle in die voltooiing van hierdie verhandeling gehad het:

my vrou, Mientjie, my twee seuns, Johan en Gerhard, wie die meeste opoffering en geduld aan die dag moes lê;

my hooggeagte promotor, dr. D.N. Pienaar, vir die simpatieke, bekwame en vriendelike wyse waarop hy leidend opgetree het;

prof. dr. J.C. Lombard, vir sy vriendelike hulpvaardigheid as moderator. Sonder sy perspektiewe sou die taak soveel moeiliker gewees het.

.....G.E. Linné.....

INHOUDSOPGAWE

<u>HOOFSTUK I</u>	1
1. Inleidend	1
2. Die fokuspunte van hierdie ondersoek	2
3. Die naam van die boek	3
4. Datering en outeurskap van Deuteronomium	3
5. Moses as opvoeder	13
6. Moses as opvoeder met spesiale verwysing na Deuteronomium	15
7. Die didaktiese inslag van Deuteronomium	17
8. Deut. 1 - 5	18

HOOFSTUK II

<u>DEUT. 6:1 - 3</u>	21
1. Deut. 6:1	21
2. Deut. 6:2	43
3. Deut. 6:3	45

HOOFSTUK IIIDEUT. 6:4 - 5

Die fundamentele waarheid van Israel se geloof; die uniekheid en eenheid van Jahweh; die fundamentele plig wat hierop gebou is; die diens aan God, behels Israel se totale lewe en die opvoedkundige implikasies hiervan

1.	Deut. 6:4	54
1.1	Die Litterae Maiores	54
1.2	Die moontlike verklaring van die Credo	55
1.3	Jahweh is één	61
1.4	Die opvoedkundige implikasies van die <u>š ě m a^c</u>	67
1.5	Wie is God? (Kennis van God)	71
1.6	Die name van God soos in 6:4	74
1.7	Die opvoedkundige implikasies van die teokratiese feit en ideaal	79
2.	Deut. 6:5	81

HOOFSTUK IV

	<u>DEUT. 6:6 - 9</u>	90
1.	Deut 6:6	90
	Die woord <u>d ā b ā r</u>	90
	Die gebruike van <u>l e b</u> (<u>l e b a b</u>)	95
2.	Deut 6:7	99
	'n Kultuurhistoriese oorsig van die Israelitiese opvoeding	100
	Die Ou-Testamentiese gesin as opvoed= kundige instansie	110
	Die opvoeding van die Verbondskind - enkele implikasies	118
3.	Deut. 6:8,9	125
3.1	Moet hierdie voorskrifte letterlik of figuurlik beskou word?	126
3.2	'n Kultuurhistoriese agtergrond met betrekking tot die twee verse	128
3.3	Opvoedkundige aspekte	129

HOOFSTUK V

DEUT. 6:10 - 15

Die gevare vir die eksklusiewe diens aan Jahweh 131

1. Deut. 6:10 131
2. Deut. 6:11 132
- Die opvoedkundige beginsels van Deut. 6
is aanpasbaar by Israel se veranderende
lewensomstandighede 134
3. Deut. 6:12 137
4. Deut. 6:13 138
5. Deut. 6:14 145
6. Deut. 6:15 149

HOOFSTUK VI

DEUT. 6:16 - 19 151

1. Deut. 6:16 151
2. Deut. 6:17 154
3. Deut. 6:18 155
4. Deut. 6:19 157

HOOFSTUK VII

DEUT. 6:20 - 25 159

Die kinders moet onderrig word in die ont-
staan, inhoud en betekenis van die wet 159

1. Deut. 6:20 159
2. Deut. 6:21 - 23 159

2.1	Deut. 6:21	160
2.2	Deut. 6:22	163
2.3	Deut. 6:23	164
3.	Die opvoedkundige implikasies van Israel se geskiedenis vir die Verbondskind	167
4.	Die opvoedkundige aspekte van die groot feeste	181
5.	Deut. 6:24	189
6.	Deut. 6:25	192

HOOFSTUK VIII

<u>SAMEVATTING</u>	195
--------------------	-----

<u>BIBLIOGRAFIE</u>	197
---------------------	-----

LYS VAN AFKORTINGS:

C.B.Q.	=	Catholic Biblical Quaterly
G.T.T.	=	Gereformeerd Theologische Tijdschrift
K.B.L.	=	Koehler, L. and Baumgartner, W., <u>Lexicon Veteris Testamenti Libros.</u>
N.G.T.T.	=	Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif.

DIE IMPLIKASIES VAN DEUTERONOMIUM 6 VIR DIE
OPVOEDING VAN DIE VERBONDSKIND.

HOOFSTUK I

1. INLEIDEND

Vir ons Christelike Wes-Europese wêreld is daar onder die ou kultuurvolke geen belangriker volk as Israel nie - die volk aan wie die Verbondsgod Hom in sy onuitspreeklike groot genade geopenbaar het en in wie se geskiedenis ons tot op die koms van Jesus Christus, ons Saligmaker, tege-lykertyd ook die geskiedenis vind van die openbaring van God, wat vir ons beskryf is in die heilige boeke van die Ou Testament. Hierdie boeke van die heilsopenbaring het ons van ou Israel en hulle is geskryf deur geroepenes uit hierdie volk, hulle vorm 'n deel - seker die belangrikste deel - van die ou Israelitiese literatuur.

Vir ons lê die grootste betekenis van die ou kultuurvolk in die eerste en die laaste plek in sy godsdiens. By geen ander volk uit die outyd vervul die godsdiens so 'n alles=oorwegende rol nie: die geloof aan één ware God, die Skepper, Onderhouer en Regeerder van alles wat bestaan en lewe en nie lewe nie. Hy beheers die hele lewe van die enkeling sowel as die van die volk in die geheel: leier en volgeling, koning en onderdaan, ryk en arm, oud en jonk, priester en nie-priester, almal staan onder die onmid-dellike wet van God. God is vir almal en alles die begin en die einde.¹⁾

"In die Ou Testament gaan dit onder andere hoofsaaklik oor die taak van Israel as draer van die Godsopenbaring om s6

1. Coetzee, J. Chr., 'n Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde,, p.23

uit te loop op Christus na die vlees tot 'n lig vir die nasies. Dit gaan oor die opvoeding van die volk as draer van die Godsopenbaring."¹⁾

Die opvoeding van Israel bied dus een van die belangrikste grondslae vir selfs ons moderne opvoedkundige teorie en praktyk. Die bestudering van die Christelike opvoeding gaan dus noodwendig terug tot die opvoeding van Israel. Sonder 'n kennis van die opvoeding onder ou Israel kan ons eenvoudig nie die Christelike Westerse opvoeding verstaan nie.²⁾

2. DIE FOKUSPUNTE VAN HIERDIE ONDERSOEK

In hierdie studie sal die klem hoofsaaklik val op die volgende aspekte:

2.1 Die opvoeding van die Ou-Testamentiese verbondskind binne die raamwerk van die teokrasie;

2.2 die eksegesi van Deut. 6:1-25 met spesiale verwysing na die opvoedkundige implikasies daarvan;

2.3 'n kort kultuurhistoriese oorsig van die Israelitiese opvoeding tot na die ballingskap;

2.4 die Ou-Testamentiese gesin as opvoedkundige instansie;

2.5 die geskiedenis van Israel met die klem op die opvoedkundige implikasies van die uitverkiesing, die uittog en die Sinaïgebeure;

2.6 die opvoedkundige rol wat die Paas-, Pinkster- en

-
1. Duvenage, S., Bybelkunde as Volwaardige Vak op die Middelbare Skool, (Referaat gelewer op die Bybelkunde Kongres te Port Elizabeth op 9 en 10 April 1974), p.15.
 2. Coetzee, J. Chr., op.cit., p.25.

Loofhuttefees gespeel het in die lewe van die Ou-Testamentiese verbondskind.

3. DIE NAAM VAN DIE BOEK

In Hebreeus is die naam van die boek הַתּוֹרָה הַשֵּׁנִי volgens die eerste twee beginwoorde, of eenvoudig net הַתּוֹרָה.¹⁾ In die Masora staan dit bekend as הַתּוֹרָה הַשֵּׁנִי (tweede wet).²⁾ Die LXX se vertalers het die Hebreeuse תּוֹרָה הַשֵּׁנִי (afskrif van hierdie wet 17:18) verkeerdlik vertaal met τὸ δευτερονόμιον τοῦτο.³⁾ Die naam Deuteronomium in die Afrikaanse Bybel kom via die Septuagint. Dit is ten onregte dat die boek Deuteronomium beskou was as die tweede wet. Die Hebreeuse benaming is egter baie meer van pas, want die bedoeling is beslis nie dat Moses in die velde van Moab 'n tweede wet afgekondig het nie. Waar die beginwoorde in die Hebreeuse Bybel as naam gebruik word, verwys dié woorde veral na die wet wat by Sinaï gegee is.⁴⁾

4. DATERING EN OUTEURSKAP VAN DEUTERONOMIUM

G.T. Manley⁵⁾ het in sy boek, The Book of the Law, probeer om Deuteronomium te dateer. Sy studieveld het hy veral toegespits op hoofstukke 12-26 en dan met spesiale klem op die wetgewing in die betrokke gedeeltes - sy fokus was dus gerig op die hart van hierdie boek van die wet. Verder

-
1. Die Masora of oorlewering van die teks van die O.T. strek oor 'n tydperk van ongeveer honderd jaar. Eers is die konsonante - teks vasgestel; lank daarna het die Masorete begin om dit van vokaalteke en klemtone te voorsien; vgl. Martin, W.J., "The Massoretes" in Douglas, J.D., (Ed.) The New Bible Dictionary, pp. 1 255 - 1 256.
 2. Raven. J.H., Old Testament Introduction, p.147.
 3. Smith, G.A., The Book of Deuteronomy, p.IX.
 4. Van Zyl, A.H., Gods Woord in Mensetaal, Deel 1, p.126.
 5. Manley, G.T., The Book of the Law, p.177.

het sy ondersoek ook gestrek oor die Mosaïese toesprake in hoofstukke 5 tot 11 wat in baie nou verband staan met hoofstukke 12 tot 26. Hy som sy bevindings soos volg op:

4.1 Die gebruikmaking van God se heilige name, asook die groot historiese gebeure in die lewe van Moses soos dit beskrywe is in die Exodus, die inbesitname van Kanaän en die verbondsverhouding, vertoon geen invloed van die monargale periode nie. Hierdie feit korrespondeer dus baie nou met die roeping van Moses en die uitverkiesing van Israel. Verder is dit opmerklik dat die boek nie gebruik maak van sekere titels soos dit by die latere profete voorkom nie.

4.2 Die topografie

Deuteronomium bepaal hom hoofsaaklik by die woestynroete vanaf Horeb tot by Kades en om Moab en Edom, asook tot die geografie van die Transjordaän. Oor hierdie aspekte word 'n akkurate kennis geopenbaar. In teenstelling hiermee lees ons in hoofstuk 34 van die westelike deel van die land en dit is duidelik dat hierdie gegewens van so 'n aard is dat ons kan aanvaar dat dit gebaseer is op waarnemings van buite die land self.

4.3 Die volkere wat die land toe bewoon het, word vir ons beskrywe net soos wat hulle gedurende daardie tyd bekend was. Die outeur van Deuteronomium het beslis gebruik gemaak van ou tradisies en die kernmateriaal wat hy gebruik, is onteenseglik oud. Hoeveel hiervan in 'n vasgelegde skriftelike vorm voor hom gelê het, is onseker. Wesenlik is dit egter dieselfde stof as wat in Exodus se tweede gedeelte en in Numeri opgeneem is.¹⁾

1. Van Zyl, A.H., op.cit., p.130.

4.4 Die Wette van Deuteronomium.

Vervolgens het Manley¹⁾ die wette afsonderlik bestudeer. Hy het sy studie begin by die wette wat parallelle het in die ou Semitiese kodekse en in die res van die Pentateug.

Hy vind dat sekere wette van pre-Mosaïese oorsprong is en dat dit ook aangetref word by Hammoerabi en in ander antieke versamelings. Sommige hiervan is kenmerkend van Deuteronomium; ander is weer kenmerkend aan die J E; party is weer gemeenskaplik aan albei. Tussen die wette (insluitend die wat kenmerkend van Deuteronomium is) kry ons spore van adopsie van ouer vorme van die Hebreeuse godsdienstige begrippe wat party geleerdes aan Moses toeskrywe. Hierdie vergelyking laat geen ruimte vir die kronologiese opeenvolging J, E, D en P nie. Verder laat dit ook geen moontlikheid oop vir die verbinding van die J E kode met die vroeë monargieë nie, of die verbinding van die wette van Deuteronomium met dié van die sewende eeu, of van P met die ballingskap of later nie.

Die oorblywende wette, gebooe en insettinge in Deuteronomium, ook dié eie aan Deut. 12-26, word beskou as opeenvolgend. Sommige wette kom uit verskillende periodes en ander het hulle beslag gekry na Israel Kanaän beset het. Vele ander wette pas glad nie in gedurende die regerings van Josia en Manasse nie. As gevolg van hierdie feit is dit baie moeilik om te aanvaar dat die Deuteronomiese versameling van wette toe gemaak is vir die gebruik van daardie tyd.²⁾

Geleerdes is deesdae eenstemmig in hulle waardering van die hoë ouderdom van 'n groot deel van die juridiese materiaal

-
1. Manley, G.T., op.cit., p.178.
 2. Ibid., p.178.

van Deuteronomium.¹⁾

4.5 Sentralisasie van die kultus

'n Deeglike studie is gemaak van die hipotese, nl. dat dit die doel van die wetgewing was om die "hoogtes" af te skaf en om die erediens te sentraliseer soos dit blyk uit die argumente wat ontstaan het na aanleiding van Ex. 20:24 en Deut. 12. Dit is interessant om daarop te let dat die wette of die inleidende toesprake geen melding maak van hierdie "hoogtes" nie - as hierdie hipotese korrek is, is hierdie feit 'n groot probleem! Die besonderhede van Josia se hervorming korrespondeer nie so nou met die wette sodat dit 'n direkte verband vra tussen hulle en die reformatie nie.²⁾

4.5.1 Ex. 20:24 - 26

Die veelheid van kultusplekke was praktyk in Israel. Die gebod in 27:1 - 8 om 'n altaar op die berg Ebal op te rig is totaal onversoenbaar met die bogenoemde hipotese. Verder dink ons ook aan die veelheid van kultusplekke in die Rigtertydperk en in die monargieë. Byvoorbeeld Elia herstel die altaar op Karmel en hy sê: ".....u altare afgebreek en u profete met die swaard gedood." (1 Kon. 19:10)³⁾

Die veelheid van kultusplekke stem met die wet ooreen. Die altaarwet van Ex. 20:24 - 26 sanksioneer 'n veelheid van altare. Israel het nooit 'n wet gehad wat die volk gebind het aan 'n enkele kultussentrum nie. Holwerda konkludeer:

-
1. Van Zyl, A.H., op.cit., p.129; K.A. Kitchen skryf in sy boek Ancient Orient and Old Testament, as daar gelet word op die verbondstruktuur van die boek is daar "external ground for suggesting that considerable portions of these books (or, at least, of their contents), including almost the entire framework of Deuteronomy, originated in this period" (d.w.s. die Mosiese era). p.99.
 2. Manley, G.T., op.cit., p.178.
 3. cf. van Gelderen, C., De Boek der Koningen, Deel II, pp.188 - 189, 214.

"de altaarwet van Ex. 20 staat naast het centrale heiligdom een veelheid van altare toe, onder bepaalde condities, die de afgrenzing van Israël en Kanaän veilig willen stellen; die historie bevestigt dit. Deze altare stonden, behoudens by illigitieme ontwikkeling, onder leiding van een priester=schap dit ampt was verbonden aan de stam van Levi.¹⁾

4.5.2 Deut. 12

Die verordening van Deut 12 gaan reeds van die standpunt uit dat daar 'n veelheid van kultusplekke bestaan. Die probleem lê by 12:14 waar ons lees: "Maar op die plek wat die H E R E in een van jou stamme sal uitkies, daar moet jy jou brandoffers bring en daar alles doen wat Ek jou be= veel."

Eerstens moet 'n mens die teenstelling hier nie sien as 'n teenstelling van enkelvoud teenoor meervoud nie, maar as 'n teenstelling van die menslike keuse (nie alle plekke wat hulle sal kies nie) teenoor die Goddelike keuse (alle plekke wat Jahwe sal kies).²⁾ As Moses hierdie dinge beveel, is die toestand abnormaal - dit is gedurende 'n tyd van oorlog. Moses wyk nou tydelik af van die altaarwette van Ex. 20. Blykbaar het Israel gedurende hierdie tyd gebruik gemaak van die heilige plekke wat hulle in die besette gebiede aangetref het. Sodra hierdie abnormale toestand verby is, kan daar weer teruggekeer word na die altaarwette van Ex. 20. In 'n willekeurige keuse sit die gevaar van kanaänisering. Dit gaan dus nie hier oor die kwessie van één eksklusiewe kultussentrum of 'n veelheid van kultusplekke nie.¹⁾

Tweedens, as Deuteronomium 12 werklik die kultus sou beperk tot een heiligdom, eers by Silo en later by Jerusalem, sou

1. Holwerda, B., Bijzondere Canoniek, Deel II, pp.233-268.

2. Ibid., p.245; cf. ook Ridderbos, J., Het Boek Deuteronomium, pp.168-169.

3. Ibid., p.281 et seq.

dit dan beslis die sekerste wyse gewees het waarop Israel in die arms van die Kanaänitiese gode gedryf sou word. Deur kultussentralisasie sou God nie sy volk immuun teen beïnvloeding gemaak het nie, maar totaal weerloos, want dan sou Israel slegs een geleentheid per jaar gekry het om hierdie goeie onderwysing van die wet deur die kultus te ontvang.

Derdens skryf Deut. 12 voor dat daar by die geleenthede soos die Paas-, Pinkster-, Loofhuttefees en ander geleenthede die hele gesin saam met die plaaslike Leviet "wat in jou poorte is" (12:18) by die verkose heiligdom moes verskyn. Gestel nou ons neem in die geval 'n gesin uit die stad, Dan in Noord Galilea, 150 km van Jerusalem. As Jerusalem dan die sentrale heiligdom is, beteken dit dat die Leviet wat in Dan woon sy hele ampsdiens sal moet deurbring in reise van noord na suid en vice versa. Hy kan nou maar net sowel in Jerusalem bly, want tuis is sy mense tog konstant sonder sorg! By die aanneming van die kultussentralisasie word die wet onuitvoerbaar en onsinnig.¹⁾

Uit die geskiedenis leer ons dat Jerusalem as sentrum van aanbidding eers voorrang begin geniet het na die voltooiing van die tempel. Josia se hervormings wys baie duidelik dat die volk se sondes daarin geleë is dat hulle God verlaat het en nie dat hulle buite Jerusalem aanbid het nie (II Kon. 22:17). Die hele doel van sy reformasie was om Israel se godsdiens te herstel en nie om dit te verander nie.²⁾

4.6 Die Profete en Deuteronomium

Uit die profetiese geskrifte kan ons aflei dat hulle beslis hierdie boek geken het, alhoewel hulle nie spesifiek daarna verwys nie. Dit is duidelik dat die volk hierdie wette

1. Ibid., pp.343 - 346.

2. Manley, G.T., op.cit., pp.178 - 179.

verbreek het en hieruit kan ons aflei dat dié wette toe normatief was.

Wanneer die geskrifte van Jesaja en Hosea met Deuteronomium vergelyk word, is daar 'n groot verskil merkbaar ten opsigte van denkskemas, agtergrond e.d.m. Hieruit kan afgelei word dat die skrywer van Deuteronomium beslis nie gelewe het tydens of na die profeet Jesaja nie of dat hy enigsins deur die prediking van hierdie profeet beïnvloed was nie.

As die profetiese geskrifte van Amos en Hosea tot by Jeremia as 'n opeenvolgende reeks beskou word, vind ons hier 'n progressiewe verandering ten opsigte van die volgende beskouings:

- (i) oor die "hele volk" as Israel;
- (ii) oor die omliggende volke;
- (iii) oor die godsdienstige verval van die volk;
- (iv) oor die nabyheid en sekerheid van God se oordele.

Met hierdie aspekte in ag geneem, moet Deuteronomium vóór hierdie reeks geplaas word.

Die verhalende gedeeltes van die boek vorm min of meer 'n aaneenskakelende eenheid. Die styl van die verteller is eenvoudig, opreg en vry van enige kunsmatighede. Hy glo wat hy vertel. Hier en daar kry mens die indikasie dat daar nie 'n groot tydsverloop tussen die gebeure was nie. Die inleidingstoesprake en wette is baie nou verwant aan die lewe en karakter van Moses, sodat ons beslis kan aflei dat daar 'n historiese verbinding met hom was.¹⁾

As gevolg van die reeds genoemde feite, kan aanvaar word dat die aansprake wat die boek maak, op vaste grond berus. Die aansprake dat die wet deur Moses aangekondig is op 'n

1. Ibid., p.179.

gegewe plek en tydstip, dat dit neergeskrywe is en dat dit in die hande van die priesters geplaas is, moet as waar aanvaar word.¹⁾

4.7 Nuwe-Testamentiese lig op die ontstaan van Deuteronomium

In die N.T. word daar dikwels verwys na of aangehaal uit die boek Deuteronomium. Verder word die Mosaïese outeurskap asook die outoriteit van die boek aanvaar.

4.7.1 In Hebr. 10:28 word die woorde van 17:6 aangehaal as die "Wet van Moses."

4.7.2 Paulus en Deuteronomium

In Gal. 3:10,13 word 27:26 en 21:23 aangehaal met die woorde: "want daar is geskrywe." In Rom. 10:6-9 maak Paulus gebruik van Deut. 30:12-14.

4.7.3 Christus en Deuteronomium

Ook Christus siteer uit hierdie boek. In die uur van versoeking haal Hy drie keer aan uit Deuteronomium, wat 'n magtige bewys is van die boek se outoriteit (vgl. Matt. 4:1-11; Luk. 4:1-13).

Deut. 6:4,5 noem Christus die eerste en die groot gebod. As die Fariseërs Hom vra oor die egskeiding, verwys Hy hulle na die uitsprake van Moses in 24:1. (Vgl. Mark. 10:5).²⁾

Volgens Young³⁾ is dit 'n billike afleiding om te aanvaar dat Jesus wel bekend was met die boek en die boek se aansprake op sy Mosaïese outeurskap.

1. Ibid., p.179.

2. Ibid., pp.180-181.

3. Young, E.J., The Infallible Word, pp.54-60.

4.8 Die Post - Mosaïca in Deuteronomium

In hierdie boek is daar egter ook nog sekere gedeeltes wat bepaalde sake so beskryf dat dit daarop dui, dat hierdie gedeeltes eers na die dood van Moses moes geskrywe gewees het. So word daar bv. in 34:1 melding gemaak van die stad Dan. Volgens Josua 19:47 het hierdie stad eers die naam Dan gekry na die intog in Kanaän, want vroeër het dit bekend gestaan as Lasem of Lais. Van 'n ander stad met die naam van Dan is daar in die Mosaïese era geen aanduiding nie. Ook 2:12 is post-Mosaïes: "Ook het die Horiete tevore in Seïr gewoon; maar die kinders van Esau het hulle uit hulle besitting gedrywe en voor hulle uit verdelg en in hulle plek gaan woon, net soos Israel gedoen het met die land van sy besitting wat die H E R E aan hulle gegee het."

In die laaste hoofstuk (34:5-12) lees ons van die dood en begrafnis van Moses. Die meeste geleerdes is dit hieroor eens dat hierdie gebeure 'n latere toevoeging is.¹⁾

4.9 Verwerkings en aanvullings

Daar is egter ander getuienis wat ons moet aanhoor om 'n duideliker beeld oor die ontstaan van die boek in sy huidige vorm te verkry. In Jos. 24:25-26 staan: "En op dié dag het Josua met die volk 'n verbond gemaak en vir hulle 'n insetting en 'n reg vasgestel in Sigem. En Josua het hierdie woorde in die wetboek van God geskrywe....." Hierdie wetboek van God is tog seker dieselfde as die een wat Moses geskrywe het en aan die Leviëte oorhandig het om in die Verbondsark te plaas (vgl. Deut. 31:24-26). Indien dit die wetboek is wat Moses geskrywe het, dan het ons in Jos. 24:26 dus 'n duidelike getuienis dat Josua Moses se geskrif aangevul en uitgebrei het. Dat daar waarskynlik meer sulke uitbreidings gemaak is, word verder ook duidelik in

1. Aalders, G. Ch., Ou Testamentische Kanoniek, pp.128-129.

Ex. 34:28, nl.: "En hy het op die tafels die woorde van die verbond, die tien woorde geskrywe." As ons nou na die huidige vorm van die Tien Gebooie kyk, dan sien ons nie net tien woorde nie, maar uitgebreide stellings. Wat nog verder die vermoede versterk dat daar uitbreidings by die Tien Gebooie aangebring is, is die feit dat die sesde, die sewende en die agste gebod in die Exodusweergawe, vandag nog in die kort vorm staan, waarin blykbaar al die gebooie van die Dekaloog oorspronklik gegee is. Hierdie uitbreidings was geen veranderings op die gebooie nie - dit was verklarende vergelykings wat by die gebooie gevoeg is. Deut. 5:1 vertel self dat Moses ook 'n uitleg van die wet onderneem het.

Op grond van die Ou-Testamentiese getuienisse is dit blykbaar nie verkeerd om 'n boek wat deur iemand anders geskrywe is te verwerk en aan te vul nie. Langs die weg kom daar ook aanneemlike verklarings vir die onderlinge verskille soos dit in Deuteronomium voorkom. Hierdie idee verklaar dan ook op 'n aanneemlike wyse die post-Mosaïca in die boek van die wet.

Ook sou dit nie vergesog wees om te verklaar, dat die Joodse en vroeg-christelike tradisie wat Moses as die skrywer van die Pentateug in sy teenswoordige gedaante aanvaar het, ten minste gedeeltelik op 'n historiese basis berus nie. Die historiese basis is daarin geleë dat Moses bepaalde gedeeltes self neergeskrywe het, terwyl hy van ander gedeeltes, in die sin dat hy dinge gesê en gedoen het, eintlik die outeur was sonder dat hy dit geskrywe het. Daarom moet hierdie tradisie dus slegs as gedeeltelik korrek en betroubaar aanvaar word.¹⁾

4.10 Samevatting

Uit die getuienis wat ons sover aangehoor het kan ons

-
1. Duvenage, S.C.W., De Wet, J.I. en Jansön, M., Bybelkunde St. 9 en 10, Deel I, pp.22-23; Aalders, G. Ch., Ou Testamentische Kononiek, pp.135-136.

saamstem met O.T. Allis¹⁾ dat Moses beslis die basis van die geskifte van die Pentateug soos ons dit vandag ken moes geskrywe het. Alle post-Mosaïca en a-Mosaïca moet ons toeskryf as die werk van 'n latere hand.

5. MOSES AS OPVOEDER

Moses is een van die grootste en belangrikste figure uit die Bybel. Onder die Ou-Testamentiese persoonlikhede is daar geen man so groot soos hy nie. Onder die opvoeders van 'n volk is daar seker geen groter figuur as hy nie, al was Moses in die strengste sin van die woord geen beroeps-opvoeder nie. Hy het sy volk gelei soos niemand anders nie en deur hom het die HERE sy wette aan Israel bekend gemaak. Die Mosaïese wet moet gereken word onder die grootste dokumente van 'n opvoedkundige aard van alle eeue, so nie as die allergrootste. (Oor die opvoedkundige aspekte van die wet sal later aandag aan geskenk word.)²⁾

Deur sy opvoeding in 'n streng Israelitiese huis het Moses tot sy vierde jaar van sy ouers die beginsels van die ware godsdiens geleer. Deur sy opvoeding aan die hof van Farao is hy gevorm vir die grootse taak waarvoor die HERE hom voortbestem het. Reeds op 40 jarige leeftyd wou hy sy volk uit eie beweging verlos, maar dit was nog nie die tyd deur God bestem nie. Moses moes nog eers die woestyn in om sy opvoeding as volksleier te voltooi en om daar vir 40 jaar lank geduld, lydsamheid en gehoorsaamheid te leer wat nodig was vir 'n leier van God se volk. Op 80-jarige leeftyd word hy geroep en na baie aarseling voer hy die bevel van die H E R E uit. In Egipte gaan hy voor die Farao staan met groot geloof en volharding, en deur sy hand wil God sy volk Israel verlos en heenlei na die beloofde land.

1. Allis, O.T., The Five Books of Moses, p.13; cf. ook Eissfeldt, O., The Old Testament, An Introduction, pp.225-233.

2. Infra, pp.36-41.

Op die weg na Kanaän lei hy, die sagmoedige, geduldige en vaderlike die lastige en murmurerende volk. Telkens moet hy optree as voorbidder vir Israel - dit is die goue draad wat deur sy lewe loop. Van die lastige, murmurerende onsa-mehangende mense-massa het hy 'n volk gemaak in sy 40 jaar van leiding, voorbidding en versorging. Daarin lê vir ons die groot opvoedkundige betekenis van Moses: Hy is die opvoeder van sy volk. God het hom gestel as middelaar tussen Hom en Israel en so het Moses geword die middelaar van die Ou Testament, wat in opdrag van God aan Israel en die hele mensdom die Wet van die HERE gegee het. Moses word die groot geskiedskrywer van die Godsopenbaring. Die groot geheim van die lewe van hierdie man lê vir ons saam-gevat in die tiperende kensketsing wat die Woord van God van hom gee: "Moses die kneg van die HERE" (Ex. 14:31). Hy het naby die HERE gelewe; met geen ander mens het God gemeenskap gehou soos met Moses nie, want God het met hom gespreek soos 'n man met sy vriend spreek (34:10). Tog was Moses nie die verlosser van die sondige mensdom nie; ook hy wys gedurig op die Middelaar van die Nuwe Verbond, die Seun van God, Jesus Christus. Moses was die leidsman van die uitverkore volk, hy was die middelaar tussen die lewende maar sig verbergende God en sy lewende maar kinderlike volk; hy was die opvoeder van sy volk in en op die weg van heiligmaking.¹⁾

Kittel²⁾ som Moses se betekenis vir sy volk en vir die mensdom soos volg op: "He cleared away polytheism, demonism, and magic by amalgamating with Jahweh all godlike and spirit beings to whom the people paid homage, and opened the way for real morality by interpreting Jahweh's will as purely ethical."

1. Coetzee, J. Chr., op.cit., pp.31-32.

2. Kittel, R., Great Men and Movements in Israel, p.42.

6. MOSES AS OPVOEDER MET SPESIALE VERWYSING NA DEUTERONOMIUM

By Moses is die retoriese tegnieke ten volle ontwikkel. Wat van 'n goeie spreker verwag word, is deur Moses nagekom - sy boodskap word gerig tot die hart en die emosies van sy gehoor. Hy laat die ou tradisies weer lewe en hy gee kleur daaraan. Hy vertel dit op so 'n wyse dat hy die aandag van sy volk vang en dit behou. (Vgl. bv. die kontras in sy beskrywings van Egipte, die woestyn en Kanaän).

Verder gebruik hy ook nog die retoriese frase "voor ons oë" (6:22); "julle eie oë het gesien" (7:11) en so bring hy by die luisteraars die gevoel dat hulle self die gebeure van die Exodus ervaar het. Hierdie frase gebruik hy oor en oor om so die woorde diep te laat inslaan. Hierdie tegnieke van Moses is later deur konings, staatsmanne en wysheidsleraars met groot sukses gebruik.¹⁾

Die woord וְעַתָּה wat dwarsdeur die boek gebruik word, is 'n standaard retoriese term wat aan die boek 'n besondere didaktiese styl gee (vgl. 4:1).²⁾

Moses het geweet dat dit die laaste keer sou wees wat hy tot sy volk kon spreek, want hy sou spoedig sterwe. Ons kan dus die gesagstoon duidelik waarneem as hy sy volk vir laas onderrig. By hierdie verbondsvernuwing in die velde van Moab tree Moses op as die "saakgelastigde" van God. Hy was bewus van die belangrikheid van sy opvoedingstaak: Israel moet bewus gemaak word van die erns van die gebeure. Ondanks alles wat in die woestyn gebeur het, wil God sy verbond met Israel handhaaf.³⁾

1. Weinfeld, M., Deuteronomy and the Deuteronomic School, pp.171, 172 en 173.

2. Ibid., p.176.

3. Vonk, C., De Voorzeide Leer, Deel I c, p.475.

Wanneer twee persone oor presies dieselfde onderwerp praat, maak dit nie altyd dieselfde indruk nie, maar wanneer 'n mens spreek tot iemand wat jou vertrou en waardeer, sal dit inslaan. Sonder hierdie vertroue en waardering is onderwys nie moontlik nie.¹⁾ Moses het egter hierdie vertroue, waardering en agting van sy volk. Hier spreek hy hulle ook aan soos 'n vader sy kinders. Hy hoef homself nie te verdedig wanneer hy hierdie vermanende toon aanslaan nie, want sy hele optrede is in belang van sy volk. Met sy eerbiedwekkende ouderdom en sy rype lewenservaring dwing hy gesag af op sy volk. Moses het nie geleef vir homself nie, maar vir sy volk en dit gee hom die reg om so vermanend met sy volk te praat.

Ons sien by hom die rotsvaste oortuiging en geloof as hy oor hierdie dinge spreek. Hy glo in sy roeping. By hom is daar geen sweem van aarseling te bespeur nie - hy twyfel nie - daar is niks vaags in sy woorde nie. Hy spreek vanuit 'n muurvaste oortuiging. Hy weet hy lei sy volk op die regte pad, want God het hom hierdie dinge beveel.²⁾

Daar word soms gepraat van Deuteronomium as die boek waarin die "preke" van Moses gebundel is. 'n Mens kan dit miskien wel begryp as jy kyk na die paranetiese styl van die boek. Om misverstand te voorkom, moet daarop gelet word dat in die hele Deuteronomium vanaf hoofstuk 6 tot 26 Moses nêrens soos 'n predikant handel - "die gaat preken en vooraf zijn 'text' afleest." Dit doen Moses nie met een van die gebooe nie. Hy siteer nooit een apart nie, want hy gaan van die standpunt af uit dat die Dekaloog reeds deeglik in die geheue van Israel ingeprent was (Bv. vgl. 6:13 "Jy moet die HERE jou God vrees (Eerste Gebod) en Hom moet jy dien; (Tweede Gebod) en by sy Naam moet jy sweer" (Derde Gebod).³⁾

1. Douma, J., Mozes de Man Gods, p.177.

2. Ibid., p.180.

3. Vonk, C., op.cit., p.496.

7. DIE DIDAKTIESE INSLAG VAN DEUTERONOMIUM

Dié boek is bekend vir sy sterk didaktiese inslag. (Vgl. 4:9 - 10; 6:2, 7, 20 - 25; 11:19; 31:10 - 13). Die opvoeding is hier van sentrale belang en ten opsigte hiervan kom dit grootliks ooreen met die wysheidsliteratuur. Die wysheidsgeskrifte het 'n baie belangrike rol gespeel in die onderwyssisteme van die ou Nabye-Ooste. Die bestudering van Deuteronomium toon ook duidelik aan dat dit saamgestel is met die oog op die opvoeding. Hierdie opvoedkundige oogmerk word duidelik wanneer daar gelet word op die strafmaatreël soos wat dit op die wetsoortreder toegepas word (bv. 17:13 lui: "En die hele volk sal dit hoor en vrees en nie meer vermetel handel nie." Vgl. ook verder in die verband 13:11; 19:20; 21:21).¹⁾

Die grootste deel van hierdie boek bevat juridiese materiaal; net hier en daar is 'n bietjie historiese stof ingesprinkel. Die juridiese materiaal is egter op 'n heel besondere wyse aangebied. In breë trekke korrespondeer die inhoud daarvan met dié van die juridiese materiaal in Exodus, Numeri en gedeeltelik ook met die van Levitikus. Die aanbidding hier is egter ietwat anders. Ofskoon hier ook klem gelê word op die feit dat dit 'n openbaring is wat deur die HERE by Sinaï gegee is, bestaan die indruk tog dat ons hier te doen het met 'n weergawe van die openbaring. Met 'n tikkie menslike oordrywing daarby is dit self so gestel dat ons in die ander boeke 'n "Jahwe - tōrâ" het, terwyl ons in Deuteronomium 'n "Moses - tōrâ" het. Met die tōrâ as teks word die volk deur Moses onderrig en so kry ons 'n voortdurende paranese om gehoorsaam te wees aan die eise waartoe hierdie tōrâ of verbondsvoorwaardes oproep. Dit lei daartoe dat sekere frases telkens herhaal word (bv. 4:29; 6:5; 10:12; 11:13; 11:18; 13:4; 26:16; 30:2, 6, 10).²⁾

-
1. Weinfeld, M., op.cit., p.298.
 2. Van Zyl, A.H., op.cit., p.128.

Die vermanende gedeeltes verraaï duidelik dat Moses, waar hy vir die laaste keer sy volk wil onderrig, hulle wil oorreed in sy redevoering.

8. DEUT. 1 - 5

Vir 'n beter begrip van hoofstuk 6 is dit nodig om die ontwikkeling van die gedagtes in die voorafgaande hoofstukke kortliks saam te vat. In Moses se eerste toespraak (1:6 - 4:40) lê hy dit Israel met nadruk op die hart om getrou aan Jahweh te wees en om Hom nooit te vergeet nie. Die bedoeling is tog immers om die gegewe tōrâ te verklaar in die sin van 1:5. Tog is dit duidelik dat die eerste prediking, om miskien 'n gevaarlike term te gebruik, sterk "formeel" was - d.w.s. Moses het nog nie by die toeligting van die materiële inhoud van die ontvangde tōrâ gekom nie. Dit is so dat die eerste prediking 'n ryke materiële inhoud het, dog ten aansien van die aan die orde gestelde tema van 1:5, kan gekonstateer word dat Moses nog nie op die inhoud van die tōrâ ingegaan het nie. Sy hele preek was eintlik niks anders as 'n historiese terugblik nie. God wil Israel na Kanaän bring, maar as gevolg van die ongehoorsaamheid het daar nog niks van gekom nie. Deur Gods genade word Israel nou vir die tweede maal tot op die grens van die Heilige Land gebring. Van die volk word nou verwag om God se gebooie onverkort in hulle harte te hou. In hoofstuk 4 volg daar nou nie 'n prediking oor die gebooie soos dit op Horeb gegee was nie, maar hier gaan dit feitlik alleen oor die modus van die Horeb-teofanie: Dit was 'n verskyning in verterende majesteit, dog geen vertoning van die t ĕ m ū n a t Jahweh nie, maar alleen die hoor van sy woorde. Hierdie is die sentrale punt in hoofstuk 4 en dit is ook die a b c van alles wat Moses te sê gehad het. Dit was geen visuele openbaring nie, want dit was alleenlik ouditief.

Uit hierdie openbaringswyse maak hy dan die kragtige gevolgtrekking dat Israel se religie alleenlik dié religie moet wees wat God beveel het en dat sy volk nooit mag verval in 'n visuele diens soos by die heidene nie. Hierdie konklusie van woordreligie, geloofsgehoorsaamheid en geen beelddiens nie, is egter nog te algemeen. Oor die besonderhede wat hierdie dinge inhou, het Moses nog niks gesê nie. Hy doen dit ook nie in die slot van hoofstuk 4 nie, want hier gryp hy weer terug na die sterk paranetiese motief: Israel is die enigste volk wat hierdie openbaring ontvang het en hulle moet hulle dienooreenkomstig gedra. Nie alleen was die openbaringsmodus soos deur hulle ervaar, uniek gewees nie, maar die feit van hierdie ervaring was 'n unieke bewys van hulle uitverkiesing. Dit spreek vanself dat Israel hom in sy diens aan Jahwe moet konformeer volgens die ontvangde openbaring. Van die materiële inhoud van die openbaring het Moses nog niks gespreek nie; hy probeer alleenlik om dit by Israel te laat deurdring om uit dankbaarheid vir die genoemde feite in hoofstukke 1 tot 3 die tōrâ van Jahwe nougeset te gehoorsaam, "gezien het enige karakter ter dier openbaring, en gezien ook het privelege van het ontvangen der openbaring. Zo wou Hy met geen volken handelen" (Ps. 147).

Na die historiese berig oor die aanwysings van die drie vrystede (4:41:43) volg in 4:44 ev. Moses se tweede toespraak. Dit is duidelik dat vanaf vers 44 die materiële inhoud van die tōrâ aan die orde van die dag kom. So blyk dit ook verder, want in 4:46 - 49 word die plek van die toespraak noukeurig aangedui - dit is 'n tipiese gebruik van Deuteronomium (vgl. 1:1 en 1:3 - 5).

In hoofstuk 5 kom die eintlike inhoud van die tōrâ: Eerstens die Dekaloog en daarna die oorgang van die aan Moses gegewe וְשָׁמַעְתִּי en וְהָיָה. Die tweede toespraak word gekenmerk deur 'n sterk paranetiese inslag soos dit duidelik

blyk uit die inleiding tot die Dekaloog (5:1 - 5) en soos dit verder blyk uit die paranetiese "Erweiterungen" in die Dekaloog (vgl. bv. die vierde Gebod). Hierdie tendens is ook nog duidelik te bespeur aan die slot van die hoofstuk. Die Dekaloog word onderskei van die $\square' \eta \psi \eta$ en die $\square' \eta \eta$. Materieel blyk die verhouding tussen die Dekaloog eendersyds en die $\square' \eta \eta$ ens. aan die ander kant dié te wees van grondwet en nadere uitwerking. "En formeel wat de wijze der mededeling aangaat, is de decaloog door het volk zelf aan=gehoord, terwijl de $\square' \eta \eta$ door tussenkomst van Moses werden gegeven, omdat het volk zelf niet langer de stem van Jahwe kon verdragen." Die HERE het veel meer om aan sy volk te gee as net die Dekaloog en so moes Moses nou verder as middelaar optree. Hierdie taak het hy vir 40 jaar in die woestyn vervul en hy ag homself geroepe om dit alles nog eens weer, nie op 'n wettiese wyse nie, maar in 'n paranetiese styl vir sy volk voor te hou.¹⁾

Moses is besig om sy volk te onderrig en voor te berei vir sy taak en roeping in die Beloofde Land. Raven²⁾ som dit as volg op: "Deuteronomy is preparatory for Joshua."

-
1. Holwerda, B., Exegese Oude Testament (Deuteronomium) Deel III, pp.143-145.
 2. Raven, J.H., op.cit., p.147.

HOOFSTUK II

DEUT. 6:1 - 3.

1. DEUT. 6:1

"Dit is dan die gebod, die insettinge en die verordeninge wat die HERE julle God beveel het om te leer, sodat julle dit kan doen in die land waarheen julle oortrek om dit in besit te neem."

1.1 Inleiding

Klosterman beskou die oorgang van hoofstuk 5 na hoofstuk 6 as 'n "Wirrsal". Die opeenvolging van sinne in 5:27 en 6:4 is volgens hom "anstössig und unverständlich". Die probleem lê vir hom nie soseer daarin dat die meervoud לְכָל־אֶחָדְכֶם in 'n volkome enkelvoudsomgewing staan nie of oor die probleme in verband met $\mu\tau\alpha$ nie, want hy redeneer as volg:

- (i) "die dreimalige Wieslerholung der Wohlsein, Fruchtbarkeit und langes Leben verheissenden Formel" in 5:29 ev.; 6:1 ev.; 6:3.
- (ii) Swaarder weeg nog vir hom dat ons na 6:1 "den direkten wortlaut des göttlichen Gebots erwarten. Statt dessen folgt die Aufforderung des redenden Menschen an Israel, zu achten nicht auf ein zu tuendes Gebot (6:1 - 3) Gottes, sondern auf einen abstrakten dogmatischen Satz über 'Jahwe unsern Gott' (vers 4) den noch niemand verstanden hat," 'n "Satz" wat dan in die volgende verse uitgewerk word.

- (iii) In 5:29 word daar gepraat van die reeds bekend=gemaakte gebooie en dan lees ons egter weer in 6:1 van die insettinge wat nog bekendgemaak moet word.
- (iv) In 5:28 word Jahwe self sprekend ingevoer, maar in 6:1 is Moses die spreker, terwyl Jahwe in die derde persoon staan.¹⁾

Holwerda antwoord kortliks hierop:

- (i) Herhaling is tipies van die paranetiese styl. (Hoofstuk 4 is 'n goeie voorbeeld hiervan).
- (ii) In vers 4 is daar beslis geen teken van 'n abstrakte dogmatiese "Satz" nie. Wat die res aanbetref, word dit duidelik by die eksegesi van *לך לך*.
- (iii) Dit is die reeds bekende gebooie wat ingeskerp moet word. *לך לך* het hier in 'n mindere mate die intellektuele betekenis van die "leer" van die onbekende, want die klem val eerder op die aandrinking van die bekende. (Vgl. hoofstuk 4).
- (iv) Hierdie tipe oorgang is 'n kenmerkende verskynsel in die Bybel (vgl. die profetiese rede).²⁾ Deut. 6:1(a) mag nie beskou word as 'n nuwe titel nie en 6:1 - 3 moet dus bloot verstaan word as 'n vervolg op 5:33.³⁾

1.2 לך לך

"Dit is dan" (*לך לך*) ter vervulling van die verwagting wat


-
- 1. Klosterman, A., Der Pentateuch II, pp.201-214
 - 2. Holwerda, B., Exegese Oude Testament, Deel III, p.146.
 - 3. Von Rad, G., Deuteronomy, p.61.

deur die slot van hoofstuk 4 opgewek is. לֹאֵל en לֵא is die aanwysende voornaam wat in die reël daarop aandui wat gaan volg in onderskeiding van לֵא הֵן en לֵא הֵן wat op die voor=afgaande betrekking het.¹⁾


1.3 Die terme חֻצֹה en חֻצֹתֶיךָ in verbinding met חֻצֹה

Volgens Vonk²⁾ kan die verhouding tussen die bogenoemde terme van 6:1 wat dikwels in die boek voorkom, as volg voor=gestel word:

Hebreeus:



Afrikaans:



קֶן kom van die woord קֶן wat beteken ingegraveer op klip. Dit is 'n insetting of wet en 'n mens dink hier aan die gewoonte om die kodekse in klip te graveer, soos byvoorbeeld die Kodeks Hammoerabi.³⁾ Volgens Driver⁴⁾ is חֻצֹתֶיךָ positiewe instellings van morele-, seremoniële- of siviele aard. Hiermee kan 'n mens beslis nie saamstem nie. Welch⁵⁾ beskou dit as religieus-kultiese bepalinge. Holwerda⁶⁾ wys daarop dat daar 'n kern van waarheid in König se mening is,

1. Holwerda, B., Exegese Oude Testament, Deel III, p.146.
2. Vonk, C., op.cit., p.455.
3. Holwerda, B., Exegese Oude Testament, Deel III, p.68.
4. Driver, S.R., Critical and Exegetical Commentary on Deuteronomy, p.62.
5. Welch, A.C., Deuteronomy, the Framework to the Code, p.191.
6. Holwerda, B., Exegese Oude Testament, Deel III, p.86.

naamlik dat $\square'קן$ "bezeichnen die gleichsan in Stein oder eingegrabenen Prinzipien". By $\square'קן$ kry ons dus deurgaans die gedagte van vasgestelde, dikwels skriftelik vasgestelde voorskrifte.¹⁾

Ook kan ons nog 'n ander betekenis aan die gebruik van $קן$ heg, naamlik dat dit op 'n wyse gebruik kan word wat in ons moderne idioom op natuurwette dui. So lees ons bv. in Job 38:33 waar God Job onderrig: "Ken jy die wette ($קן$) van die hemel?" Verder lees ons ook in Jer. 5:22 "..... wat die sand gestel het as grens van die see, 'n ewige beperking ($\square'קן$) waarvoor hy nie sal gaan nie; in Ps. 148 word die son, maan, sterre, hoogste hemele en waters opgeroep om die HERE te loof en dan word vervolg: "Want Hy het bevel gegee - en hulle is geskape. En Hy het hulle in stand gehou vir altyd vir ewig; Hy het 'n wet gegee ($קן$) wat geeneen oortree nie (vs. 6 - 3).

Daar is geen twyfel dat die wette en die norme waarmee ons hier te doen het, van Goddelike oorsprong is nie. God het die absolute onveranderlike natuurwette daargestel, maar ook die norme en beginsels wat ten diepste vir die mens se lewe geld.²⁾

$\square'קן$ se stamwoord is $קן$.³⁾ Dit beteken "regsbe-
paling" of "regsnorm"⁴⁾. Vele geleerdes het aan $קן$
'n dubbele betekenis toegeken, naamlik die van "rig" en "bestuur",⁵⁾

-
1. Vonk, C., op.cit., p.455.
 2. Malan, J.H., Die grondtrekke van die Christelik-Nasionale Lewens- en Wêreldbeskouing van die Afrikaner, V.C.H.O.-Studiestuk, 2/74, pp.6, 7.
 3. Kittel, G., (Editor), Theological Dictionary of the New Testament, Volume III, p.923.
 4. Holwerda, B., Exegese Oude Testament, Deel III, p.68.
 5. Kittel, G., op.cit., Deel III, p.923.

maar die grondbetekenis bly "rig!" So is daar geleerdes wat poog om die begrip in 'n Oosterse sin te probeer ver= klaar. Dit gaan vir hulle dus nie alleen om die "oordeel wat uitgespreek word nie", maar dit sluit die totale primitiewe regsproses in: die pleit van die partye, die ondersoek, die vonnis en die voltrekking daarvan. Hierdie opvatting maak die betekenis van מִשְׁפָּטִים vaag en kompleks¹⁾. Driver²⁾ sien die woord as die voorsiening wat getref word by die beslissings van die regsinstansies. Holwerda³⁾ wys daarop dat König se stelling: "...mišpātīm sind am wahrscheinlichsten die in der Gerichtspraxis anzuwendenden Einzelbestimmungen," 'n kern van waarheid bevat. Welch⁴⁾ sien dit as wêreldse reg.

Die gebruik van מִשְׁפָּטִים en דִּקְיָה kom dikwels in die boek Deuteronomium voor. Sommige geleerdes wend geen poging aan om tussen hierdie twee terme te onderskei nie, want die grens tussen die begrippe is baie vaag.

In die LXX word die reeds genoemde terme vertaal met δικαιώματα en κρίματα. 'n Woord wat op -μα eindig, gee die resultaat van 'n handeling aan en sodoende beteken δικαίωμα die resultaat van δικαιοῦν, d.w.s. die vaslegging van 'n regstelsel - dus 'n wetboek.⁵⁾

κρίμα staan in verband met κρίνω en dit wys op die resultaat van 'n proses soos Πῦσι en so word die uitspraak rigting= gewend in soortgelyke gevalle. Die term word ook nog afgewissel met κρίσις (woorde op -σις dui die handeling aan wat deur die verbaalstam uitgedruk word).⁶⁾ Hierdie is 'n

-
1. Holwerda, B., Exegese Oude Testament, Deel III, p.68.
 2. Driver, S.R., Critical and Exegetical Commentary on Deuteronomy, p.62.
 3. Holwerda, B., Exegese Oude Testament, Deel III, p.86.
 4. Welch, A.C., op.cit., p.22.
 5. cf. Kittel, G., (Ed.) op.cit., Vol. II, p.219.
 6. cf. Kittel, G., (Ed.) Op.cit., Vol. III, pp.941 en 942.

bewys dat die tipiese van $\pi\pi\psi\pi$ nog aangevoel word. 'n Mens het hier nie te doen met 'n reeds skriftelik vasgestelde reël nie, maar met die handeling van 'n uitspraak (vgl. die uitsprake van die Hoë Raad, die wat regs vormend is vir ander gevalle).¹⁾

Baie keer soos in 6:1 kom 'n derde term, naamlik $\pi\pi\chi\pi$ nog saam met die ander twee begrippe voor. Wanneer ons die verhouding etimologies en histories probeer bepaal, moet daar eers op gewys word dat $\pi\pi$ wys op geskrewe grondwet en dat $\pi\pi\psi\pi$ primêr berus op die basis van hierdie $\pi\pi$ en dat die eenmaal gevelde beslissings of uitsprake sal lei tot 'n vaste regspraktyk. 'n Mens kan dus sê $\pi\pi$ staan tot $\pi\pi\psi\pi$ soos geskrewe wet staan tot gewoontereg, terwyl $\pi\pi$ gesien moet word as 'n konkrete voorskrif of 'n indiwiduele bepaling.²⁾ By hierdie terme moet ons nog let op die volgende twee aspekte:

- (i) Hierdie terme het 'n spesifieke religieuse bedoeling.³⁾
- (ii) Dit het geen betrekking op objektiewe norme nie, want dit is "Verhältnisbegriffe."⁴⁾

Dit is opmerklik dat $\pi\pi\chi\pi$ in die enkelvoud staan. Hieroor skryf H.M. Wiener⁵⁾ dat die vertaling van die woord as gebod nie voldoende is nie. Hy sê: "The obligation which is made to stand on you by somebody else arises from the command: that which is made to stand on you by yourself, from agreement."

-
1. Holwerda, B., Exegese O.T., Deel III, p.87.
 2. Ibid., pp.86-87; cf. ook K.B.L., pp.326-327, 556, 579-580.
 3. cf. Robinson, H.W., Inspiration and Revelation, pp.78-91.
 4. Kittel, G., (Ed.) Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament, III, p.922 et seq.
 5. Wiener, H.M., Studies in Biblical Law, p.62.

הַיְּמִי is nie maar net 'n verbod nie, maar dit is 'n gebod kragtens ooreenkoms, akkoord, mutua, conventio, agreement en dit is ook sinoniem met הַיְּמִי . Die enkelvoud is sin=ryk omdat dit nie gaan oor allerlei detail bepalinge soos by 'n politieke vergadering nie. Dit gaan hier oor 'n fundamentele verhouding, al word dit in allerlei afsonderlike voorskrifte gekonkretiseer. Die verhouding tussen mišwā eendersyds en huggīm - mišpātīm andersyds, is die van genus - species. Om dit nog beter te stel, is dit die van algemene fondament en nadere uitwerking. Dit is ten onregte om hoofstukke 12 tot 26 te sien as die kode van Deuteronomium of as die oer-Deuteronomium waarby dan later historiese stukke, paranese en liedere as die "framework" (Welch) bygevoeg is. Uit die eksegeese is dit tog duidelik dat ons eers die הַיְּמִי kry; met ander woorde die grondgedagte waardeur die hele wetgewing beheers word. Hierna volg die הַיְּמִי en הַיְּמִי as die nadere konkrete uitwerking daarvan. Die eksegeese klop met die struktuur van die boek, want in hoofstukke 6 - 11 volg eers die algemene deel en hierna kom die besondere deel in hoofstukke 12 tot 26 aan die beurt. Met die beskouing stort die hele teorie van 'n oer-Deuteronomium of dié van 'n kode en 'n "framework" in duie.¹⁾

Met hierdie genoemde beginsels wil Moses sy volk onderrig, sodat hulle weet dat hulle met Jahweh in 'n verbond staan.²⁾

"The commandments about to be given were the divinely directed law for the theocratic kingdom as it was soon to be erected in the new paradise, land of milk and honey."³⁾

-
1. Holwerda, B., Exegese Oude Testament, Deel III, p.148.
 2. Vonk, C., op.cit., p.456.
 3. Kline, M.G., Treaty of the great king. The Covenant structure of Deuteronomy, p.65.

1.4 Die Verbond

1.4.1 Die Verbondsluiting by Sinaï

Die verbondsluiting vind met 'n gepaste seremonie plaas. Onder die berg Sinaï bou Moses 'n altaar met twaalf klippe, ooreenkomstig die twaalf stamme van Israel. Sekere jong manne tree as helpers op gedurende hierdie seremonie. Die jong geslag word dus spesiaal betrek in plegtigheid. Daar word brandoffers en vredeoffers gebring. Die verbond word deur die bring van offers bekragtig.¹⁾ Twaalf jong stiere is gebruik as offerhande. 'n Deel daarvan sou dien as brandoffer om op die altaar geheel en al in vlamme op te gaan - 'n simbool van volkome toewyding. Die orige deel sou gebruik word as dankoffer en dit sou voorgesit word as offermaaltyd aan die verteenwoordigende oudstes van die volk.²⁾ Ons lees dat Moses, Aäron, Nadab, Abihu en die sewentig oudstes saam met God geëet en gedrink het. Alhoewel hulle God "gesien" het, het hulle nie gesterf nie. Hierdie is 'n tipiese Ou-Testamentiese wyse om met God gemeenskap te hê - die hoogste teken van vrede.³⁾

Moses fungeer as hoëpriester. Hy neem die bloed van die twaalf offerdiere en giet dit oor die altaar uit. Die ander helfte van die offerbloed hou hy in die offerbekers gereed. Hy lees vir die volk die Verbondsboek⁴⁾ voor en hy eis van die volk 'n antwoord of hulle alles getrou sal onderhou. Hierop antwoord die volk uit een mond: "Alles wat die HERE gespreek het, sal ons doen en daarna luister."

-
1. Ozinga, T.E.N., Schepping en Herschepping in de Vijf Boeken van Mozes, p.142.
 2. Baarslag, D.J., De Bijbelse Geschiedenis, Deel I, p.438.
 3. Ozinga, T.E.N., op.cit., p.143.
 4. Die naam Verbondsboek is afgelei van Ex. 24:7 waar Moses die boek van die verbond (סֵפֶר הַבְּרִית) geneem het om daaruit te lees. Hierdie boek is 'n samestelling van Ex. 20:22 - 23:33; vgl. Eissfeldt, O., op.cit., p.212.

Die verbond word nou gesluit - die "bloedverbond" tussen God en sy volk. Die een helfte van die bloed was reeds uitgestort op die altaar en nou sprinkel Moses die ander helfte oor sy volk uit. So word die gemeenskap verseël tussen Jahweh en Israel.¹⁾ "Het verbond van God en volk heeft deze beide 'partners' niet gesteld in een verdragsverhouding, maar in een lewensgemeenschap uitgaande van Jahwe, waarbij Israël volkomen aan Hem word gebonden, en van Hem afhankelijk werd gesteld."

Hierdie verbond sluit dus die volgende in:

- (i) "de volstrekte erkenning der ener wezenlijke gemeenschap van God en mens (volk);
- (ii) de volstrekte erkenning van God, als heilige, die Soewerein is en deze kring heeft gevorm en leidt;
- (iii) de erkenning van de regels van het verbond." So vorm die verbondsleer die beste illustrasie van die karakter van die Godsgemeenskap wat die sentrale inhoud van die Ou-Testamentiese verkondiging is.²⁾

1.4.2 Die Besnydenis as teken van die Verbond

By wyse van die besnydenis is die verbondskind in die gemeenskap van Israel opgeneem. Hy word nou opgeneem in die verbond - die kind word 'n bondeling. As gevolg van hierdie daad word hy aan God gewy deur sy ouers.³⁾ Vir Israel is die besnydenis 'n teken van die wyding aan God. Die kind moes egter ook nog innerlik aan God behoort en hier=

1. Baarslag, D.J., op.cit., Deel I, p.438.

2. Vriezen, Th. C., Hooflijnen der Theologie van het Oude Testament, p.153.

3. Noordtzijs, A., Het Boek Levitikus (Korte Verklaring der Heilige Schrift), p.131.

die voorreg het hulle eers gehad wanneer die hart besny was (10:16). Eers dān was hulle waarlik besnedenis - egte verbondskinders. Hulle moes glo en daardeur regverdig word (Rom. 4).¹⁾ In Israel se vormingsperiode het die taak van die verbondsoopvoeding primêr by die ouers gelê.

1.4.3 Kultuurhistoriese agtergrond met betrekking tot die Sinaïverbond

Verbonde en verbondsluiting was 'n kenmerk van die tyd waar= toe Israel behoort het. Sulke verbonde was nie slegs beperk tot die konings wat dit gesluit het nie, maar ook tussen hulle wedersydse opvolgers. Toe die Hetitiese koning,²⁾ Hattusilis en die Egiptiese - Farao, Ramses II, met mekaar 'n nie-aanvalsverdrag gesluit het, kom hulle oor= een dat hul respektiewelike opvolgers (seuns) in dieselfde verhouding van broederskap en vrede sou lewe.

Hierdie reël geld ook tussen die grootkoning en sy vasal. Die Hetitiese koning, Mursilis verlang nie alleen dat sy vasal Duppi - Tessub hom lojaal sal gedra teenoor hom nie, maar ook dat sy kinders en kleinkinders dienooreenkomstig sal optree. Aan die anderkant belowe Marsilis dat hy net so lojaal sal wees teenoor die seun van Duppi - Tessub as wat hy teenoor hom was.³⁾

In die antieke wêreld waartoe Israel behoort het, was verbondsbreuk iets skandelijs. Verbonde wat deur die twee partye onderling gesluit was, was so onskendbaar geag dat dit as 'n misdaad beskou is wanneer één van die partye

-
1. Grosheide, F.W., (Redakteur) Bybelse Ensiklopedie, p.76.
 2. G.E. Mendenhall wys in sy boek Law and Covenant in Israel and Ancient Near East dat dit nie te vergesog sou wees om Hetitiese materiaal met Israelitiese materiaal te vergelyk nie, want daar is sekere bewyse van kontak tussen die twee volkere. p.28.
 3. Pritchard, J.B., (Editor) Ancient Near Eastern Texts relating to the Old Testament, pp.202-203, 204.

selfs die skriftelike dokument waarop die verdrag opgeteken was beskadig of verniel het. Dit was dus nie om dowe neute dat die traktate in die afgodiese tempels bewaar is nie.¹⁾

Dit is dan ook geen wonder dat Moses in Deut. 31:24 ev. beveel het dat die geskrif in verband met die verbondsvernuwing veilig bewaar moes word teen die kant van die verbondsark. Dit mag nie beskadig word nie, want dit sou skending van die verbond beteken.²⁾

So het God ook met Israel 'n verbond by Horeb gesluit en ook Israel se nageslag daarby betrek. (Ex. 20:5,6). So het Moses toe hy na byna 40 jaar hierdie geboorte weer op Israel se hart gebind het, daarop gewys dat die toekomstige volk ook die gehoorsaamheid aan Jahweh moes leer.³⁾

Wanneer God die verbond met Israel sluit, gebruik Hy juis hierdie bekende verdragsformule - 'n verdragsformule wat by die Hebreër verstaanbaar en bekend was. Hierdie metode was dus nie alleen 'n uitstekende didaktiese beginsel om die volwasse Israeliet op te voed binne die raamwerk van die verbond nie, maar ook sou die kind die eise van die verbond makliker verstaan, want dit is deel van sy bekende kulturele milieu.

1.4.4 Die Opvoedkundige Implikasies van Verbondsvernuwing

'n Kenmerk van die ou verbonde was dat dit in die tempel bewaar was en dan periodiek in die openbaar voorgelees moes word. Dit was nie alleen die vasal-koning wat deur die verbond verbind was nie, maar ook die hele staat. Die

1. Vonk, C., op.cit., p.457.

2. Ibid., p.457.

3. Ibid., p.501. (Volgens C. Vonk moes die antieke verbonde 'n invloed gehad het op die Sinaï verbond).

periodieke voorlees van die verbond het 'n dubbele doel gedien: eerstens om die hele bevolking te onderrig in hulle verpligtinge teenoor die grootkoning en tweedens om die lojaliteit en die respek van die vasalkoning te versterk deur sy hartlike en intieme verhouding met die magtige grootkoning te beskrywe.¹⁾

Hierdie didaktiese trek is ook te bespeur in die Boek Deuteronomium as die "Boek van die Verbond"²⁾ waar die ou verdragsmodelle se opvoedkundige trekke nagevolg word. Volgens Weinfeld³⁾ is dit moeilik om die oorsprong van die bepaalde opvoedkundige motief te bepaal, want daar kan nooit met sekerheid vasgestel word of dit spruit uit die verbond of uit die wysheid (hōkmāh) nie. "It is even possible that the treaties themselves employed wisdom or school imagery." Ons moet die beïnvloeding van beide kante in aanmerking neem, tog is dit duidelik dat die wysheidsinvloed baie groter was. Dit blyk dus dat die skrywer van Deuteronomium, om Israel se lojaliteit te versterk vir die verbond, ook op die wysheidssfeer gesteun het en nie alleen van die verbondstipologie gebruik gemaak het nie. Dat die periodieke voorlees van die verbond praktyk was, word duidelik in Deuteronomium geformuleer tydens die verbondsvernuwing met die tweede geslag. As die susereine verbonde hernu is, is daar nuwe dokumente voorberei en so is die bepalinge weer op datum gebring. Deuteronomium is so 'n verbondsvernuwingsdokument. Die dokument wat Moses nou voorgelees het, was 'n aanvulling (modernisering) van die vroeëre wetgewing (vgl. die "nuwe" benadering van die Dekaloog in 5:6-21).

1. Mendenhall, G.E., Covenant Forms in Israelite Traditions, (Article in The Biblical Archaeologist Reader, Vol. III, p.35.
2. Vonk, C., op.cit., p.457. (Wat die verdragsbepalinge van Deut. 6:1-25:16 en die Verbondsboek (Ex.20:22-23:33) se inhoud aanbetref, is die twee gedeeltes volkome gelyk met inagneming van kleiner verskille soos bv. die vrystede, die Sabbatsjaar en die volgorde van die Dekaloog. Moses tipeer die inhoud van die Skrifgedeeltes met dieselfde drie woorde).
3. Weinfeld, M., op.cit., p.298.

Hierdie dokument wat voorgelees is, is nie die twee klip= tafels van die wet nie, maar die "boek van die wet" wat later langs die ark bewaar is.¹⁾

Die doel van hierdie afskrif was 'n dokumentêre getuie - 'n getuie vir en teen Israel om hulle te herinner aan die verbondsbepalings - die heil wat hulle deel sal wees as hulle die bepaling nougeset sal nakom en die oordeel wat hulle oor hulleself sal bring as hulle dit sou verbreek. So word hierdie boek 'n magtige opvoedkundige dokument.²⁾

"The secular treaties and biblical covenant share a perspective of family solidarity reflected in numerous references to the sons and the grandsons of the vassal. In the political treaties sworn commitment is in the terms: "we our sons, and our grandsons; and agreeably both curses and blessings are pronounced unto children's children." (Vgl. Ex. 20:5 b: "...wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en die vierde geslag van die wat My haat.")³⁾

Met die verbondsvernuwingsseremonies word die nuwe geslag formeel verbind aan die verbond. Dit sou 'n groot fout wees om te aanvaar dat nadat die ou geslag uitgesterf het, die jong geslag nie meer onder die verpligtinge van die verbond staan nie. God sluit met die kinders ook die verbond⁴⁾ (vgl. die besnydenis as verbondsteken), daarom moet die kind dienooreenkomstig opgevoed word.

1.4.5 Gods Verbondseise

Gods uitverkiesing van en verbondsluiting met Israel beteken

-
1. Kline M.G., op.cit., p.20; cf. Mc Carthy, D.J., Old Testament Covenant, p.7.
 2. Ibid., p.21.
 3. Ibid., p.21.
 4. Mendenhall, G.E., Covenant Forms in Israelite Traditions, p.42.

vir Israel 'n roeping en 'n taak. Die uitverkiesing is vir diens. Wanneer God Israel uitverkies en bevry, roep Hy sy volk op tot diens. Die God van daad vra ook dat die mens moet antwoord in daad. Daar is 'n onlosmaaklike verband tussen God se daad en sy eis, tussen sy openbaring en sy gebod. Die eerste gaan die laaste vooraf en die tweede volg uit die eerste. Op grond van God se handeling uit die geskiedenis stel Hy sy eis: "Jy mag" en "Jy mag nie". Die verhouding tussen Jahweh en Israel is nie tot 'n enkele episode beperk nie. Die verbondsverhouding geld voortdurend. Israel is nie klaar met Jahweh nie, omdat Hy nie klaar is met Israel nie. God handel nie maar net alleen en Israel ontvang nie maar net alleen nie; ook die volk moet handel en "gee". Die handel bestaan uit die luister na Gods gebooie en die onderhouding daarvan. Die O.T. laat daar geen twyfel oor die feit bestaan dat Israel se handeling en sy lewe voor Gods aangesig alléén moontlik gemaak is omdat God dié God van die daad is. Wat die kind moet doen in sy verhouding tot God, geld alleen as die antwoord op wat God vir hom gedoen het.

Die persoonlike kontak bring mee dat God spreek en sy eis stel. God spreek die mens aan en lê sy gebooie op. Hy is immers die יהוה, die Heer, die gebieder. 'n Heer mag gebied en van sy knegte gehoorsaamheid verwag. Hulle moet slegs sy bevele uitvoer en nie volgens hulle eie wil handel nie. God is die koning, die יהוה van sy volk en as sodanig het Hy die reg om te vra dat almal wat Hom volg, hulleself moet onderwerp aan sy leiding, in Hom moet glo en sy aanwysings gehoorsaam. God verlos Israel nie uit Egipte om hulle dan te los sodat hulle kan doen wat hulle wil nie. God bly handel in die geskiedenis en Hy verlang dat Israel se lewensstyl sal bly beantwoord aan sy wil en doel. Israel behoort aan God; dit is sy eiendom en onvervreembare besit.

Jahwe se aktiwiteit is nie net beperk tot die uitwendige lewe van sy volk nie; Hy skep nie net slegs die voorwaarde vir lewe en vrede, veiligheid en rus nie. Jahwe is nie uitsluitlik 'n garant (borg) vir Israel se veiligheid of selfs sy grootheid nie. Die hele lewe van die volk met al sy fasette: die persoonlike-, die sosiale-, die nasionale-, die kultiese- en die religieuse lewe moet 'n getuienis wees van Jahwe se mag en heerlikheid.¹⁾ As die O.T. die vraag wie God is en hoe Hy Homself laat ken, wil beantwoord, stel dit ook onmiddellik dié vraag oor die volk van Jahwe wat Hom leer ken het in sy openbaring. Anders gestel: Die vraag na God word tegelykertyd die vraag na die mens in sy totale verhouding tot God. Die hele lewe van die mens is immers betrek op God - geen enkele lewensfeer val daarbuite nie. Die O.T. het die hele wet in al sy variasies as die wil van Jahwe beskou en laat geen ruimte oop vir die mens om God te ken, terwyl hy sy lewe inrig na sy eie vrye sin en smaak nie. Daar is 'n voortdurende binding; altyd moet die mens die juk van die gebooie dra en dit moet hy doen met vreugde, ootmoed en dankbaarheid. (Vgl. Ps. 119; Ps. 19; Ps. 25).²⁾

Israel is 'n "heilige volk", afgesonder van die ander volke, maar tog is dit ook so dat Israel nog leef in hierdie wêreld met al sy probleme. Israel moet egter anders wees as die ander volke soos wat sy God anders is as die ander gode. Hulle moet Hom navolg in hulle lewe, wandel op Gods aangegewe weg, doen wat Hy vra, trou wees soos Hy trou is, liefhê soos Hy liefde skenk en geregtigheid betoon soos Hy geregtigheid handhaaf.

Hierdie eise van Jahwe is gerig tot die volk én tot die enkeling en dit sluit in:

1. De Groot, J. en Hulst, A.R., Macht en Wil, De Verkondiging van het Oude Testament aangaande God, pp.263-264; cf. Hart, H., "Cultus and Covenant" in Will all the King's Men, pp.35-38.
2. Ibid., p.264.

- a. In God glo.¹⁾
- b. Die vrese van die HERE.²⁾
- c. God gehoorsaam.³⁾
- d. Kultus as Gods gebod.⁴⁾

1.4.6 Die Opvoedkundige implikasies van die Verbondswet

Met Gods wil hang die wet ten nouste saam, want in sy wet kom sy wil tot openbaring. Hy wil nie net Homself nie, maar ook sy skepsels. En as Hy sy skepsels wil, dan wil Hy nie net hul bestaan nie, maar ook die besondere wyse van hulle bestaan, te wete 'n ordelike bestaan. Met ander woorde: Hy wil hul bestaan op die wyse van die wet. Agter Gods wet staan dus sy wil en agter sy wil sy wese waarmee sy wil ooreenstem. S6 en nie anders nie, wil God dat die mens sal handel omdat die mens in die wet dus nie met 'n idee of stelsel nie, maar met 'n persoonlike God en sy wil te doene het. Hy hoor in die wet Gods wil en daarom ge - hoor - saam die verbondskind.⁵⁾

Die wet is God se bevel aan die mens tot 'n ordelike bestaan en voortbestaan. Dat die mens bestaan en dat hy sal voortbestaan, hang dus af van die vraag of hy hom gaan hou aan die orde wat God nie net vir sy eie bestaan nie, maar ook vir die bestaan van die ganse geskape werklikheid daargestel het. Hierdie bestaansorde beteken allereers dat God altyd en onder alle omstandighede God sal moet bly; dat die mens altyd en onder alle omstandighede mens sal moet bly, en dat die skepping altyd skepping sal moet bly in die optrede. So wou God van die begin af, en s6 moet dit bly. Wie hieraan probeer verander vergryp hom aan God se orde en doen sonde. Die waarborg vir die

-
- 1. Infra, pp.166-167.
 - 2. Infra, pp.138-144.
 - 3. Infra, pp.46-49.
 - 4. Infra, 181 et seq.
 - 5. Heyns, J.A., Die Nuwe Mens Onderweg, p.107.

bewaring van hierdie orde word vir ons in die wet gegee en die beskrywing van die wyse waarop die mens geroep is om hierdie orde te bewaar.¹⁾

Die Mosaïese wet is die leermeester vir Israel tot die gehoorsaamheid en die geregtigheid. Die opvoedende karakter van die wet blyk in die eerste plek uit die omstandighede dat dit veral drie dinge vooropstel wat tot die besef van die kind gebring moet word voordat hy vir die verkeer met die Vader geskik sal wees: die gesag, die heiligheid en die reg van die Vader.²⁾

Ten eerste moet die kind weet dat hy gebonde is aan die wil van die Vader. God tree in Israel voor alles as die Heer op. Die Vader laat so uitdruklik moontlik die kind beseef dat sy gesag oor alles uitgestrek is. Die hele lewe van die Israeliet word deur die wet gereël. Die wet lê nie net sekere beginsels neer nie, maar dit geld ook vir alle besonderhede van die lewe. Die karakter van Israel se godsdiens en vroomheid is voor alles dié van absolute gehoorsaamheid en dus die erkenning van die onderwerping aan die gesag van die Vader. Vir die opvoeding van die mens is daar geen belangriker vereiste as gehoorsaamheid nie - dit leer die wet duidelik.

Tweedens moet die kind leer dat hy heeltemal anders as vreemdes voor God moet lewe. God stel Hom as die Heilige aan die kind voor en eis van hom dat hy heilig moet wees soos Hy heilig is (Lev. 11:44). Daardeur wil God by sy kind die besef wek dat hy geroepe is om heilig te lewe. Die eis: "wees heilig want EK is heilig", spreek die kind toe uit die hele wet.

1. Ibid., p.114.

2. Coetzee, J. Chr., op.cit., p.32.

Derdens moet die kind beseft hoe baie hy aan God verskuldig en te danke is. God wys baie nadruklik sy kind Israel, na Sy reg op gehoorsaamheid.¹⁾ Die Vader het die reg om Sy gesag te handhaaf. Daar is geen kragtiger prikkel tot heiligheid en gehoorsaamheid nie as die beseft dat die Vader die absolute reg daartoe besit nie. Naas die eis van gehoorsaamheid en heiligheid is daar geen belangriker opvoedende eis as dié van die reg van die Vader nie. Die opvoedende karakter van die wet lê dan juis in die drie allerbeslissende eise: gesag, heiligheid en reg van die Vader en die gehoorsaamheid, heiligheid en godsvrug van die kind.²⁾

Die wet hou altyd rekening met die feit dat die volk van die HERE maar 'n onselfstandige kind is. Verder hou die wet rekening met die vatbaarheid van die kind. Dit begryp dat die kind aanskoulike onderwys nodig het: deur figuurlike handelinge eie aan die sfeer van die kind en ontleen uit sy wêreldse omgewing, lei die wet hom op tot die beseft van die geestelike dinge. Die wet rig hom tot die bekende om so tot die onbekende te kom. In die derde plek adem die wet ook 'n gees van toegewendheid; daarin hou dit rekening met die vleeslike sin van die kind. Ter voorkoming van iets ergers, laat dit sekere dinge toe (Matt. 19:8) en gee dit, ook in die godsdienstige handelinge, sekere speelruimte aan die natuurlike (Deut. 14:26). Niemand stel tog aan die kind die lewenswyse van die volwasse man as wet nie: die kind moet en minder en meer vryheid as die man hê. Ten slotte openbaar die wet sy opvoedende strekking ook in sy beloftes en bedreiginge: dit kondig 'n loon aan vir gehoorsaamheid en 'n straf vir die ongehoorsaamheid.³⁾

Die wet hou rekening met die bestemming van die kind, naamlik as erfgenaam van die Vader. Die Wet bedoel in die eerste

1. Cf. Infra, pp.46-49.

2. Coetzee, J. Chr., op.cit., pp.32-33.

3. Ibid., p.33.

plek om te verhoed dat die kind in die kneg sal ondergaan. Die wet van die HERE dra nie die uiterlike en wêreldlike karakter van die kerklike of burgerlike wet nie; dit is 'n wet van die huis: van die Vader teenoor die kind. Dit raak nie alleenlik die sondige daad nie, maar ook die sondige hart en gedagte. Die wet is verder die gebod van die liefde tot God en die naaste. Dit dring dus tot in die hart van die kind deur; dit is nie 'n wet van vlees nie, maar die wet van die Gees soos saamgevat deur Christus, in die Bergpredikasie. Die Vader sorg ook dat die kind nie onder die tugmeester beswyk nie: Vir elke sonde, mits dit geen veragting van die heilige adem nie, is daar weer versoening in die bloed van die offerhande. In die wet self word die skuldige maar berouvolle kind die weg tot die versoening aangewys. In die vierde plek bring die wet nie die volk net tot die hemelse dinge nie, maar tot die geheiligde sake van die aardse natuur wat die hemelse dinge self afbeeld. Die wet is geen einddoel nie, maar 'n middel van oorgang van kind wees tot volwassenheid. Die bestemming van die wet is Jesus Christus, die Vervuller van die wet: die kind word die erfgenaam deur die Seun self. Die wet spreek die kind Israel, binne die gebied van die aardse lewe aan, want die geheiligde terrein waartoe hy gebring word, behoort tot die gebied van die aardse, sigbare lewe. Omdat hy nog kind is, iemand tot wie se sintuie gesprek moet word, word hy deur die wet geplaas voor empirieswaarneembare dinge.¹⁾ Die kind moet vanuit hierdie bekende (die ervaarbare en sigbare) na die onbekende (die onsigbare God wat hulle uit Egipte uitgelei het) gelei word.

Die wet van die HERE soos dit deur Moses uiteengesit is in Deuteronomium, is vir die kind 'n volmaakte leermeester.²⁾

1. Ibid., p.33.

2. A. Kuyper skryf in E Voto Dordracens, Deel III die volgende oor die wet: "Die zijn ons kompas op de vaart des lewens. Daar in bezitten wij het zoo onmisbare ééne vaste punt." p.494.

In Gal. 3:24 sê Paulus dat die wet die tugmeester (Παιδαγωγός) na Christus is. Die wet oortuig die mens van sonde en dryf hom na Christus uit. Die wet leer wat God wil, en nou is dit sonde om te wil wat God nie wil nie. Die wet wys heen na 'n werklikheid wat vir die mens verbode is, en die begeerte en daad - werklike greep van die mens na daardie werklikheid, word as sonde aangewys. Daarom moet die wet altyd weer geleer en verkondig word, sodat dit in die harte van mense, soos Luther graag gesê het, kan kom tot 'n "desperatio fiducialis," 'n gelowige vertwyfeling - die wanhoop aan die self, wat die vrug is van en tewens ook die voorwaarde vir die geloof.¹⁾ Calvyn²⁾ sê: "So is die wet soos 'n spieël, waarin ons ons onmag sien en hieruit ook ons ongeregtigheid leer ken en uit beide ons vervloeking aanskou." Die diepste sonde=kennis word egter nie bygebring deur Sinaï nie, maar deur die boodskap van Golgota: die offer van die liefde. Ons sal hier goed moet begryp: dit is sekerlik nie die wet wat die tugmeester na Christus is nie, maar dit is God wat deur die wet in die hart van die mens inwerk om hom van sonde te oortuig. Die mens word nie (voor God) deur die wet as sodanig skuldig verklaar nie - asof die wet 'n selfstandige, los van God werkende faktor is nie, maar hy word deur God voor Hom beskuldig van sy oortredinge. Die wet is dodelik, omdat dit 'n roede in Gods hand is. Daarby gaan dit altyd om die deur Christus vervulde wet - en dié wet het die sonde-onttrekkende werking; nie die leë wet nie.³⁾

1.5 ἡγία

Die woord ἡγία wys op die vasstelling van die grondverhouding; dit wil sê op die instelling van die verbond. Verder wys dit ook op die voorskrywe van die verpligtinge in

-
1. Heyns, J.A., op.cit., pp.93-94.
 2. Calvyn, J., Die Institusie, Deel I, p.372.
 3. Heyns, J.A., op.cit., p.94.

besonderhede binne hierdie raamwerk.¹⁾

1.6 למך

Die pedagogiese trek wat kenmerkend is van hierdie boek, is duidelik waarneembaar in sy didaktiese woordeskat. So kom die woord למך ("leer") nêrens anders in die Pentateug voor as net in Deuteronomium nie. Die konnotasie van hierdie woord is sinoniem met die werkwoord יָדַע ("dissipline"). (Vgl. לֹמַד לֹא יָדָע in Jer. 31:17). Die oorspronklike werkwoord למך beteken dus werklik "om te dissiplineer". Deuteronomium vra egter nie net vaderlike dissipline nie, maar ook geestelike dissipline. Wanneer die boek hier die term gebruik, sluit dit die hele volk in (8:5; 11:2).²⁾ Hierdie parallelisme by die stamme יָדַע en למך is moontlik die prototipes van die Egiptiese stam wat "leer, onderrig en dissiplineer" beteken. Die Egiptiese stam het dan veral 'n spesiale verband met fisiese geweld waarby lyfstraf betrek is.³⁾ Die term למך word ook gebruik wanneer diere geleer word om byvoorbeeld te dors of om in die juk te trek (vgl. Hos. 10:11). Verder word die term uitgebrei om begrippe soos "gewoond te maak/te word" en "op te lei" uit te druk (vgl. Jer. 2:24 יָדַע לֵמַד "gewend aan die woestyn"). Dit is interessant om daarop te let dat ons die stam למך ook in die Ugarities vind met die betekenis van "leer/onderrig." In Akkadies kry ons die stam למך wat "leer" beteken. In die p i C e l beteken die werkwoord "om te leer".⁴⁾

Dit gaan nie hier om die leer van die onbekende nie, maar om die aandring, om die wet prakties toe te pas. Moses

1. Holwerda, B., Exegese Oude Testament, Deel III, p.148; K.B.L. vertaal: "Aftrag geben" of "befehlen," p.797.
2. Weinfeld, M., op.cit., p.303.
3. Kaster, J., "Education, O.T." in Butterick, G.A., (Editor) The Interpreters Dictionary of the Bible, Vol. E-J, p.33.
4. Ibid., p.31; K.B.L., p.438.

het by Sinaï alreeds die gebooie bekend gemaak; tog bly dit nog sy taak om die wet op die harte van Israel te bind en om op die onderhouding daarvan aan te dring.¹⁾

Die eienaardige van die לחל pi^cel is dat dit veral betrekking het op die "Willenskundgebungen Gottes". Dit word nie net gerig tot die verstand nie, maar ook tot die wil, dit wil sê die ganse mens. Moses appelleer hier dus op die wil van Israel, sodat hulle die gegewe gebooie in die praktyk moet toepas.²⁾ Die woord διδασκαλεῖν soos vertaal in die LXX, eis die totale mens op en nie net sekere aspekte van hom nie.³⁾

1.7 לעשות

לעשות dui aan dat dit hier gaan om die praktiese onderwys en nie om die teoretiese insig nie. Die praktyk van die religie word deur die woord benadruk.

1.8 בארץ

In Moses se eerste prediking is daar herhaaldelik gewys op die verband tussen die besit van die land en die onderhouding van die gebooie. Hier gee hy weer die opdrag tot die onderhouding van die gebooie wat so nou verbonde is aan Gods genade, want God gee aan die volk 'n land.⁴⁾

1.9 יהוה אלהים

God is weer dié God soos Hy Homself verbind het by Horeb en wat dwarsdeur die geskiedenis hierdie besondere verhouding openbaar.⁵⁾

1. Holwerda, B., Exegese Oude Testament, Deel III, p.99.

2. Ibid., p.87.

3. Kittel, G., (Ed.) op.cit., Vol. III, p.137.

4. Holwerda, B., Exegese Oude Testament, Deel III, p.148.

5. Ibid., p.148.

2. DEUT. 6:2

"dat jy die HERE jou God kan vrees om al sy insettinge en sy gebooie wat ek jou beveel, te hou - jy en jou kind en jou kindskind al die dae van jou lewe; en dat jou dae verleng kan word."

In hierdie vers kry ons duidelik 'n eis en 'n belofte - die twee dele waaruit alle verbonde bestaan.¹⁾

2.1 לִמְעַן תִּירָא en לְשׂוּמְרָא

Dit blyk duidelik uit die woorde לִמְעַן תִּירָא dat dit hier gaan om 'n blywende religieuse grondinstelling. Die term is eintlik die belangrikste term vir "religie" in die Ou Testament.²⁾ Om God te "vrees" impliseer beslis nie 'n slaafse angs vir God nie. Angs is tog nie met liefde verenigbaar nie (vgl. vers 5 en I Joh. 4:18). Ook word hiermee nie 'n vae godsdienst bedoel wat kant nog wal raak nie, maar wel die ware godsvrug en dus ook die onderhouding van Gods gebooie. Ons dink hier aan die woorde van ons Saligmaker as Hy sy dissipels onderrig: "As julle My liefhet, bewaar my gebooie". (Joh. 14:15). Die vrees van die HERE word dan geopenbaar in die onderhouding van die gebooie.³⁾ Hierdie godsvrug wat Moses by sy volk wil opwerk, bestaan dan konkreet in die volbringings (die inf. konstruksie לְשׂוּמְרָא hier is weer die omskrywing van 'n gerundium op - ndo) van die חֻקֵּי en die מִצְוֹת wat hier in die meervoud staan vir die afsonderlike verbondsopdragte.⁴⁾ Die doel en die scopus van Moses se onderrig is dus om die gees van die ware godsdienst en die diensvolle gehoorsaamheid aan יְהוָה tuis te bring by sy volk.⁵⁾ (Vir verdere gegewens oor לִמְעַן תִּירָא sien 6:13).

1. Vonk, C., op.cit., p.456.

2. Holwerda, B., Exegese Oude Testament, Deel III, p.148.

3. Vonk, C., op.cit., pp.495-496.

4. Holwerda, B., Exegese Oude Testament, Deel III, p.148.

5. Driver, S.R., A Critical and Exegetical Commentary on Deuteronomy, p.89.

2.2 אשר אנכי מצוך

Moses is hier immers anders as by die dekalog, toe hy die tussenskakel was, deur wie hierdie woorde verneem is. Die subjek van die religie word hier genoem en dit word benadruk met: "jy en jou kind en jou kleinkind." Die bedoeling is dat hierdie religie by Israel sal bly ook by die opkomende geslagte.¹⁾ Deur die onderwys word die eenmalige gebeure by Horeb 'n mag in die geskiedenis wat die eeue beheers.²⁾

(Vgl. Ps. 78.)

2.3 כל ימי חייך

As gevolg van die reeds genoemde, moes hulle dit ook aan die kinders leer en dit ononderbroke doen, sonder periodes van afval. Daar is geen moment en geen plek waar Israel nie onder die heerskappy van Gods gebooe staan nie.³⁾

2.4 יארכון ימיו ולמען en

Die tweede למען het dieselfde betekenis as die eerste, naamlik dat God se opdrag aan Moses 'n dubbele doel het: dat die vrees van die HERE tot sy eer moes strek en onlosmaaklik hieraan verbonde, is die feit dat die volk daarin geseën sou word. Die woorde יארכון ימיו kan beskou word as 'n monument van Gods seën (vgl. Ex. 20:12). Die h i f c i l is hier onoorganklik en dit het die betekenis van "lank word." Die toevoeging van 'n land soos in 4:26 ontbreek. Dit is foutief om te beweer dat daar vir die Israeliet geen hoër geluk was as 'n lang lewe nie, want die Israelitiese lewensbegrip was veel ryker as om net asem te haal. Die boek Deuteronomium bewys tog duidelik dat die grootste ideaal was om Jahweh te dien.⁴⁾

1. Holwerda, B., Exegese Oude Testament, Deel III, p.148.

2. Ibid., p.96.

3. Ibid., pp.148-149.

4. Ibid., p.149.

Tereg wys Driver¹⁾ daarop dat hierdie boek alles behalwe 'n strak juridiese wetboek is. Hy skrywe: "Nowhere else in the Old Testament do we breathe such an atmosphere of generous devotion to God, and of large - hearted benevolence towards man; and nowhere else is it shown with the same fulness of detail how these principles may be to permeate the entire life of the community."

'n Mens kan beslis nie saam met Butterweiser²⁾ stem nie, omdat hy in sy konklusie die genoemde terme, wat gebooie beteken, nie binne die raamwerk van 'n morele wet wil plaas nie. Vir hom gaan die begrippe slegs deur as 'n kode. Dit is tog klinkklaar dat dit nie gaan om 'n kode nie, maar om 'n blywende religieuse lewensbeskouing en die seën wat daaraan verbonde is.

3. DEUT. 6:3

"Hoor dan Israel, en onderhou dit sorgvuldig, dat dit met jou goed kan gaan en dat julle baie kan vermenigvuldig soos die HERE, die God van jou vaders, jou beloof het, 'n land wat oorloop van melk en heuning."

In die vers preek Moses alreeds die Bergpredikasie volgens die lig wat hy in daardie antieke tyd gehad het. (Vgl. "Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word" (Matt. 6:33) met "Hoor dan, Israel, en onderhou dit sorgvuldig, dat dit met jou goed kan gaan en dat julle baie kan vermenigvuldig.")³⁾

3.1 וְשִׁמְרָתָא יִשְׂרָאֵל

וְשִׁמְרָתָא is 'n perf. konstruksie met die betekenis van 'n konkluderende imperatief.

-
1. Driver, S.R., An Introduction to the Literature of the Old Testament, p.79.
 2. Butterweiser, M., The Psalms, p.853.
 3. Parker, J., The People's Bible, Vol, IV, pp.137-138.

וּלְשׁוֹ het net soos in 4:1 die dieper betekenis van luister na. Met שְׁמִי' word die volk aangespreek as 'n heilige gemeenskap, gefundeerd in sy verkiesing en geroepe tot diens.¹⁾ Moses weet dat Israel die land sal binnegaan. Hierdie land kan hulle alleen besit in geloofsgehoorsaamheid. Tot hierdie gehoorsaamheid gaan hy nou sy volk motiveer.²⁾

3.1.1 Gehoorsaamheid aan God

Om God te dien beteken om God gehoorsaam te wees. Telkens in die O.T. soos in 6:3 word die volk en daarin ook die enkeling, opgeroep om te "hoor" - te luister na God. "Hoor, Israel" - die volk word saamgeroep om te luister na die gebooe en insettinge van Jahweh. Die luister (hoor) moet tot gehoorsaamheid lei. As die volk God se eis verneem, is daarmee 'n verantwoordelikheid gegee. Met hierdie eis moet iets gedoen word en dit is om te gehoorsaam. Die verbondsverhouding tussen Jahweh en Israel asook Gods uitverkiesing van Israel, impliseer dat die volk hulle gewillig moet onderwerp aan Jahweh deur sy eise te aanvaar en sy gebooe te onderhou. Die weg met God is die weg van gehoorsaamheid.³⁾

Hierdie weg is nie 'n maklike weg nie. In die O.T. bring die gehoorsaamheid aan die HERE soms geweldige spanning mee in die lewe van mense. God eis veel van die mens en soms self skynbaar die onmoontlike (vgl. die lewens van Abraham en Jeremia). 'n Neutrale houding teenoor God se eis is nie moontlik nie en 'n afwagtende houding is nie geoorloof nie. 'n Kind mag nie eers van geval tot geval die voor- en nadele afweeg en daarna beslis of hy gehoorsaam sal wees of nie.

-
1. Holwerda, B., Exegese Oude Testament, Deel III, p.149.
 2. Vonk, C., op.cit., p.496.
 3. De Groot, J. en Hulst, A.R., op.cit., p.279.

Die kind moet weet dat selfs wegvlug van God af nie sal help nie, want Hy kan elkeen wat Hy tot 'n bepaalde taak wil roep, daartoe bring om dit te vervul (vgl. Jona se wegvlug en Moses se besware). By voorbaat is elke verset teen die konkrete eise van Jahweh tot mislukking gedoem. Nooit laat die Ou Testament die gehoorsaamheid van die mens van homself afhang nie; as hy eenmaal gekies het om God te dien, vloei hieruit verreikende gevolge. Die gehoorsaamheid wat God vra, is 'n gehoorsaamheid sonder enige reserwe en sonder enige be=
swaar.¹⁾

Ook in sy eise is God die Heilige die Absolute. Hy is nie soos die mens wat wik en weeg nie. In sy eise is Hy nie willekeurig, hardvogtig of onredelik nie. Hy verbind Hom in 'n verhouding tot Israel en in Israel ook tot die enkele mens. God is die Heer oor sy eis wat Hy stel en oor sy gebod wat Hy oplê.

Deuteronomium is die boek van die wet, van die gebooie. Die religie van die Ou Testament is nie verkeerd as dit getipeer word as "Religion des Willens und des Gehorsams" nie; Jahweh is die God wat sy wil bekend maak en dit aan sy volk oplê in die gebooie. God is eerste - Hy het sy volk verlos en uit Egipte uitgelei en hulle daarna met sorg omring. Hy het die "woorde" en die gebooie vir die lewe van die volk as geheel en vir elke mens afsonderlik gegee, al is dit dan ook deur bemiddeling van mense gesprek en van geslag tot geslag geopenbaar in die kultus in die onderwysing van ouers, priesters en andere.²⁾

Die wet van God geld onvoorwaardelik en die absoluutheid daarvan is duidelik in die formulering: "jy moet" en "jy mag nie". Die verbinding tussen God en die kind berus op Gods uitverkiesing. Die vervulling van die wet skep nie

-
1. Ibid., p.279.
 2. Ibid., pp.279-280.

die verbinding nie; dit veronderstel dit. Die wet het as doel om die binding van die volk en die enkeling aan Jahweh te bestendig. Die gehoorsaamheid van die kind is die gevolg van die uiting van hierdie verhouding in die realiteit van die lewe. Die gebooie hou nie slegs aanwysings in ten opsigte van die vraag hoe die mens sy lewe moet inrig met God nie, maar dit bevat ook die verbiedings wat die verhouding met Jahweh in gevaar kan stel, of selfs kan verbreek. God laat nooit die kind in 'n neutrale sone nie. Gods gebooie bestaan nie net uit die heilige reg (die lewe wat met God in 'n meer direkte verband staan nie,) maar dit strek hom ook uit tot die wêreldlike reg wat die mens se lewe onderling in byvoorbeeld die gesin, maatskappy of die staat beheers. Nog die religie, nog die etiek is outonoom. God se gebooie het totalitêre betekenis.¹⁾

Israel was 'n volk soos ander volke en het bestaan uit mense wat in hulle samelewing dieselfde of soortgelyke verhoudings en probleme geken het as die ander mense elders. Jahweh duld in Israel geen ander God naas Hom nie, wat ook insluit dat vir Israel geen voorskrif óf gebod óf wet mag bestaan wat God nie gegee het nie. Die hele lewe kom die HERE toe en dit moet geheilig wees. Alle reg berus op sy wils=openbaring en dit word dus met die grootste nadruk op Hom betrek. Alle verpligtinge van die mens, ook die wat voortvloei uit die natuurlike verbondenheid met andere, moet gesien word as verpligtinge teenoor Jahweh; alle handeling op grond van 'n derglike samehorigheidsbesef, beteken gehoorsaamheid aan Jahweh. So word dan elke gebod en voorskrif van Jahweh afgelei - verordeninge en reëls afkomstig uit verskillende tydperke en sferes vorm één geheel en op 'n bepaalde tyd in Israel se geskiedenis word dit verwag om dit in gehoorsaamheid na te volg.²⁾

1. Ibid., p.280.

2. Ibid., p.280, 281 en 282.

Die gehoorsaamheid aan Gods eis is geen swaar juk nie. God is geen hardvotige tiran nie, maar 'n God van trou en liefde wat aan sy volk die wet gee. In die gehoorsaamheid gee die mens sy vertroue en sekerheid te kenne en in die gehoorsaamheid uit hy sy dankbaarheid vir die verlossing wat God aan sy volk geskenk het. Wetsbetragting sal dus vir die kind wat in hierdie dinge onderrig is, 'n lus wees en nooit 'n las nie. In die Ou Testament veronderstel die wet heel duidelik die "Evangelie", die aanhef van Ex. 20 kan op hierdie punt nie misverstaan word nie. Sommige Psalms soos byvoorbeeld 1, 19, 25 en 119 kan slegs verstaan word teen die agtergrond van hierdie heilige blydskap oor die feit dat God nie sy volk in die duisternis gelaat het omtrent die weg wat hul moet gaan nie. In Ps. 119:92 sing die Psalmis dat God se wet sy lus is. In sy wet hou God sy volk vas en lei hulle op die pad van geregtigheid. Sal gehoorsame onderwerping dan nie 'n vreugdevolle bedryf wees nie?¹⁾

Israel se seëninge in die land sal - net soos Adam se genietinge in die oorspronklike paradys - afhang van hulle gehoorsaamheid aan God. Kline²⁾ skryf: "Flawless obedience was the condition of Adam's continuance in the Garden; but Israel's tenure in Canaan was contingent on the maintenance of a measure of religious loyalty which needed not to be comprehensive of all Israel nor to be perfect even in those who were the true Israel. There was a freedom in God's exercise or restraint of judgment, a freedom originating in the underlying principle of sovereign grace. in his rule over Israel. Nevertheless, God did not so disperse his judgment that the interest of the typical - symbolical message of Israel's history were preserved."

1. Ibid., p.284.

2. Kline, M.G., op.cit., p.65.

3.2 ושמרת לעשות nougeset in ag neem.¹⁾ Die objek word hier nie genoem nie, maar uit die verband is dit duidelik dat dit betrekking het op חקקים. van 1:1.²⁾

3.3 אשר ייטב

Hier is die nota relationes weer finaal. Moses maak hiermee nie die religie antroposentries nie, want God het met die gee van die gebooie die geluk en welvaart (ייטב) van sy volk in die oog. אשר ens. spreek dus nie van vrome selfsug nie, maar van God se verlossingswil.³⁾

3.4 אשר תרוב מאד כאשר תרד

Die tweede seën wat God sy volk wil skenk, word aangegee deur die bogenoemde woorde. (Vgl. hier die Nuwe-Testamentiese skare wat niemand kan tel nie). Hier is Jahweh weer die God van die vadere omdat die nadruk weer hier val op sy trou soos wat Hy aan die vadere beloof het en wat hy tans aan die kinders vervul.⁴⁾

3.4.1 מאד תרוב

Die idee om te vermenigvuldig was vir die volk 'n Goddelike seën. Die idee kom dikwels in Deuteronomium en in die res van die Ou Testament voor. Gesien teen 'n militêre agtergrond, is dit natuurlik dat die Semitiese stamme 'n talryke volk sou begeer. Van die Arabiere kan daar gesê word dat hulle ten eerste smag na 'n goeie bestaan en tweedens dat hulle 'n goeie bevolkingsaanwas begeer.⁵⁾

1. cf. K.B.L. p.993.

2. Holwerda, B., Exegese Oude Testament, Deel III, p.149.

3. Ibid., p.149.

4. Ibid., p.149.

5. Smith, G.A., The Book of Deuteronomy, p.97.

Kinderloosheid is deur die Israeliet gesien as 'n teken van God se straf en dit is ook dan geen wonder dat die psalmis sê: "Kyk, seuns is 'n erfdeel van die HERE; die vrug van die moederskoot is 'n beloning. Soos in die hand van 'n held, so is die seuns van die jeug. Gelukkig is die man wat sy pylkoker daarmee gevul het! Hulle sal nie beskaamd staan as julle met die vyande in die poort spreek nie." (Ps. 127:3-5).¹⁾ Die Hebreër se verlange om kinders te hê kan nie beter beskrywe word as 'n Hanna se loflied oor Samuel nie (1 Sam. 2:1-10).

Die feit dat die Israeliet baie kinders beskou as belangrik, kan slegs verklaar word uit Israel se toekomsverwachting. In hulle kinders en kleinkinders sien hulle onmiskenbaar die waarheid van God se belofte aan Abraham - dat Israel 'n toekoms het. Israel is in die Ou Testament één groot geheel wat die verlede, die hede en die toekoms omvat. "Elke Israëliet bestaan in de geheel en dank zij dit geheel. De procreatie is zijn persoonlijke bijdrage aan de teken van Gods genade over dit geheel. De voortplanting is vir hem geen probleem, maar een gunst en daarom een plicht en blijdschap. Hy raakt niet in zorg als hij vele kinderen krijgt, maar [] als er geen of weinig kinderen komen. Israel mag in zijn persoon en familie niet sterven!" (Vgl. die leviraatshuwelik in Israel).²⁾

Voortplanting dien die toekoms van Israel, dit wil sê dit gaan om die bestaan en die voortbestaan van Israel - uit Israel moes die Messias gebore word. Onder al die volkere van daardie tyd was Israel immers die enigste volk wat God geken en gedien het. As hulle dus opgehou het om te bestaan as volk, sou dit beslis klaarpraat met hierdie wêreld gewees het. Die geboorte van kinders was vir die Israeliet eerder 'n teologiese - as 'n biologies-etnologiese gebeure.³⁾

1. Eby, F. and Arrowood, C.F., The History and Philosophy of Education Ancient and Medieval, pp.117-118.
2. Pop, F.J., Bijbelse Woorden en Hun Geheim, pp.341-342.
3. Ibid., p.342.

3.5 ארץ חלב ודבש

Die stereotipe uitdrukking van "'n land wat oorloop van melk en heuning" is die woorde wat gebruik was om die vrugbaarheid en die rykdom van die land uit te druk (vgl. Ex. 3:8,17; 13:15; 33:3; Num. 13:27; 14:8; 16:13,14; Lev. 20:4; Deut. 11:9; 26:9, 15; 27:3; 31:20; Jos. 5:6; Jer. 11:5; 32:22; Eseg. 20:6, 15). Die melk herinner aan die vee=teelt en die heuning word genoem as 'n produk wat besonder begeerlik geag is vanweë sy soetheid. Vir die moontlikheid dat hierdie uitdrukking ontleen is aan die mitologie om dan die gode se spyse aan te dui, is daar nie voldoende bewyse nie.¹⁾

Vir ons begrip is die land miskien nie so besonder vrugbaar nie, maar vir die Israeliet uit Egipte, 'n woestyn, met slegs die oewers van die Nyl wat vrugbaar was en op hulle tog uit Egipte via Horeb na Kades deur 'n dorre woestyn, met hier en daar 'n oasis, was Kanaän voorwaar 'n land wat oorloop van melk en heuning. Die term hou verband met die betreklik waterrykheid van die land. Hier reën dit en daarom kan die veeteelt en die landbou beoefen word.²⁾

Dit is duidelik dat Israel nie hier wil sondig en sodoende die belofte van die land verbeur nie. Dit is 'n bewys van hoe sterk voorwaardelik hulle die belofte geag het. Dit is reeds duidelik dat die uitdrukking dui op 'n groter mate van welvaart as wat hulle in die woestyn geken het. Vir die intrekkende stamme was die oorgang van die woestyn na Kanaän baie groot. In die woestyn was hulle tot groot somberheid gedwing; vandaar die herhaalde klagtes oor die honger en die dors.³⁾

1. Ridderbos, J., op.cit., p.121.

2. Vonk, C., op.cit., pp.145-146.

3. Holwerda, B., Exegese Oude Testament, Deel III, p.150.

Oor die uitdrukking qua talis is die geleerdes dit egter glad nie eens nie. Lods¹⁾ gee soos volg 'n oorsig: "If the reference is to literal milk and honey, then we have not to do with a description of Palestine as a land of intensive cultivation, but rather as a region of cattle breeding and abounding in bees, that is, wild bees for the Israelite does not seem to have practised apiculture. The expression would have a more direct reference to the fertility of the soil, if we suppose that by honey is here intended a kind of syrup made of grapes, dates or figs called bythe Hebrew debash, honey. Or, again, if the formula be taken merely to imply that the produce of the country, its grain and fruit, were as sweet and pleasing to the taste as milk and honey. A third possibility is that the words are an imaginative Comparison of Palestine to Paradise, the fabulous garden according to some traditions, there flowed streams of milk and rivers of honey. However we may take it, the phrase is the nomad's way of saying that Palestine is a land of plenty, a paradise, if you will, compared with the desert."

In die belofte van "'n land wat oorloop van melk en heuning" lê die opvoedkundige beginsel, naamlik die beloningsgedagte vir diegene wat God se gebooe noukeurig onderhou. Hierdie beloningsgedagte dien nie alleenlik as motivering vir die kind nie, maar ook as 'n aansporing vir die ouers om hulle nakomelinge in die vrese van die HERE op te voed.

1. Lods, A., Israel, p.34. ev.

HOOFSTUK III

DEUT. 6:4-5

Die fundamentele waarheid van Israel se geloof; die uniek=heid en eenheid van Jahweh; die fundamentele plig wat hierop gebou is; die diens aan God, behels Israel se totale lewe en die opvoedkundige implikasies hiervan.

I. DEUT. 6:4.

"Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE."

1.1 Die Litterae Maiores (װ van die װװ en die ן van ןן)

1.1.1 Die grotere letters is hier geplaas om die belangrike gedeelte besonder sterk te beklemtoon. Dit is oorbekend hoe 'n belangrike plek die װװ in die lewe van Israel ingeneem het. Vir hierdie eienaardige gebruik het verskillende geleerdes uiteenlopende sienings. Die gebruik van die litterae maiores het beslis nie sy ontstaan te danke gehad aan die hand van die oorspronklike skrywer van Deuteronomium nie.¹⁾ Driver²⁾ wys daarop dat hierdie skryfwyse die leser of die skrywer hiervan wil waarsku dat hierdie woorde - met eerbied en respek gelees of geskrywe moet word. Hy wys verder dat die Talmud (Berachoth 15b) lui: "Gehenna is cooled for whoever pronounces the š ě m a ^c distinctly."

1.1.2 Keil³⁾ verwys na R. Bochin se interessante opmerking oor die majuscula: "It is possible to confess one God with the mouth, although the heart is far from Him, for

-
1. Holwerda, B., Exegese Oude Testament, Deel III, p.151.
 2. Driver, S.R., A Critical and Exegetical Commentary on Deuteronomy, p.90.
 3. Keil, C.F. and Delitzsch., F. Biblical Commentary on the Old Testament, Vol. III, p.322.

this reason w and T are the majuscula, from which with the t s ě r ě subscribed the word T w 'a witness' is formed, that every one may know, when he professes the unity of God, that his heart ought to be engaged, and free from every thought, because God is a 'witness' and knows all things."

Samevattend kan dus gesê word dat die litterae majuscula 'n aanskoulike wyse is waarop hierdie fundamentele artikel van die Joodse geloof pertinent onder die aandag van die leerling gebring is.

1.2 Die moontlike vertalings van die Credo¹⁾

Ten spyte van die feit dat die credo so kort is, laat dit 'n reeks van verskillende opvattinge toe waaruit 'n mens moeilik 'n keuse kan maak. Grammatikaal kan die volgende vertalings gemaak word:

1.2.1 Die sin kan beskou word as 'n samestelling van twee kleiner nominale sinne, elk met 'n onderwerp en 'n predikaat: "Jahweh is onse God, Jahweh is één."²⁾

1.2.2 w t s r ě kan beskou word as 'n bystelling by die eerste w as onderwerp, welke onderwerp dan weer deur die tweede w opgeneem word; dus: "Jahweh onse God, Jahweh is één."³⁾

1.2.3 Ook kan w geneem word as die onderwerp en w t s r ě as die predikaat, terwyl die tweede w beskou kan word as die herhaling van die onderwerp waarby die T w dan as 'n bystelling kom; dus: "Jahweh is onse God, Jahweh as enige."⁴⁾

-
1. Met die credo word 6:4 bedoel.
 2. Holwerda, B., Exegese O.T., Deel III, p.152.
 3. Ibid., p.152.
 4. Ibid., p.152.

1.2.4 Verder kan יהוה en אלהים saam geneem word as die onderwerp, terwyl die tweede יהוה saam met יהוה die predikaat vorm. Nou kry ons 'n vertaling soos by die LXX: κύριος ὁ θεὸς ἐμὼν κύριος εἰς ἑστίν.¹⁾ Driver²⁾ vertaal dit op dieselfde wyse: Jehovah our God is one Jehovah."

1.2.5 Die opvatting onder 1.2.3 kan nog ook op 'n gewysigde manier voorkom. Holwerda³⁾ verwys hier na Steuer=nagel se vertaling: "Jhvh ist unser Gott, Jhvh allein." Die bedoeling is hier dat die laaste woord nie יהוה is nie, maar wel יהוה, want 6:4 word deur baie geleerdes beskou as tekskrities nie seker nie. Hy wys verder daarop dat König nie veel beswaar het teen Steuernagel se vertaling nie, alhoewel König dit liefers vertaal as "Jhvh als einer", want dan dui dit nog die volgende drie aspekte aan:

- (i) "Jhvh als einziger";
- (ii) "Jhvh als einzigartiger";
- (iii) "Jhvh als einheitlicher"

teenoor die Baäls wat in baie gestaltes vereer word.

Oor die algemeen dink geleerdes baie in die rigting van die Driver-interpretasie.⁴⁾ Eksegete meen dat Moses (of liewers miskien die latere skrywer van Deuteronomium), hier die gevaar van die Baälisme in die oog het. Baäl was gelokaliseerd en so is daar op die verskillende plekke eredienste vir die afgod gehou. Die gevaar het nou bestaan dat Jahweh spoedig met Baäl geïdentifiseerd sou raak en deur Israel opgelos sou word in 'n veelheid van lokale Jahwehs. Hierdie proses sou nog verder begunstig word deur die feit dat Jahweh aanvanklik op meer as een plek vereer is. Om dus polijahwisme

-
1. Holwerda, B., Exegese Oude Testament, Deel III, p.152.
 2. Driver, S.R., A Critical and Exegetical Commentary on Deuteronomy, p.90.
 3. Holwerda, B., Exegese Oude Testament, Deel III, p.152-153.
 4. Cf. Driver, S.R., A Critical and Exegetical Commentary on Deuteronomy, p.90.

te bestry, sou Deuteronomium dus leer dat daar maar net één Jahweh was. Hierdie gedagte was dan ook die onderbou vir die eintlike tendens van die kultuursentralisasie van hoofstuk 12. Die oorspronklike protes teen die polijahwisme is dan later gebruik in die stryd teen die politeïsme en dan het die betekenis van יהוה "einheitlicher" oorgegaan na dié van "einziger."

1.2.6 Keil¹⁾ vertaal die vers met: "Jehova our God is one Jehova." Hy vervolg verder: "He has not adopted one mode of revelation or appearance here and another there, but one mode only, viz., the revelation which Israel had received; for Jehova never denotes merely a mode in which the true God is revealed or appears, but God as the absolute, unconditioned, or God according to the absolute independence and constancy of His actions." Dit gaan dus nie hier om die eenheid van Jahweh nie, maar dit wil vir ons hier sê dat die naam Jahweh aan God en aan God alleen toekom - dat Hy die een absolute God is met wie geen ander יהוה ver-gelyk kan word nie. (In Sag. 14:9 kry ons 'n soortgelyke uitdrukking: "in die dag sal die HERE een wees"). Hierdie is dan ook 'n bewys dat Jahweh ook in die toekoms erken sal word as die een absolute God, as die Koning oor die ganse aarde. Hierdie sin verbied dus nie alleen politeïsme nie, maar ook sinkretisme wat die absolute God verlaag tot 'n nasionale godheid, tot 'n Baäl (Hos. 2:18). Verder verbied dit ook enige vorm van deïsme en 'n teïsme wat 'n oppermagtige God skep volgens filosofiese abstraksies en idees. Alhoewel Jahweh die Absolute Een is, is Hy geen abstrakte denkbeeld of begrip soos 'n "absolute being" of "the absolute idea" nie. Die HERE is die absolute lewende God, wat Homself aan Israel geopenbaar het in sy daade tot redding en verlossing van die ganse aarde.

1. Keil, C.F. and Delitzsch, F., op.cit., p.322-323.

1.2.7 Wanneer ons die opvatting by 1.2.1 logies en grammatikaal oorweeg, kom ons tot die gevolgtrekking dat dit nie in aanmerking geneem kan word nie. Ons kan uit die sin aflei en dit dan uit die feit dat as Jahweh die enigste is, dit totaal onlogies vir Mosès sou gewees het om *יהוה אלהינו* nog as 'n selfstandige nominale sin te gebruik.

1.2.8 Teen 1.2.2 kan die beswaar ingebring word dat in die kort sin 'n herhaling van die voorwerp heeltemal onbegryplik is.

1.2.9 Holwerda¹⁾ wys daarop dat König se bewering van Oettli se vertaling by 1.2.3 onjuis is, want die onderwerp en die predikaat is nie identies nie. König se beswaar teen Driver se vertaling is dat 'n eie naam geen "numeraal attributen" kan hê nie. Tog is daar geleerdes soos Breit wat aanvoer dat *יהוה* wel adjektiewies gebruik kan word soos in Gen. 1:9, 2:24, 27:38. Hierdie bewering is wel waar, maar ons kry egter nie voorbeelde waar *יהוה* as 'n byvoeglike naamwoord by eiename gebruik word nie en dus kan ons beswaar teen die bewering aanteken. 'n Ander vraag is waar in die Bybel kry 'n mens aanduidings van polijahwisme?²⁾ Die vertalings soos wat dit grammatikaal moontlik is by 1.2.3 en 1.2.4 wys in die eerste geval op die gebod gerig teen die dien van ander gode, dus wys dit op die eksklusiwiteit van die Jahwehdiens. Tweedens sien dit op die splitsing van Jahweh op 'n soortgelyke wyse as wat dit by die Baäls voorkom - dus teen die polijahwisme.³⁾

-
1. Holwerda, B., Exegese O.T., Deel III, p.153.
 2. 'n Mens kry tog 'n vorm van polijahwisme in die tyd van Jerobeam. (Volgens R. de Vaux in sy boek The Bible and the Ancient Near East, was hierdie wel 'n Jahweh-godsdiens, maar dit het in sy vorm verskil van die wat in Jerusalem beoefen is. p.100; Infra, p.63 et seq.
 3. Eichrodt, W., Theology of the Old Testament; Vol.I, p.105.

Interessant is dat Eichrodt¹⁾ in sy volgende volume die gedagte van polijahwisme nie so hoog ag nie. Hy wys daarop dat die profete nêrens daarteen beswaar inbring nie. Israel het volgens hom ook dan nie Jahweh gelokaliseer op bepaalde plekke soos wat dit die geval was met Baäl nie. God het wel op sekere plekke verskyn, maar Hy was nooit tot 'n bepaalde lokaliteit beperk nie. H.H. Rowley²⁾ is ook dieselfde mening toegedaan. Die datering van Deuteronomium is by hierdie beskouing baie belangrik. De Witte soek die swaartepunt van die boek by die kultuursentralisasie van hoofstuk 12 en dit doen Deuteronomium onreg aan. (Nêrens het hoofstuk 12 in die boek die plek wat De Witte, Wellhausen e.a. daaraan toeken nie.)³⁾

Keil se siening is ook onaanvaarbaar, want dan sou daar tog in plaas van יהוה יהוה geskrywe gestaan het יהוה יהוה .

1.2.10 Die opvattinge by 1.2.3 en 1.2.4. Holwerda⁴⁾ wys daarop dat Steuernagel hom tereg kon beroep op 1 Kon. 29:9. Ridderbos⁵⁾ dink ook in dieselfde rigting in sy Korte Verklaring. Die vertaling soos in die Afrikaanse Bybel, is vir hom nie aanvaarbaar nie. Immers beteken dit dan dat daar slegs een Jahweh is in teenstelling met die Baäls waarvan daar 'n verskeidenheid was. In vers 14, maar ook reeds in vers 5 kan ons aflei, dat dit nie hier gaan om die teenstelling "een of meer Jahwehs" nie, maar oor die teenstelling "een God of meer gode". 'n Beter vertaling sou dan wees: "Die HERE is ons God, die HERE alleen." Voor die laaste woord in die vers staan יהוה , maar dit word in Gen.42:19

-
1. Eichrodt, W., op.cit., Vol. II, p.188.
 2. Rowley, H.H., The Rediscovery of the Old Testament, pp.118, 178.
 3. Supra, p.3 et seq.
 4. Holwerda, B., Exegese O.T., Deel III, p.154.
 5. Ridderbos, J., op.cit., p.122; K.B.L. vertaal dit as: "der eine J." "the only Y.", p.27.

op 'n soortgelyke wyse gebruik ('n mens kan dit dus ook vertaal "as een"). Wat hier gesê word, is dat God alleen die God van Israel is. Dat Hy ook die enige God is, word nie gesê nie (nie asof daar enige twyfel hieroor bestaan nie). Dit gaan hier veral om Israel dit in te prent dat God alleen gedien moet word en dat daar geen ander Gode naas Hom geëer mag word nie. In hierdie verband kan 'n mens ook nog Sag. 14:9 noem. Selfs as 'n mens van mening is dat die woord "alleen" deur die woord 1717 weergegee moes word, kan daar nog tot dieselfde gedagte gekom word deur die grammatikaal toelaatbare vertaling: "Jahweh als enige". Hier kan egter ook dieselfde beswaar geld as in 1.2.2, naamlik die herhaling van die onderwerp in so 'n kort sin. Daar moet egter daarop gelet word dat hierdie herhaling ten diepste sterk gemotiveerd is. Die onderwerp word hier gekarakteriseer op 'n baie nadruklike wyse en daarom kan ons vertaal: "Hoor, Israel, Jahweh is onse God, Jahweh als enige."¹⁾

1717N is nou die predikaat en hierby moet opgemerk word dat Moses "die Verbindung mit der Geschichte" weer opneem en Jahweh karakteriseer as dié God wat "sein Leben bestimmt hat und bestimmt."²⁾ Met nadruk voeg Moses hieraan toe dat Israel slegs "een dergelijke God" het wat sy lewe beheers. So is die oorgang na vers 5 vanself gegee. Omdat Jahweh as Enige, Israel se God is, mag die volk ook slegs Hom as sodanig erken. Die hele verband pleit vir so 'n interpretasie. Dit is opmerklik dat dit hier primêr gaan om 'n konkrete belydenis: Jahweh is dié God wat ons uit Egipte gelei het via Horeb na Kanaän en hierin trou sy verbond toon. Hierdie Jahweh is onse God wat ons lewe beheers. As sodanig is dit 'n sleutelbelydenis in die verbond; die uitgangspunt in die verhouding tot God en dus van grondliggende leerstellige belang. Die funksie is primêr egter as 'n belydenis en nie

1. Holwerda, B., Exegese O.T. Deel III, p.155.

2. Breit, H., Die Predict des Deuteronomium, p.61.

as leerstellige formulering bedoel nie. (Die monsteïstiese grondbelydenis is nie gefundeerd in spekulasie nie, maar op die ervaring van heilsfeite.)¹⁾ Die wesenskenmerk van die Jahwisme is dat dit monoteïsties is. In teenstelling met al die omliggende volkere van die Nabye Ooste met hulle veelgodedomme, is die Jahwisme eksklusief. Naas Jahweh is daar geen plek vir 'n ander god of gode nie (vgl. Matt. 6:24).²⁾

1.3 Jahweh is één

1.3.1 Dit gaan in die Ou Testament nie om Jahweh as een God naas baie ander gode nie, maar om die een God, dié God wat 'n totaal ander plek inneem. Jahweh is nie een van baie nie, maar één teenoor die baie ander gode. In 6:4 is daar stellig tog 'n verset teen die polijahwisme. Daar is 'n afwysing van die vele gode. Dit beteken nie opsigself dat daar geen ander "gode" as afgode bestaan nie, maar wel dat hulle vir Israel in elk geval nie mag bestaan nie. Israel mag slegs één God vereer in totale onderskeiding met die ander volke van die Ou Ooste wat in 'n politeïstiese sin 'n menigte van gode en godinne aanbid het. Die belydenis יהוה ייחיד wil die volk gedurig daaraan herinner dat hulle naas Jahweh nooit 'n ander God mag plaas nie. In Israel is daar prinsipieel dus geen panteon van watter aard ook al moontlik nie. Jahweh kan by Israel nie 'n soortgelyke plek inneem as byvoorbeeld El in die panteon van Ugarit nie. As God in 10:17 bekend staan as: "die God van die gode en die HERE van die here", dan mag die formulering hier 'n mens aan 'n summus deus laat dink, aan die hoogste God wat bo die ander gode staan. 'n Reël politeïstiese agtergrond bestaan nie vir Israel nie. 'n Soortgelyke uitdrukking bring veel eerder Jahweh se hoogste mag en alleenheerskappy teenoor

1. Holwerda, B., Exegese O.T., Deel III, p.155.

2. Prinsloo, W.S., Was die Atenreligie 'n Monoteïsme? Artikel in die N.G.T.T., Deel XV, Nr. 1, Jan. 1974, p.32.

die ander "gode" na vore en nie soseer sy mag oor die gode wat in 'n ondergeskikte posisie verkeer nie. Die gode en die here is uitgeslote en nie ingeslote nie.¹⁾

1.3.2 Jahweh is die enige God vir Israel. Nooit het enige ander volk 'n goddelike stem gehoor soos Israel nie; nooit het 'n ander god 'n volk uitverkies soos Jahweh vir Israel nie. Dit skyn asof die outeur hier nie 'n teoretiese monoteïsme sonder meer wil bely nie; dit gaan vir hom hier om duidelik te maak dat Jahweh die Enige is wat so kan optree deur sy openbaring, deur sy woord en daad. Israel het God se stem gehoor en God se daade aanskou, sodat hulle sou weet dat Jahweh die enige God is - Hy is die enige God in die hemel en op die aarde. Die uitsonderlikheid van sy openbaring laat die mens ook die uitsonderlikheid van sy wese besef. Die aksent lê hierop en dit nog in 'n groter mate as die feit dat Hy alleen God is, omdat daar naas Hom geen ander gode kan bestaan nie.²⁾

1.3.3 Wie konsekwent en logies verder dink vanuit die gedagte dat Jahweh één is teenoor die vele gode en alleen gedien wil word, kom tot die erkenning dat Hy die Enige is soos 32:39 dit omskrywe: "Aanskou nou dat dit Ek is en dat daar geen god naas my is nie; Ek maak dood en maak lewend, Ek het verbrysel en Ek genees; en daar is niemand wat uit my hand red nie." Vir Israel moes Jahweh van die begin af die enigste God wees. Hierdie eksklusiwisme wat in vers 4 aanwesig is, lê reeds in die dekalog en dit gaan terug tot voor die Mosaïese era. Jahweh is dié God wat Israel uit Egipte gelei het. "Ek is die HERE jou God." Pas nadat Jahweh gespreek het en Homself geopenbaar het in woord en daad, kan Israel antwoord in sy belydenis: "Die HERE is

-
1. De Groot, J. en Hulst, A.R., op.cit., p.326-327; cf. Driver, S.R., A Critical and Exegetical Commentary on Deuteronomy, p.91.
 2. Ibid., p.327.

onse God." Die ware antwoord op die Woord van God is alleen 'n antwoord in die geloof. Die daad van die mens is slegs denkbaar as antwoord op Gods daad wat verlossing beteken.¹⁾ Die skrywer van Deut. 6 kon die volgende as 'n bekende feit aanvaar: "that the people knew who Jahweh was and what there was in his character and especially in His relation to them which made Him unique to them. The passage (6:4-9) could assume that every Israelite knew the story of deliverance from Egypt and of the covenant at Horeb, which constituted the basis of national belief."²⁾

1.3.4 Jahweh is één, nie alleen in soverre dat Hy staan teen oor vele ander afgode nie, maar ook één in Homself, een eenheid. Wanneer ons die religieuse lewe van Kanaän van nader beskou, merk ons in 'n groot mate die verskynsel van differensiasie. 'n Bepaalde godheid kan so differensieer dat dit vir ons begrip bekend sou gestaan het as verskillende godhede. In die Ou Testament lees ons dat Israel begin het om Baäls te dien (Rig. 2:11). As die meervoudsvorm hier gebruik word, impliseer dit dan dat daar verskillende Baäls sprake was? So lees ons in die Ou Testament van Baäl Peor, Baäl Berit en Baäl Sebul. Laasgenoemde Baäl was genoem die god van Ekron (2 Kon. 1:6, 16). Ook kan daar gelet word op die volgende plekname soos byvoorbeeld, Baäl Gad, Baäl Hazor, Baäl Tamar, Baäl Sefon ens.³⁾ Hieruit blyk dit dat elke heilige plek 'n eie Baäl gehad het. As 'n mens op die standpunt staan dat die naam Baäl geen eienaam was nie, maar 'n soortnaam (met die betekenis van heer of besitter), kan aanvaar word dat Baäl verdeel is in baie lokale Baäls. So is daar geglo dat Baäl inwoon of altans in 'n baie noue verband staan met bome, stede en bronne. Die god wat op so 'n bepaalde plek aanbid is, kon dus aangedui word as die Baäl van daardie betrokke plek. Vandat dit

1. Ibid., pp.328-329.

2. Welch, A.C., Deuteronomy, the Framework to the Code, p.85.

3. cf. Pienaar, D.N., Die Dinastie van die Omriede in die lig van die Argeologie, pp.292-294.

egter uit die Ugaritiese tekse op 'n baie duidelike wyse blyk hoe 'n belangrike plek Baäl in die panteon inneem en daar saam met sy suster, wat 'n baie aggressiewe rol speel, moet ons versigtig wees, want nou word dit moeilik om van lokale Baäls te praat as godhede wat hulle op 'n bepaalde heiligdom manifesteer. Die probleem van die verhouding tussen die Baäl, die god wat in die mitologie op die voorgrond tree en die vele Baäls wat aan verskillende heiligdomme verbind is, is nie maklik oplosbaar nie. Is die differensiasie in vele lokale Baäls primêr en is daar sekondêr sprake van een Baäl by uitstek? Is die oplossing omgekeerd? Kan aanvaar word dat daar net een god was wat die naam Baäl gedra het, terwyl daar dan later gesprek is van 'n Baäl van een sekere plek? Die Israeliet sou kennis maak met die probleem soos dit toe praktyk in Kanaän was, hulle sou baie hoogtes en heilige plekke vind waar godsdienstige seremonies plaasgevind het. Sommige van hierdie plekke was baie bekend, baie oud en dit was in 'n wye omtrek in ere gehou. Teenoor die vele heiligdomme en die daar vereerde Baäls, kon 'n antitiese standpunt ingeneem word en so sou 'n mens dan alle kontak hiermee vermy het en Jahweh op geen wyse daaraan probeer verbind het nie. 'n Mens kan egter ook tot die gevolgtrekking kom dat Israel nie juis noodwendig hierdie heiligdomme hoef te ignoreer het nie, want die God wat Hom daar openbaar en wie se kultus dit is, is tog Jahweh. Dit is egter seker dat vir baie van die gewone lede van die volk die gevaar groot was om ook te praat van die Jahweh van 'n bepaalde plek soos 'n mens dit in 'n dergelyke spraakgebruik ten aansien van Baäl aangetref het. Dit is reeds genoem dat die Ou Testament vir ons geen gronde gee vir polijahwisme nie. Die moontlikheid was seker tog altyd daar dat bepaalde groepe van die volk, meer die breë massa, tog 'n sekere differensiasie aangevoel het. So kon oeroue oorlewering wat met 'n bepaalde plek in verband gebring is, aan hierdie lokaliteit min of meer 'n spesifieke karakter

gegee het. Hierdie plek behou dan 'n bepaalde invloed en dit werk weer in 'n sekere mate differensiasie in die hand.¹⁾

Een ding moet duidelik gestel word: die leidende figure in Israel sou 'n splitsing van 'n Jahweh van A of 'n Jahweh van B kragtig teenstaan.²⁾ By Israel mag daar geen polijahwisme wees nie. Die gevaar egter dat van die Israëliete daarheen kon beweeg het, is stellig nie denkbeeldig nie. Ons kan dit onself voorstel dat byvoorbeeld 'n priesterskap van 'n bepaalde heiligdom nie afkerig sou ge= wees het vir so 'n "splitsing" nie, want dit kon beskou word as 'n middel om die selfstandigheid van 'n plaaslike heiligdom te handhaaf. Wanneer vers 4 met nadruk beklemtoon

יְהוָה יְהוָה' word die volk geleer dat polijahwisme uit die bose is. Hier word die differensiasie gestuit en die eenheid van God verdedig: Jahweh is één! Jahweh is één en dit gaan nie op in 'n veelheid van lokale Jahwehs nie. God is nie gebonde aan 'n reeds gegewe plek nie, maar Hy kan vry kies waar Hy Homself wil openbaar en waar Hy aangeroep wil word.³⁾

1.3.5 Uit die Ou Testament kan duidelik afgelei word dat God "enig van sy soort" is. Die woorde mag nie ver= keerd verstaan word nie, want dit beteken nie dat Jahweh met die ander gode vergelyk word in dié sin dat Hy slegs relatief van hulle verskil nie. God kan met niemand vergelyk word nie en niemand kan met Hom vergelyk word nie (Jes. 40:25). Hy is sonder meer God, die enigste wat in waarheid God genoem kan word. Hy is selfgenoegsaam. Hy staan bo die hele geskape werklikheid. Alles en almal staan onder Hom. God is in die Ou Testament altyd weer die hoogste werklikheid.

-
1. De Groot, J. en Hulst, A.R., op.cit., pp. 329-331.
 2. cf. Eichrodt, W., op.cit., Deel II, p.188.
 3. De Groot, J., Hulst, A.R., op.cit., pp.331-332.

Met Hom het die Ou-Testamentiese kind te doen en Hy is die enigste in wie se hand alles rus. Dit gaan in die Ou Testament om die mag en die wil van God; beide ewe sterk en ewe onversetlik. Vanaf die begin moes Israel weet dat hulle met Jahweh alleen te doen het, dat Hy altyd en orals dieselfde is en dat sy volk moes bely dat daar geen enkele god is behalwe Hyself nie.¹⁾

1.3.6 Jahweh is één. Wanneer die latere Jode hierdie woorde in die Sjěma^c bely, bely hulle daarmee hulle geloof in een ware en lewende God: Jahweh, onse God, Jahweh is één.²⁾ Hierdie formule is dan ook inderdaad "das Gruntbekenntnis des absoluten Monotheismus geworden."³⁾ Met die woorde wat die gelowige gesê het, val die nadruk op die persoonlike band tussen hom en sy God, tussen die geloofs-gemeenskap in sy geheel en God - Jahweh, ons God.

1.3.7 'n Tweede God naas Hom is ondenkbaar. Ook is daar geen plek vir die idee om 'n godin naas Hom te plaas nie, soos dit by die ander godsdienste gedoen is nie. Daar is geen tweeheid nie. Jahweh is alleen; die Self=genoegsame, wat geen tweede naas Hom nodig het nie. Sy wese is volheid in sigself, heiligheid en majesteit. Dit is genoeg en dit is alles (vgl. Jes. 40:18).

1.3.8 As 'n mens in die Ou Testament vra wie God is, kry jy die antwoord: Jahweh is God. As jy verder vra wie Jahweh is, dan lui die antwoord net: "Jahweh is één." Dit klink alles so eenvoudig, byna nugter en saaklik. Tog sou dit 'n misverstand wees om dit bloot as nugter en saaklik te beskou, want in die woorde van vers 4 lê daar 'n groot geheimenis versluier. Wie God is, kan nooit met

1. Ibid., pp.332-333.

2. Ibid., pp.333-334.

3. Eichrodt, W., Theologie des Alten Testaments, Band I, p.113.

menslike woorde gesê word nie. Die ryke inhoud van TNN kan nie met die verstand gepeil word nie. Hier is veel meer nodig as wetenskaplike besinning en formulering, want die mens moet met sy volle lewe, vanuit die gelowige hart in die geloofsverhouding tot God staan. Die kind wat die woord wil begryp, moet eers in sy persoonlike belydenis gesê het: "Jahweh, ons God." Dán word hy geleer wat God vir hom is, wat Hy vir hom doen en wat Hy tot hom spreek. God se woorde is baie en so ook sy daade, maar God Self iséén!¹⁾

1.4 Die Opvoedkundige betekenis van die UMW

1.4.1 Die sentrale plek van die UMW in die Ou Testament.

Die hele Ou-Testamentiese verkondiging aangaande God kan saamgevat word in 6:4. Hierdie vers was sentraal vir die ontwikkeling van Israel se godsdiens en ook is dit geskrywe in die baie sentrale boek, naamlik Deuteronomium. Ons kan selfs sê dat hierdie teks sentraal is in die Ou Testament. In hierdie woorde, die hart van die Ou-Testamentiese verkondiging, gaan dit uitsluitlik om God, maar dan om God nie soos wat Hy in Homself is en bestaan nie, maar soos Hy is in sy verhouding tot Israel: "Onse God."²⁾

1.4.2 Die resiteergewoonte by die

Hierdie reël begin met UMW. Die woord šēma^c word later die naam van die Joodse "geloofsbelydenis." Dit omvat ook nog onder andere 6:4-9; 11:13-21 en Num. 15:37-41. Die opsê van hierdie "belydenis" word 'n onderdeel van die daaglikse ritueel in die tempel en nog later word die gewoonte deur die sinagoges oorgeneem. Die woorde moes by die kinders ingeprent word en dit moes tydens die oggend- en

1. De Groot, J. en Julst, A.R., op.cit., p.334.

2. Ibid., p.41.

aandgebed opgesê word. Alhoewel dit nie bewys kan word nie, kan daar aanvaar word dat die Joodse resiteergewoonte 'n invloed op die eerste Christene gehad het, sodat hulle sekere woorde wat as samevattinge van hulle geloof gedien het, reëlmatig herhaal het (vgl. Rom. 10:9, 10; 1 Kor. 15:3-8; Filipp. 2:6-11; 1 Tim. 3:16; 6:12-16; 1 Joh. 4:2). "Herhaling is die moeder van die wetenskap," en dit is dus 'n verstandige didaktiese beginsel en so 'n verstandige man blyk Moses ook hier te wees.¹⁾ Barclay²⁾

skrywe die volgende oor hierdie herhalingsgewoontes: Die Talmud vertel van 'n leerling wat sy take geleer het sonder om die woorde daarvan hard te herhaal en na drie jaar het hy alles vergeet. "Repetitio matter studiorum", herhaling is die moeder van studie. Verder verwys hy na die Briewe van Benammi waar ons die volgende spreuke kry in verband met gekonsentreerde herhaling en memorisering: "Herhaling is die moeder van kennis. Wie die tōrā leer sonder herhaling, is soos een wat saai sonder om te oes. Studeer nie net met jou oë nie, maar met beide jou oë en jou mond."

Die resiteergewoonte van die למנוח is altyd in ere gehou, wat dan ook 'n bewys is hoe sentraal die teks is. Die kind moet diep onder die besef gebring word dat dit gaan om die eer van God en dat sy hele lewe moet strek tot Sy eer en verheerliking. Wanneer 'n persoon sy hele lewe aan God wy, is dit geen las nie. Die dra van hierdie juk van God se heerskappy is veeleer 'n lus. Dit is geen plig sonder 'n betekenisvolle inhoud nie, maar dit is 'n met blydschap vervulde taak en 'n vreugdevolle bedryf.³⁾

1.4.3 Die woord למנוח is deel van die didaktiese woordeskat van Deuteronomium

Die imperatief, למנוח, hoort ook tot die didaktiese woordeskat

-
1. Vonk, C., op.cit., p.497.
 2. Barclay, W., Educational Ideals in the Ancient World,
 3. De Groot, J. en Hulst A.R., op.cit., p.52.

van Deuteronomium. Die uitdrukking het essensieel sy oorsprong in die wyse waarop die leerkrag sy leerling toespreek (vgl. Ps. 34:12 וְיִי אֱלֹהִים). Die gebruik van die אֱלֹהִים in die betekenis van "om te gehoorsaam", is algemeen in die wysheidsliteratuur en by kort spreuke en so word die klem gelê op die belangrikheid van gehoorsaamheid. Eksegete en veral dié wat Deuteronomium beskou het as 'n samestelling van meervouds- en enkelvoudsbundels, het groot probleme gehad met אֱלֹהִים אֱלֹהִים wat hier in die enkelvoud gebruik is in 'n sogenaamde meervoudsbron. אֱלֹהִים moet beskou word as 'n pedagogiese uitdrukking. Hierdie woord is gewoonlik die woord waarmee 'n leerkrag of prediker sy voordrag mee begin het en so word dit ook deur Moses gebruik in sy para-netiese rede. (6:3). Dieselfde woord is ook gebruik wanneer die priesters die soldate toespreek het. Die uitdrukking אֱלֹהִים אֱלֹהִים laat 'n mens onwillekeurig dink aan die frase וְיִי אֱלֹהִים waarmee die wysheidsleraar sy rede begin het in die onderrigting van sy leerlinge. Met אֱלֹהִים vermag hy dat die leerlinge sal opneem, wat hy leer en dat hulle met aandag na hom sal luister. In hierdie boek word Israel beskou as een volk en omdat hier dus net een volk aangespreek word, word die enkelvoud gebruik.¹⁾

Die eerste woord אֱלֹהִים is van die grootste belang. Die totale volk word hierdeur toespreek. Die verkondiging rig hom tot die oor. In die Ou Testament speel die ouditiewe 'n groter rol as die visuele. Dit wil nie sê dat die visuele geen rol gespeel het nie.²⁾ Die woord was derhalwe van deurslaggewende betekenis. Die gesproke woord kom regstreeks van God. Naas die gesproke woord van God, speel die oorgelewerde woord in die sin van oorvertel 'n groot rol in die opvoeding van die Israelitiese kind.³⁾ Die woord

1. Weinfeld, M., op.cit., pp.303-305.

2. De Groot, J. en Hulst, A.R., op.cit., p.52.

3. Ibid., p.54.

is essensieel. Van die kind se kant moet hy luister: "hoor Israel". Hierdie is nie net "hoor" alleen nie, maar Israel moet "gehoor gee aan" - gehoorsaam, hoor en doen."¹⁾

1.4.4 Belangrike prinsiepe wat uit die וְיָשׁוּב vloe

1.4.4.1 'n Belangrike beginsel uit die וְיָשׁוּב is een God, dus een wet. Dit is die deklarasie van 'n absolute religieuse bevel waaraan die verbondskind hom moet konformeer. As Israel geen ander God en geen ander wetsbevel erken nie, kan hy ook nie 'n ander godsdienst of wetsbevel as geldig vir homself of vir enige iemand anders beskou nie. Omdat God een is, is daar ook net een waarheid.

1.4.4.2 'n Ander belangrike aspek uit die וְיָשׁוּב is: een absolute onveranderlike God beteken een absolute en onveranderlike wet.

1.4.4.3 'n Derde beginsel wat uit die וְיָשׁוּב vloe is dat een God, een wet, een totale, onveranderlike en algemene gehoorsaamheid vra (vgl. 6:5).²⁾

1.4.5 Schultz³⁾ skryf die volgende oor die שְׁמָא^c:

"With this opening confession, the individual takes on him the yoke of the kingdom or the sovereignty of God, and proceeds to assume the obligations of the specific commandments." Die verwaarlosing van die שְׁמָא^c was vir die latere Jood sinoniem met die verwaarlosing van die wet.⁴⁾

1. Ibid., p.56.

2. Rushdoony, R.J., The Institutes of Biblical Law, pp.18-20.

3. Schultz, S.J., Deuteronomy, the Gospel of Love, p.40.

4. Rushdoony, R.J., op.cit., p.27.

1.5 Wie is God? (Kennis van God)

Kennis van God is geen menslike prestasie nie, maar dit is 'n gawe van God. Omdat God Homself geopenbaar het, daarom en daarom alléén, is kennis van God moontlik. Samevattend kan dit as volg gestel word: omdat God die mens geken het, kan die mens God ken.

Die Ou Testament verklaar baie duidelik dat die diepste wese van God verborge is. Niemand kan Hom sien en nog bly lewe nie. Wanneer die Ou Testament sê dat God ondeurgrondelik is, is dit dus geen filosofiese uitspraak nie. Dit wil veel eerder sê dat God se weë ondeurgrondelik is - die mens kan dit nie rasideel verstaan nie, omdat dit sy denkvermoë te bowe gaan. God is onbegryplik. Gods gebooië kan egter deur die kind verstaan word en dit is vir hom moontlik om sy lewe op aarde daarvolgens in te rig. God wat sy gebooië self aan die mens bekend maak, verberg Homself egter van die mens se wete en kennis. God handel wonderlik en met ons menslike begrip sal ons dit nooit as geheel kan begryp nie. God is geen mens nie en daarom handel Hy nie soos 'n mens nie. God handel onbegryplik en die oorsaak hiervan vind ons in die feit dat Hy gans anders is. Hy is die Heilige, die Uitsonderlike, die Onaantasbare wat deur geen menslike rede verstaan kan word nie.¹⁾

Ten spyte van wat ons sover gehoor het, spreek die Ou Testament tog nog van die "ken" van God. Die werkwoord, יָדַע (ken weet)²⁾ druk altyd 'n verhouding uit. Wanneer ek iemand ken beteken dit dat daar 'n verhouding is tussen my as subjek en die ander persoon as objek. In die meeste gevalle is dit 'n noue verhouding - 'n innige verbondenheid. Daar moes 'n ontmoeting gewees het, want sonder so 'n ontmoeting is ken

-
1. De Groot, J. en Hulst, A.R., op.cit., pp.63, 64 en 65.
 2. cf. Pop, F.J., Bijbelse Woorden en Hun Geheim, pp.329-331.

nie moontlik nie. Kennis beteken gemeenskap op grond van die ontmoeting.¹⁾

Toegepas op die verhouding van God tot sy volk, druk dit 'n kennis uit van die verbondenheid van Jahweh en Israel. Binne hierdie verhouding is daar twee moontlikhede: God as die subjek en die volk as die objek of die volk as subjek en God as objek. In die eerste geval is dit waar die volk deur God geken word en hier beteken "ken" dat God Hom met Israel inlaat en Hom met hulle bemoei, Hom aan sy volk manifesteer op 'n besondere wyse en die volk na Hom toe trek. As gevolg van hierdie feit, verkeer Israel in 'n besondere posisie as die enigste volk waarmee Jahweh Hom verbind het. In hierdie verhouding is Jahweh die Eerste en die Magtige. Dit gaan om sy eer en Hy verwag gehoorsaamheid. Hy "ken" sy volk en Hy heers oor hulle.

In die tweede geval gaan dit om die volk of die enkeling (kind) wat God "ken." Farao ken God nie, maar dit impliseer nie dat hy nog nooit van God gehoor het nie of dat hy nog geen ervaring met Jahweh gehad het nie. Hy het Jahweh nog nie "ontmoet" nie en daarom is hy ongehoorsaam aan Gods bevel. Om God "te ken" veronderstel dat God Hom eers bekend moet maak. Hierdie stap skep reeds die verhouding tussen die kind en God - 'n verhouding wat van God uitgaan. Kennis van God is veel meer as om net te weet. Kennis van God is 'n lewende gemeenskap met God. Die kennis van God kom van Homself.

Wanneer die volk God nie ken nie, soos gedurende die Rigter-tydperk, verval hulle in apostasie en loop agter vreemde gode aan. So word God se magtige daade in die geskiedenis vergeet omdat die gemeenskap met Hom nie meer 'n lewende realiteit is nie.²⁾

-
1. De Groot, J. en Hulst, A.R., op.cit., pp.65-66.
 2. Ibid., pp.66, 67, 68, 69, 70.

Die "kennis" van God is geen teoretiese kennis nie, maar by uitstek prakties in die geloof. Dit omvat die kind se hele lewe; sy totale verhouding tot God en daarmee ook die van hom tot sy medemens. Om God te ken, is om in Hom te glo, Hom lief te hê, sy wil te doen (gehoorsaamheid) en Hom te aanbid.¹⁾ Wysheid, krag en roem word deur baie mense hoog aangeskryf, maar die ware roem is daarin geleë om God te ken.²⁾

Kan God geken word? Ons weet reeds dat die moontlikheid van so 'n kennis berus by die feit van God se openbaring. Hy het Hom eers self bekend gemaak - die ontmoeting kom van God se kant af. Wanneer die kind God ken, word hierdie kennis, "die zich uit in die gehoorzaamheid aan God in het praktiese leven en die dus de gehele mens en niet aller= eerst zijn verstand alleen aangaat, uiteindelijk bedelen als gawe van God zelf." Wanneer Jahweh Israel vir Homself toeëien en Hom aan Israel verbind, is dit soos wanneer 'n man vir homself 'n bruid verwerf. Die huweliksluiting in die Ou Ooste en ook by Israel gaan gepaard met huweliksge= skenke deur die man aan sy bruid en so verwerf hy die meisie as sy wettige vrou. In die verhouding waarin Israel tot God staan, is alles geskenke van God. Die Godskennis wat by Israel gevind word, is deur hierdie verhouding moontlik. Dit is die noodsaaklike gevolg daarvan en nie 'n voorwaarde daarvoor nie. Dit is ook nie 'n teenprestasie van die kant van die mens nie.³⁾ Weiser⁴⁾ sê: "sie ist ebenfalls Gottes Gabe." Wysheid, kennis en insig, kom alleen van God. God laat sy Gees op die mens neer. (34:9)⁵⁾

-
1. cf. Cressey, M.A., "Knowledge in the O.T." in Douglas, J.D., (Ed.) The New Bible Dictionary, pp.702-703.
 2. De Groot, J. en Hulst, A.R., op.cit., p.71.
 3. Ibid., pp.71-73.
 4. Weiser, A., Das Buch der Zwölf Kleinen Propheten, p.21.
 5. De Groot, J. en Hulst, A.R., op.cit., p.73.

Die kennis van God en die eer wat aan Hom betoon moet word, is nie van mekaar te skei nie, maar een daad. Sonder waaragtige kennis van God kan Hy nie ten volle geëer word nie. Hoe duideliker die kind se beeld van God as die Almagtige en ewige Vader is, hoe intenser sal sy strewe wees om God te behaag. Vir die opvoeder bied dit 'n wonderlike geleentheid, maar dit stel ook 'n ontsettende verantwoordelikheid.¹⁾

1.6 Die Name van God soos in 6:4

1.6.1 יְהוָה

Oor die naam Jahweh is daar baie dinge waarvan ons nie weet nie. In hul uitsprake hieroor is geleerdes dit nie eens nie. Die ouderdom van die Naam, sowel as die etimologie van die woord is onseker. Oor die taalkundige juiste betekenis bestaan daar geen communio opinio nie. Oor die herkoms is daar vele teorieë. Die Naam van God kan nooit ten volle deurgrond word deur die mens nie - God Self, is te groot en ondeurgrondelik vir die mens.²⁾

Volgens The New Bible Dictionary³⁾ kan ons die Naam beslis verbind met die Hebreeuse woord h ā j ā (om te wees) of miskien nog beter met die variant en vroeëre vorm van die stam h ā w ā.

Die hoofsaak van die betekenis van die naam kry ons in Ex. 3:13-15. "Hierop het Moses tot God gespreek: Maar as ek by die kinders van Israel kom en aan hulle sê: Die God van julle vaders het my na julle gestuur, en hulle my vra: Hoe is sy naam? - wat moet ek hulle antwoord.

-
1. Van Loggerenberg, N.J. en Jooste A.J.C. Verantwoordelike Opvoeding, pp.46-47.
 2. De Groot, J. en Hulst, A.R., op.cit., p.152.
 3. Manley, G.T., "God, Names of" in Douglas, J.D., (Editor) The New Bible Dictionary, p.478.

En God sê vir Moses: EK IS WAT EK IS. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: EK IS het my na julle gestuur.

Toe sê God verder vir Moses: Dit moet jy aan die kinders van Israel meedeel: Die HERE die God van julle vaders, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob, het my na julle gestuur. Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag."

Wat beteken dit nou as God sê: "EK IS?" Een ding is hier baie seker en dit is dat hier van abstraksies geen sprake is nie. Die Naam wys dat dit nie 'n God van rus is nie, maar 'n God van aksie en beweging en 'n God wat naby is. EK IS vorm 'n proklamasie, weliswaar nie 'n proklamasie wat God se geheim van sy diepste wese blootlê nie, maar dit is 'n openbaring dat Hy daar is en voortdurend werk.¹⁾ Van belang is hier om te begryp dat die God van die verbond nie swygend in die verborge wou werk en dus onbekend wou bly nie, maar dat Hy Homself geopenbaar het en op dié wyse van 'n Naam voorsien het. Daarom is sy Naam nie 'n skuilnaam nie, maar 'n openbaringsnaam. Die wêreld van die geheim= sinnigheid of doelbewuste misleiding is nie God se wêreld nie. Vir die verstaan van sy wêreld, die wêreld van die handeling van sy wese, het Hy sy Naam gegee. Die Jahweh wys Israel na die gebeure waarin God handelend teenwoordig was.²⁾ Hy gryp in in Israel se uiterste nood, en Hy laat hulle nie weer los nie; Hy lê beslag op die volk. Hy trek saam met sy volk deur die woestyn na die Beloofde Land. God beperk Hom nie tot 'n enkele daad nie. Hy is nie 'n God wat maar net eenmaal na vore tree en Hom dan terugtrek, sodat daar vir die opkomende geslagte maar net die herinnering aan die glorieryke verlede oorgebly het nie. God bly steeds vir die

-
1. De Groot, J. en Hulst, A.R., op.cit., pp.149-150.
 2. Heyns, J.A., op.cit., p.136.

kind die God van die hede, want ons vertaal dit immers in die teenwoordige tyd: "EK IS." God is egter nie alleen die God van die hede nie, maar Hy is ook die God van die toekoms, want wat Hy in die verlede was, sal Hy ook in die toekoms wees.¹⁾ Baarslag²⁾ skryf: Die Naam sê: GOD IS ONVERANDERLIK. Dit moet vir die kind genoeg wees, dat hulle weet dat hulle die God dien wat IS en ONVERANDERLIK IS op wie hulle kan bou as 'n rots.

Wanneer Jahweh Homself aan Moses openbaar, wil Hy aan Hom die onwrikbare sekerheid skenk dat Hy nog steeds teenwoordig is en dat Hy met Moses en sy volk is. God is daar - dit moet genoeg wees om aan alle vrae van die kind 'n einde te maak.

Die naam יהוה wil met groot nadruk beklemtoon dat God sy aanwesigheid kragtig openbaar en dat Hy teenwoordig is om hulp in die nood te verleen - 'n God van bevryding en verlossing. Hy is verder die God wat aan geen mens enige rekenskap verskuldig is nie in verband met die hoe en die waarom van sy daade nie. Hy bly onaantasbaar, al ontferm Hy Hom oor wie Hy wil. Hy skenk genade, is barmhartig en lankmoedig.³⁾

God se Naam mag nooit van sy daade losgemaak word nie. Die Inhoud van die Naam wys na die daade, en dié daade is die daade van die Verbondsgod. Die HERE God het Israel in sy bevryden=de daade en reddende woorde gesoek en gevind en as aanduiding van, liewers as verwysing na Hom wat dit gedoen het, het Hy sy Naam gegee.⁴⁾ Wie sy Naam en sy daad dus los van

-
1. De Groot, J. en Hulst, A.R., op.cit., p.150-151.
 2. Baarslag, D.J., op.cit., p.357.
 3. De Groot, J. en Hulst, A.R., op.cit., pp.151-152.
 4. Heyns, J.A., op.cit., p.137.

mekaar maak, maak God uiteindelik naamloos en daadloos¹⁾. Meer nog, wie dit doen, verstaan ook nie God se daade nie. So sal die kind dan sit met 'n geskiedenis sonder 'n oorsaak en Doel, met 'n skepping sonder 'n Skepper, met 'n aarde sonder hemel, met 'n mens sonder God.²⁾

Sy Naam mag ook nooit van sy wese losgemaak word nie. In die Bybel dui God se Naam steeds sy wese aan. Trouens, die Naam van God is identies met die deugde en volmaakthede wat God van Homself na buite openbaar. Daarom kan gesê word: "Sy Naam is God self. Wat God van Homself wil gee, gee Hy as Hy sy Naam gee.

God is egter tog oneindig méér as net G - o - d. Uiteindelik is sy Naam nie veel meer as net 'n nadering tot die vir - die - mens - in - beginsel - Onbenaderbare; 'n benaming van vir - die - mens - in - beginsel - nie - Benaambare. In sy openbaring het God Hom van menslike voorstellinge en begrippe bedien - één daarvan is dat Hy Homself 'n Naam gegee het op grond waarvan die mens met hom in 'n ek - U verhouding kan tree.³⁾

1.6.2 אלהים

El is in die algemeen die woord vir god in die Semitiese wêreld, maar die betekenis hiervan staan nie vas nie. Die woord word veral in samestellings gebruik as 'n godsaanduiding, maar dit is ook op Jahweh van toepassing. Elohim kan vele betekenisse hê, byvoorbeeld gode, godheid, gees (1 Sam. 28), beskermgod (Ex. 21), die hemelse wesens rondom Jahweh se troon en ook die Godheid-God. Op Jahweh toegepas, het dit geen ander betekenis as laasgenoemde nie. Hy is Elohim - God.⁴⁾ "In early Israel the plural Elohim

-
1. Miskotte, K.H., Als de Goden Zwijgen, p.101.
 2. Heyns, J.A., op.cit., p.137.
 3. Ibid., pp.137, 138 en 139.
 4. Vriezen, Th. C., op.cit., p.208-209.

frequently denoted 'the divene', the divine power taken as whole".¹⁾

Wanneer Israel Elohim gebruik om daarmee hulle God aan te dui, dan kry hierdie naam sy volle sin vanuit die spesiale openbaring wat God sy volk skenk en nie vanuit die algemene Semitiese voorstelling nie. Wanneer Elohim gebruik word vir Jahweh, is dit duidelik wie Elohim is en wat Hy vir Israel beteken.²⁾

1.6.3 יהוה אלהינו

"Die HERE jou God," druk die persoonlike en eksklusiewe verhouding uit tussen God en Israel. Verder beklemtoon dit die feit dat daar 'n fundamentele verskil is tussen die God van Israel en die gode van die ander volke. Vir Israel is dit die lewende God wat bekend is uit sy daade in die geskiedenis. Dwarsdeur die Ou Testament kry ons die gedagte dat Jahweh die God van Israel is en dat hulle sy uitverkore volk is.³⁾

Die woorde is duidelik en onmiskenbaar evangeliese klanke. Diegene aan wie Hy sy wet gegee het, stel Hy in die posisie om Hom as hulle God, ja as hulle eiendom toe te eien. Hy is nie net 'n God nie, ook nie die God nie, maar jou God. Deur die besittlike voornaamwoord te gebruik, stel die almagtige God Hom as 't ware tot beskikking van die kind - met die oorweldigende implikasies dat die kind hom tot beskikking van God moet stel.

God gee sy Naam en daarmee Homself aan Israel. Hy gee dit terwyl Israel nie daarvoor gevra het nie en dit allermens verdien het; Hy gee dit op grond van sy verbondstrou.⁴⁾

-
1. Pedersen, J., Israël, its Life and Culture, p.499.
 2. De Groot, J. en Hulst, A.R., op.cit., pp.94-95.
 3. Manley, G.T., op.cit., pp.41-42.
 4. Heyns, J.A., op.cit., pp.109-110.

1.7 Die opvoedkundige implikasies van die teokratiese
feit en ideaal.

1.7.1 Die implikasies met betrekking tot die sin van die
opvoeding.

God is die ewige Skepper, Singewer en Onderhouer sonder Wie daar nooit 'n kosmos kan bestaan nie, maar alles in chaos sal wegsink. Soos alle dinge hulle bestemming in God vind, net so vind die opvoeding sy uiteindelijke sin in Hom. Derhalwe is dit duidelik dat ook die arbeid rondom die pedagogiese, ten einde waaragtig sinvol en Gode - welgevallig te wees, moet plaasvind onder die vaandel: S O L I D E O
G L O R I A! Die motief agter die bemoeienis van die volwassene met die volwasse - wordende opvoedeling is die "herbinding" van die kind aan God.

Die feit dat God die Singewer aan sy kosmos is en dat alles in Hom 'n sinvolle eindbestemming vind, druk ook 'n bepaalde stempel op die gelowige ouer se siening van wat die wese van die opvoeding nou eintlik is. Opvoeding word graag (en tereg ook) as "omhoogleiding" getipeer. Omdat die mens 'n ewigheidsbestemming het, volg dit uiteraard dat hierdie omhoogleiding van die opvoedeling, omhoogleiding na God self sal wees.¹⁾ Oor hierdie onderwys van Deuteronomium kan nie reg besin word sonder om "de doorwerking van die genadige presentie van de Leraar uit de hoogte" te erken nie.²⁾ Alles het vir die Israeliet sy ontstaan te danke gehad in een ewige prinsiep: "This principle was vividly experienced or apprehended as a living deity, Yahweh. So immediate and concrete was their consciousness of Yahweh that they felt that He actually appeared and spoke to them. The evolution of their ideas, their code of laws, religious practices, and educational forms - in fact, everything connected with their daily

-
1. Schoeman, P.G., Grondslae en Implikasies van die Christelike Opvoedingsfilosofie, pp.67-68.
 2. Miskotte, K.H., op.cit., p.182.

lives - was derived from this profound sense of the divine Presence and Will." Dwarsdeur die Ou Testament kry ons die uitdrukking waar God deur sy Woord tot die mens spreek. Hierdie Woord kan ook beteken om te onderrig.¹⁾

1.7.2 Die HERE self is die eintlike Opvoeder van Israel

Israel was geen eiemagtige instelling wat uit die volk self voortgekom het met sy eie wette nie. Israel was geen demokrasie nie, maar wel 'n teokrasie. Dit was 'n Godstaat waar die HERE God Self die opperste HEER was. God sorg soos 'n vader vir die liggaamlike, maar ook vir die geestelike heil van Israel, daarom skryf God Self vir hulle die weg van die opvoeding voor.²⁾ Inteendeel - die opvoeding was beskou as 'n bevel van God. 4:6. Die prototipe van alle onderwysers was God Self; deur Moses was Hy die hielige Onderwyser (4:1,5). Die opvoedkundige proses dra dus Goddelike sanksies en outoriteit. God Self was die Leraar van Moses (Ex. 4:12, 15).³⁾ Hy gee nie net teoretiese voorskrifte nie, maar selfs ook die praktiese. Hy gee aan hulle 'n wet en 'n streng eis van vervulling. Hy vermaan en dreig hulle hetsy deur sy eie Woord of deur middel van Moses.⁴⁾ As Bondsvolk moes Israel sy Bondseise gehoorsaam soos dit saamgevat is in Lev. 19:2 ev. ("Wees heilig want EK is heilig"). "Heilig moet julle wees, want EK die HERE, julle God is heilig." God het die volste reg om te eis dat sy volk moet lewe volgens sy wil. In verband met die eis om heilig te wees, kom ook die eis tot die streng handhawing van die tug. Die hele volk word geprys as hulle God se wet handhaaf, of die hele volk word gestraf as hulle sy wet oortree. God voed Israel op soos 'n seun (8:5), daarom ontvang die volk in sy geheel die loon en die beloftes of die waar-

-
1. Eby, F. and Arrowood, C.F., op.cit., p.108.
 2. Coetzee, J. Chr., op.cit., p.42.
 3. Kaster, J., op.cit., p.33.
 4. Coetzee, J. Chr., op.cit., p.24.

skuwings, onderwysing, teregwysing en straf.¹⁾ Wanneer God se toorn ontvlam teenoor sy volk, is dit soos wanneer 'n onderwyser kwaad word vir sy leerlinge; selfs wanneer Hy hulle straf is Hy altyd naby om hulle weer terug te lei op die regte pad (Vgl. Jes. 30:20; Job 36:22).²⁾ So dikwels moes God sy volk tereg wys vanweë hulle eie onmag. Dikwels gebruik Hy die wonder om sy wil oor die weerspannige Israel tot uitvoer te bring. Wanneer God sy volk tugtig, is dit nie uit toorn nie, maar uit liefde. Hierdie beginsel geld ook vir die opvoeder van sy kinders (Spr. 3:12). Hy wat nie sy seun tugtig nie, haat sy kind (Spr. 13:24; 15:32 ens).³⁾

God is dan die goddelike Leraar nie alleen in die sin dat Hy sy volk onderrig nie, maar ook in dié sin dat Hy hulle inspireer om ook te onderrig (Ex. 35:31-35).⁴⁾ Hierdie onderwys is egter nie net beperk tot die volk as geheel nie, maar ook tot die individuele volksgenote.

2. DEUT. 6:5

"Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag."

2.1 Vers 5 sluit aan by vers 4

Dit was reeds duidelik by vers 4 dat die eksegeese van die vorige vers bepaal word deur vers 5. Israel moes dit nadruklik hoor dat Jahweh alleen hulle God is, dit wil sê dat daar buiten Hom geen ander God is nie, en dit het God bewys in die historiese verlossingsfeite aan Israel. Holwerda⁵⁾

-
1. Waterink, J., Inleiding tot die Teoretiese Peadagogiek, Deel II, p.140.
 2. Kaster, J., op.cit., p.33.
 3. Waterink, J., op.cit., p.140.
 4. Kaster, J., op.cit., p.33.
 5. Holwerda, B., Eksegese O.T., Deel III, p.155.

wys op die innerlike samehang as König vertaal: "Höreund liebe" en as hy ook verder praat van "zwei Hauptgundsätze". Ridderbos¹⁾ sê: "Uit die fundamentele waarheid van vers 4, volg die fundamentele gebod, dat Israel die HERE moet liefhê." Ook Driver²⁾ se "and thou salt love" wys in die rigting van aaneenskakeling.³⁾ Die wâw-konsekutief by וְאֵלֶיךָ dui hier die logiese gevolg uit die voorafgaande: "Daarom moet jy..... ." Met ander woorde וְאֵלֶיךָ is nie verbonde aan die וְאֵלֶיךָ nie, dog met die inhoud van וְאֵלֶיךָ ens. Israel moet God nie liefhê as gevolg van die "hoor" nie, maar as gevolg van die gehoorde feit, naamlik dat Hy as Enige hulle God is. So kry וְאֵלֶיךָ sy fondament.⁴⁾

2.2 וְאֵלֶיךָ (stam וְאֵלֶיךָ)

וְאֵלֶיךָ spreek van God se uitverkiesende liefde, terwyl וְאֵלֶיךָ spreek van God se verbondsliefde.⁵⁾ Moran⁶⁾ wys op 'n merkwaardige geval in verband met die Deuteronomiese woord וְאֵלֶיךָ. Hierdie woord is direk geleen uit die verdrags=tradisie en dit verskyn in Deuteronomium met 'n betekenis wat presies dié "liefde" impliseer wat die vasal verskuldig is aan sy opperheer. Van die vasal word verwag om getrou te wees en homself te wy aan die diens van sy opperheer. Hierdie is 'n "liefde" wat wesenlik neerkom op gehoorsaamheid en getrouheid, 'n liefde wat beveel kon word en wat beveel is. Dit is dus bekende verdragsterminologie wat binne die ervaringsveld van die kind val en so moes die kinders van Israel presies geweet het wat hierdie "liefde" beteken en hoe hulle dit moes nakom.⁷⁾

1. Ridderbos, J., op.cit., p.122.
2. Driver, S.R., A Critical and Exegetical Commentary on Deuteronomy, p.91.
3. cf. Vonk, C., op.cit., p.498.
4. Holwerda, B., Exegese O.T., Deel III, p.155.
5. Ibid., p.128.
6. Moran, W.L., "The Ancient and Near Eastern Background of the Love of God in Deuteronomy," in C.B.Q., 25, pp.77-87.
7. cf. Hillers, D.R., Covenant: The History of a Biblical Idea, pp.152 et seq.

Dié Hebreeuse woord kom ook uit die woordeskat van die gesinslewe en so druk dit die mees warmte en intieme van alle menslike verhoudings uit. In sy menigvuldige gebruik van die woord *אֱהֵב* vermy die boek die wettiesisme van 'n godsdiens wat hoofsaaklik gebaseer is op diens en plig - die motief vir die diens aan God is immers dankbaarheid en nie vrees nie.¹⁾

Hierdie liefde vorm geen teenstelling met vers 2 en ook nie met die res van die Ou Testament nie. Dit is nie in teenstelling met die term "vrees" nie, maar dit toon 'n verhouding van 'n ander sy. Dat die liefdeseis hier aan die begin geplaas is, is van groot betekenis. Die eis om die HERE lief te hê vloei voort uit die "jou God" (die "onze God" van vers 4). Die byvoeging van "met jou hele hart, siel en krag" is ook gegrond in wat in vers 4 genoem is, naamlik dat die HERE alleen Israel se God is. Vir verdeelde liefde is daar dus geen plek nie. By die "jou God", kan 'n mens in verband met die voorafgaande (vgl. 5:2) dink aan die verbond; origens is die uitdrukking van die ruimste strekking; by die liefde is daar spesiale aanleiding om te dink aan die vaderskap van God oor Israel (Ex. 34:15 ev.), of aan die huweliksverbintenis waarin Hy tot Israel staan (Hos. 1-3).²⁾ Die unieke liefde van Jahweh vra ook 'n unieke en onverdeelde wederliefde van Israel tot Jahweh. Dit is soos in 'n monogame huwelik; alle egtelike liefde van die man is vir sy vrou en al haar wederliefde is vir haar man.³⁾

Hierdie verbondsliefde van God wys ook op die volgende:

- a. die affektiewe moment;
- b. die voorkeur;
- c. die grondelose;
- d. die doel: diens aan God.⁴⁾

-
1. Francisco, C.F., The Book of Deuteronomy, p.35.
 2. Ridderbos, J., op.cit., pp.122-123.
 3. Vonk, C., op.cit., p.498.
 4. Holwerda, B., Exegese O.T., Deel III, p.128.

Ek het jou lief - gawe indikatief. Jy moet my liefhê - eis - imperatief. So moet jy my liefhê - antwoord - responsief. God gee Homself nie net in liefde aan die mens nie; Hy verwag van die mens - omdat hy nie 'n ding is nie maar 'n persoon - ook wederliefde. God stel Homself vir die mens verantwoordelik en daarom maak Hy die mens ook verantwoordelik. God gee sy Woord aan die mens en die mens moet daarop antwoord. In God se genade behandel hy die mens selfs in sy sonde as 'n verantwoordelike wese. Die verlossing word hom aangebied en hy moet antwoord. Gods handelinge is indikatief en imperatief - en beide moet onder die perspektief van heil gesien word. Die wet kan met die imperatiewe karakter van God se handelinge in verband gebring word.¹⁾ Oor hierdie aspek van God se liefde skryf Rushdoony:²⁾ Dit beteken dat die mens God totaal moet gehoorsaam in al die omstandighede van sy bestaan. Die mens is 'n skepping van God en so is daar niks in die mens wat nie God se handewerk is nie. As gevolg hiervan is hy tot onderworpenheid aan die totale wet gedwing. Daar is geen kompartement in die menslike lewe wat hy kan reserveer en verwyder weg van God en sy wet nie. God se liefde roep om wederliefde. Sy genade - omdat dit genade is, Sý genade - eis beantwoording. Sy genade gaan nog verder: die gestalte van die beantwoording van die genade, en die vorm van die wederliefde, word nie aan die willekeur van die mens oorgeelaat nie, maar dit word aan die mens gegee, by name in die wet. Gods handelinge roep nie net die kind tot aksie nie, maar sê ook hoe die aksie van die kind daar sal uitsien en dit bring die kind nie alleen in beweging nie, maar dit gee ook koers en rigting aan sy beweging. Die Goddelike Woord is 'n mededeling, maar eis ook 'n antwoord, en wanneer die kind dit beantwoord, dan antwoord hy nie sy eie woorde nie, maar in die antwoord wat reeds aan hom gegee is.

1. Heyns, J.A., op.cit., pp.44-45, 46.

2. Rushdoony, R.J., op.cit., p.21.

V66r die kind nog antwoord is die gestalte van sy antwoord reeds in die vorm van die wet vasgelê. God se woord wat as 'n mededeling én 'n eis aan die kind is, is tegelyker=tyd ook 'n antwoord vir die kind. Gods handeling is dus mededelend, gebiedend en antwoordend. Die wet is nie 'n blote formele imperatief nie; dit sê nie net dat die mens moet reageer nie, maar ook hoe hy moet reageer.¹⁾

Die eis om God lief te hê kry sy regmatige plek in die God-mens verhouding reg van die begin af, want dit verwys altyd terug na God wat die mens eerste lief gehad het.²⁾ Die bevel om God lief te hê kan alleenlik verklaar word uit God se onvoorwaardelike liefde vir Israel (7:7-8; 10:15). "It is necessary to see here that the command to love God has meaning and compulsive power only in relation to God's prior love."³⁾ Die Deuteronomis poog om in die geskiedenis hierdie eerste liefde aan te toon in God se openbaring, uitverkiesing van en verbondsluiting met Israel. Hy wys nog verder terug na God se sorg, bewaring en leiding in die lewens van die aardsvaders. Die sentrale manifestasie van God se liefde word daarin geopenbaar dat Hy sy Woord aan die volk gegee het - sy Woord deur sy wet word 'n waarborg dat sy leiding altyd teenwoordig sal wees - in alle historiese situasies. Ook God se straf staan in verband met sy liefde. Die kultiesehandeling soos die Sabbat en die Paasfees is om die kind te herinner aan sy liefde. Wanneer Deuteronomium die wortel אהבה gebruik om die liefde mee uit te druk, is dit spontaan en direk; 'n mag wat die kind se hele wese vul.

Om die liefde vir God met die vrese van die HERE te verbind in Deuteronomium is nie moeilik nie. Om God te vrees is om sy gebooie te onderhou en in sy weë te wandel, met ander woorde dit beskryf vir ons die regte gesindheid tot God. So kan ons vrees en liefde in dieselfde asem noem as be=

-
1. Heyns, J.A., op.cit., p.45
 2. Eichrodt, W., op.cit., Vol. II, p.296.
 3. Blair, E.P., Deuteronomy, Joshua, p.37.

skrywings van die regte gesindhede tot God. "The requirement of love is thus nothing other than a new clarification and deeper understanding of the old commandment to fear God."¹⁾

Dit is egter nie genoeg om God lief te hê met die totaliteit van sy bestaan nie, want die gevaar bly nog altyd daar dat die liefde kan degradeer tot blote sentimentaliteit. Liefde moet uitgestort word; dit moet beoefen word in die lewe van 'n kind. Die daaglikse lewe moet die positiewe resultaat wees van die regte toewyding; daarom moet God gedien word met al jou kragte.²⁾ Die liefde tot God is 'n kenmerk van sy ware aanbidders.³⁾

Christus haal hierdie woorde aan in Matt. 22:37; Mark. 12:30; Luk. 10:27. Hier gee Jesus allermens 'n nuwe gebod. 'n Mens kan sê omdat Deuteronomium die gebod eerste plaas, dat dit "die eerste en die groot gebod" is waaruit al die ander voortvloei. Die fundamentele betekenis van die gebod word nog duideliker ontvou deur Christus se uitdruklike kwalifikasie en eweso deur sy uitspraak dat aan hierdie gebod, saam met die liefde aan die naaste, die ganse wet en die profete hang.⁴⁾ So ken selfs die Evangelie nie 'n hoër gebod as hierdie een nie. Die verskil tussen die Nuwe Verbond en die Oue bestaan eenvoudig hieruit: Die liefde wat God in die Evangelie aan sy belyers beveel, is meer intensief, warmer en hartliker as dié in die wet wat Moses aan Israel beveel het. In die Nuwe Testament word die liefde van God in 'n baie groter en gloriërker vorm as in die Ou Testament openbaar. Dit is die vrug van die rype openbaring van God se liefde in die sending van sy Seun vir ons verlossing. Dit is 'n groter en ryker liefdesdaad as God se verlossing van Israel.⁵⁾

-
1. Eichrodt, W., op.cit., Vol. II, pp.297-299.
 2. Francisco, C.T., op.cit., p.36.
 3. Smith, G.A., The Book of Deuteronomy, p.99.
 4. Ridderbos, J., op.cit., p.123.
 5. Keil, C.F. and Delitzsch, F., op.cit., p.324; cf. ook Ridderbos, J., op.cit., p.123.

2.3 Die terme $\aleph\aleph\aleph$ en $\aleph\aleph\aleph$

Die eksklusiwiteit van God se uitverkiesing moet beantwoord word in die eksklusiwiteit van Israel se religie, waar hulle bewustelik vir Jahweh moet kies met die uitsluiting van die ander gode. As gevolg van hierdie feit kry ons die terme $\aleph\aleph\aleph$ en $\aleph\aleph\aleph$. Vir Driver¹⁾ is hart die sentrum van die intellek en siel die setel van die liefde. Keil²⁾ skrywe: Die hart word eerste as sentrum van die emosies in die algemeen en liefde in die besonder genoem, dan volg siel as die sentrum van die mens se persoonlikheid. Volgens Ridderbos³⁾ is "hart" en "siel" hier sinonieme begrippe vir dié innerlike waarin die liefde setel. Die stellings is in 'n groot mate waar, maar dit beteken nog veel meer. Holwerda⁴⁾ skryf: "Uiteraard naderen in deze verbinding $\aleph$ en $\aleph$ in betekenis elkaar; toch blijft in $\aleph$ altijd de gedachte van het regulerende actieve lewenscentrum gevoeld, terwyl $\aleph$ aanduiding is van het ganse innerlijke leven als samestel van de door $\aleph$ gereguleerde onderscheiden krachten." Party geleerdes sien in hierdie verbinding die aanduiding van intensiteit, terwyl ander dit as die verinnerliking van die religie sien. Beide hierdie elemente is wel aanwesig, maar tog sê dit nie alles nie: "hier wordt gesproken van het radicale ($\aleph$) en de totale ($\aleph$) der bekering. Zowel de activiteit ($\aleph$) als het allesomvattende ($\aleph$) der innerlijke verandering word geaccentueerd." Die motief van die nuwe gehoorsaamheid is in elk geval 'n sentrale, alles deurdringende oriëntasie op Jahweh, met ander woorde met 'n "onverdeelde" hart. $\aleph$ beteken vir die Israeliet die totale persoon. Nadat God die asem van die lewe in die mens geblaas het, het hy 'n lewende siel geword. Daar is 'n paar gedeeltes in die Ou Testament waar $\aleph$ verbind is aan gees of aan die asem, maar hierdie gedeeltes kom selde voor (vgl. 1 Kon. 17:22).⁵⁾

-
1. Driver, S.R., A Critical and Exegetical Commentary on Deuteronomy, pp.90-91.
 2. Keil, C.F. and Delitzsch, F., op.cit., p.323.
 3. Ridderbos, J., op.cit., p.123.
 4. Holwerda, B., Exegese Oude Testament, Deel III, p.117.
 5. Francisco, C.F., op.cit., p.36.

Beide terme "are brought in actual usage, into some sort of inter relation..... We may say, then, that the unity of personality, as conceived by the Hebrew, found its emotional expression chiefly under the name of nephesh, whilst intellectual and volitional activity centred in the heart as organ."¹⁾ As die terme "hart en siel" hier saamgebruik word, beskryf dit dus die totaliteit van die mens se wil en sy bestaan. Die kind moet God liefhê met alles wat hy is: verstand, wil, liggaam en gees.²⁾ "One God demands the whole man."³⁾

2.4 לֵב וְכִלְיָיִם

לֵב וְכִלְיָיִם word by die bogenoemde woordpaar bygevoeg. לֵב kom alleen hier en in II Kon. 23:25 voor. Die LXX vertaal dit met *δυνάμεις*. God vra wederliefde waarby alle gevoel, gedagtes en wilsbeslissinge, dus met een woord, alle potensies van die mens betrokke is. Hierdie liefde moet onverdeelde liefde wees.⁴⁾

2.5 Ten slotte is dit nog goed om te let op die volgende drie aspekte:

2.5.1 "Bevele" is anders as "dwang". Van dwang is hier geen sprake nie, omdat Jahweh sy kinders self laat kies, maar tog is die hele Skrif eenstemmig in die plasing van die hart onder die tug van die verbondsnorm. Liefde is nooit outonoom nie.

2.5.2 Hoe sterk affektief die werkwoord לֵב ookal gelaai is, is dit tog altyd veel meer as net 'n gevoelsinhoud. Die term sluit ook 'n element van 'n bewuste keuse in, en dan is dit ook 'n saak van die hart. Hierdie liefde openbaar homself altyd in daade (vgl. 6:6-9).

-
1. Robinson, H.W., The Christian Doctrine of Man, p.26.
 2. Francisco, C.F., op.cit., p.36.
 3. Smith, G.A. op.cit., p.99; cf. ook von Meyenfeld, F.H., Het Hart in het Oude Testament, p.17; (Die verband pleit daarvoor dat ons nie in die uitdrukking die "sentrale" oorgawe moet sien nie, maar wel die "totale" oorgawe).
 4. Kittel, G., op.cit., Vol. III, p.285; cf. K.B.L., p.488.

2.5.3 Hierdie eis vloei voort uit die genade van God se liefde en juis hieroor het God die mag om te beveel.¹⁾

1. Holwerda, B., Exegese O.T., Deel III, pp.156-157.

HOOFSTUK 4

DEUT. 6:6 - 9

1. DEUT. 6:6

"En die woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees;"

1.1 וְהָיָה

Die perfektum-konstruksie וְהָיָה het 'n betekenis van 'n imperatief.⁽¹⁾

1.2 וְהָיָה לְךָ וְהָיָה לְךָ

Die וְהָיָה⁽²⁾ van iets of iemand is in Hebreeus: die eie betekenis of die eie plek van iets of iemand. Mens kan selfs sê: die wese (ook al druk jy jouself te wysgerig uit). Die וְהָיָה is dit wat van iemand uitgaan en waardeur hy homself bekend stel en daarom is וְהָיָה dikwels met krag gelaai. Iemand kan homself deur sy וְהָיָה laat geld en daarom kan mens dit nie net alleen met die woord vertaal nie, maar ook met die daad. In die woord skuil daar kreatiewe krag.

In die besondere en in die volstrekke sin geld dit ook vir die Woord van Jahweh:

- (a) Hy openbaar Homself deur sy וְהָיָה;
- (b) Hy laat Homself geld deur sy וְהָיָה - sy Goddelike krag word hierdeur ervaar;
- (c) deur sy וְהָיָה is Hyself teenwoordig.

Sy וְהָיָה is Hyself soos Hy uit sy verborgenheid Homself openbaar; Hyself plus wat daar van Hom uitgaan.³⁾

-
- 1. Holwerda, B. Exegese O.T., Deel III, p.157
 - 2. cf. K.B.L., pp.199 - 202.
 - 3. Pop, F.J., Bijbels Woorden en Hun Geheim, pp.579 - 580.

777 sluit die "dianoëtise" moment in (die woorde bevat 'n bepaalde gedagte), maar ook bevat dit 'n dinamiese moment (die woord werk in die geskiedenis). Vanweë die laaste, die energieke moment in 777, kan die meervoud net soos in die Griekse "rhemata", "geskiedenis" beteken⁽¹⁾ Israel se geskiedenis is ondenkbaar sonder die Woord. Die Woord van Jahweh is die middel waardeur Hy die geskiedenis maak. Hy doen wat Hom behaag. Dit is 'n hemelse kreatiewe krag wat op die aarde werk. Een oomblik is 777 die statiese en onveranderlike wet en die ander moment is dit die dinamiese bewegende profesie, wat die geskiedenis verander in 'n organiese proses waarin God se kosmiese raadsplan uitgebasuin word. Die Woord is dan die mag wat die geskiedenis stuur en rig.⁽³⁾ Israel moet dus aan die heilsgeskiedenis bly vashou. Met die verlies van hierdie feit as beheersende lewensmag, gaan daarmee ook outomaties Israel se unieke posisie onder die ander volkere verlore. Israel se geskiedenis is werklik geskiedenis wat met eie oë waargeneem is. Hierdie is beslissend 'n intellektuele kennis nie. Die heilsgeskiedenis soos wat dit op Horeb beleef is (en soos ons die heilsfeite in die Nuwe Testament tot vervulling sien kom het) moet die hart as lewenssentrum beheers en van daar al die uitgange van die lewe bepaal. Daarom moet dit pertinent vir die kinders ingeskerp word. Hierdie onderwys is dan ook die hoofmoment in die opvoeding. Die onderwystradisie wat hieruit voortgevloei het, was dan ook van groot betekenis vir die vorming van die kanon en ook vir die oordrag van die kanon van die Ou Testament. Moses was bewus van die uitsonderlike en unieke posisie wat Israel beklee het by die Horeb-openbaring - dit was iets wat die heidene nie gehad het nie. Dit was egter ook so dat

-
1. Holwerda, B., Exegese O.T., Deel III, p.95.
 2. Pop, F.J., op.cit., p.581.
 3. Eichrodt, W., op.cit., Vol. II, p.74.

Israel sy besondere posisie alleen kon behou, as hy uit dié feite geleef het en dit as die 777 in die genoemde konteks erken het.⁽¹⁾

Die woord d ā b ā r gee aan ons 'n duidelike beeld as uitdrukking van Gods soewereiniteit soos dit gebaseer is op die ondervinding van die Goddelike Woord uit die geskiedenis. Israel se verhouding met God rus in die eerste plek op die Woord van God. Die dekalooq van die Sinaï-verbond staan bekend as "die tien woorde". Israel lewe baie naby die wet. Ons lees: "maar baie naby jou is die woord, (dit is alle openbaringe van Jahweh tot die mens) in jou mond en in jou hart, om dit te doen" (30:14). Israel leef nie enkel van die brood nie, maar in die diepste sin van die Woord van Jahweh.⁽²⁾ Die woorde is die magtige proklamasie van die Goddelike wil waarby die volk se lewe bepaal word en ook die fundamente gelê word vir alle toekomstige wetgewing. In Deuteronomium word die term 777 uitgebrei om alle tipes van die wetlike aspekte te dek. Die woord word 'n omvattende betiteling vir die wet van die volk en dit verwerf 'n verskerpte betekenis, want die wette deel ook in die openbaringsgeskiedenis van die wet van Sinaï. So is die ganse lewe van die volk gebaseer op die Woord van God waarin die duidelike wil van hulle soewereine God opgesom lê. Die innerlike mag van hierdie woord se doeltreffendheid kom alleen van God wat in sy majesteit dit spreek.⁽³⁾

Die benaming van Christus as die λόγος in Joh. 1:1 is baie nou verbonde aan die begrip van die Ou-Testamentiese 777 en dit verskil totaal van die Hellenistiese begrip van die woord λόγος, maar dit sien op die universele en soewereine wil van die persoonlike God; verpersoonlik in sy dinamiese momentum in die

-
1. Eichrodt, W., op.cit., Vol. II, p.72
 2. De Groot, J. en Hulst, A.R., op.cit., p.283.
 3. Eichrodt, W., op.cit., Vol. II, p.72.

lewe van die mens. Die Woord van God moet die Goddelike wil openbaar en wel op so 'n wyse dat dit 'n bewys is van die persoonlike en geestelike natuur van God se handeling met die mens. Die woord לדבר beskerm egter die verborgenheid van die Goddelike majesteit.⁽¹⁾ Die lewende element kom miskien die sterkste uit in die feit dat die formulering van Gods Woord in die Nuwe Testament alleen vir die werk en openbaring van Christus gebruik word. Daarom kon die Woord vlees geword het (Joh. 1).⁽²⁾

In Israel word die woord לדבר ook verstaan as die kosmiese krag van God die Skepper. By die skeppingsverhaal kom die begrip van die woord duidelik na vore waar God alles deur sy Woord skep. (Vgl. verder dieselfde begrip in Ps. 33:6; 104:7; Jes. 40:26; 44:24 ens.)⁽³⁾

"De dianoëtische - energetische woorden Gods dienen een macht te zijn, die het leven beheerst." Tog is dit geen nomisme nie, want die gebod dra 'n evangeliese karakter. Die strekking van die woord is die sentrale openbaring van Gods liefde. Hier gaan die eis dus oor die eerbiedige bewaring van dié in die Woord geskonke genade.

1.2.1 לדבר

Die vraag is nou of die woord betrekking het op die voorafgaande, dit wil sê verse 4 en 5, of op die hele wet. In vers 1 het ons gesien dat לדבר op die voorafgaande gewys het sowel as op die vervolg. Die toevoeging van לדבר לדבר לדבר dwing mens om hierdie woorde nie te beperk tot verse 4 en 5 nie, want Moses sê hier tog veel meer al is dit ook 'n nadere uitwerking van vers 4 en 5.

-
1. Ibid., p.80.
 2. Vriezen, Th. C., op.cit., p.106; cf. ook Eichrodt, W., op.cit., Vol. II, p.80.
 3. Eichrodt, W., op.cit., Vol. II, p.71.

1.3 Hierdie sin mag nooit gesien word as 'n retoriese breedheid nie. Moses herinner sy volk daaraan dat hy (וַיִּנָּח) weer as middelaar optree by hierdie wetgewing. Sy funksie is וַיִּצַּח , die oplegging van die verbondsvoorskrifte (vgl. verder by 1:1 in verband met וַיִּצַּח).⁽¹⁾

1.4 הַיּוֹם הַזֶּה

Die woorde herinner aan die feitlike situasie van die moment: "God gaf ze aanvankelijk al hun erfenis, en staat op hen punt hun alles te geven." Dit wys op die bestaande toestand, dit wil sê wat Israel sien, die tasbare feite soos Israel se uitverkiesing en die krag wat God aan hulle bewys het soos bv. in die Exodus uit Egipte.⁽²⁾

1.5 Die bysin hier is eintlik 'n samestelling van die verbond: vanweë die ontvangende genade gee God sy bevel. Hy laat die wet ook predik, met ander woorde ons het hier die genademiddele in die sin van die uitleg in die Heidelbergse Kategismus, Sondag 25 en 44. God gee nie slegs die wet nie, maar Hy laat ook die sin, betekenis en agtergrond daarvan verkondig. Deur hierdie onderwys wil Hy sy volk beweeg om sy wil te doen. Deur onderrigting word die lewe na die wet moontlik gemaak en daarom kan Hy ook vir Israel vra dat hierdie woorde op hulle hart moet wees.⁽³⁾

1.6 לֵבְךָ לַיהוָה

1.6.1 Die letterlike betekenis van die Hebreeuse woorde is: "dit sal op jou hart wees". (Vgl. met 11:18: "Lê dan hierdie woorde van my weg in julle hart en in julle siel"; Jer. 31:33: "Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op

-
1. Holwerda, B., Exegese O.T. Deel III, pp.157-158.
 2. Ibid., p.137.
 3. Ibid., p.158.

hulle hart"). Die betekenis van "op die hart" verskil weinig van "in die hart" (vgl. met "in hulle binneste" van Jer. 31:33). Met die "op" blyk dit asof die hart voorgestel word as 'n tafel waarop die woorde geskrywe staan (soos in Jer. 33:31; Spr. 3:3; 7:3; Jer. 17:1).¹⁾ 5 het dus die gewone betekenis ('n taak wat "op" iemand rus, vgl. die Duits "aufliegen"). Moses wil dat Gods woorde "op Israel se hart" sal wees, dit wil sê hulle moet die woorde ter harte neem.⁽²⁾

1.6.2 Die religieuse gebruik van 115.

Hierdie woorde wat op hulle hart moet wees, gaan oor die religieuse besinning in verband met die gebod van Jahweh. Die erns waarmee Moses hier praat, dui beslis daarop dat hy met sy volk in 'n figuurlike sin spreek. Met "hart" word in die vers die religieuse verdieping aangedui.⁽³⁾ Prakties gaan elke vorm van die religieuse aktiwiteit uit die hart uit. Die openbaring van Jahweh rig homself tot die hart. Ons sien immers herhaaldelik dat die hart optree as die ontvanger van die Woord van God. Die hart is die brandpunt van die religie.⁽⁴⁾ 15 verteenwoordig die hele mens.⁽⁵⁾ Religie word gesien as die verhouding van die hele persoon tot God.⁽⁶⁾ "Het hart is het innerlijke wezen van een mens, waarvan zijn wil en handelingen uitgaat", skryf Vriezen.⁽⁷⁾ Luther⁽⁸⁾ sê: "Hierdie woorde moet in jou hart wees, met ander woorde hulle moet daar regeer." As hierdie woorde nie in die kind se hart is nie, sal hy nooit daarin kan slaag om Gods wette veilig en korrek te "gebruik" nie.

-
1. Ridderbos, J., op.cit., p.124.
 2. Holwerda, B., Exegese O.T. Deel III, p.158.
 3. Von Meyenfeldt, F.H., op.cit., p.17.
 4. Ibid., p.182.
 5. Ibid., p.152.
 6. Ibid., p.156.
 7. Vriezen, Th.C., op.cit., p.194.
 8. Pelikan, J. and Poellot, D., op.cit., p.60.

Die hart is die kern van die menslike wese, die konsentrasie=punt en wortel van sy bestaan. Uit die hart is die oorsprong van die lewe (Spr. 4:23). In die kind se hart word prinsipieel sy lewensrigting bepaal. Alles wat hy doen of dink, het ten diepste sy oorsprong in sy hart.

Die hart is die setel van die religie; die geesteskrag wat sy hele lewe veranker en beheers.

Is die kind se hart nou - ooreenkomstig God se Woord - geheel aan God gewy, dan sal sy daade, woorde en gedagtes ook metterdaad aan God welgevallig wees. Is, daarenteen die kind se hart gerig op die afgod, dan sal dit ook oor die hele linie heen na buite tot openbaring kom in die nie-Goddelike lewe.⁽¹⁾

1.6.3 Die karakteristieke van hart in die Ou Testament.

Hierdie karakteristieke is gevind in die representatiewe gebruik van לב .

- (a) Ten eerste verwys dit na die belangrike en vername plek wat representatiewe orgaan tussen die ander organe bekleë.
- (b) Verder beteken dit ook dat die verteenwoordiger en die verteenwoordigende onderskei kan word.⁽²⁾ Tog kan ons dit nie skei van diegene wat dit verteenwoordig nie. Dit is immers deel van 'n totaliteit, waar hierdie totaliteit hom saamtrek.⁽³⁾
- (c) Ook dui dit aan dat "hart" nie net verwys na die fisieke - of geestelike deel van die mens nie, maar dat dit die hele persoon verteenwoordig.

1. Gispén, W.H., De Spreuken van Salomo, Deel I, p.81;
Venter, E.A., Die Gelowige en die Samelewing, p.9.
2. Von Meyenfeldt, F.H., op.cit., p.218.
3. Ibid., p.152.

In die diepste wese beklemtoon dit hierdie karakteristieke: die egte, die onvervalste en die essensiële. In die laaste toespitsing word al drie die vorige begrippe gekonsentreer. Dit is vanselfsprekend dat hierdie diepste betekenis nie altyd op die voorgrond tree nie, want soms bly dit onder die oppervlak. Dikwels ontwikkel die betekenis van (777) 77 nie so ver nie, of dit is alreeds by die punt verby. Nogtans moet die diepste betekenis van "hart" nie uit die oog verloor word nie, omdat dit baie keer bydra tot die fundamentele betekenis.⁽¹⁾

1.6.4 Hart in die noëtiese sin.

1.6.4.1 Om die opvoedkundige implikasies rondom die terme (777) 77 beter te begryp, is dit belangrik om ook die terme in die noëtiese sin deur die hele Ou Testament in oënskou te neem.

1.6.4.2 Verdieping in die waarneming.

(Vgl. Ex. 7:23; 9:21). Om deur te dring tot jou hart. Die hart is hier die waarnemingsorgaan en dit gaan veel dieper as bloot net die sintuiglike waarneming. Hierdie dinge moet op jou hart wees, met ander woorde jy moet dit ook verstaan. In die Afrikaanse idioom: iets ter harte neem.

1.6.4.3 Herinnering.

(Vgl. Deut. 4:9; Spr. 4:4; 4:21; Ps 31:13 ens.). Dit moet aktief in die geheue wees. Dit is inderdaad herinnering en verdieping in die geheue. Vgl. die tipiese uitdrukkings: "Laat jou hart my woorde vashou" (Spr. 4:4); "...bewaar hulle binne in jou hart" (Spr. 4:21); "en dat hulle uit jou hart nie wyk nie (4:9).

1. Ibid., pp.218-219.

1.6.4.4 Kennis.

(Vgl. Spr. 15:7; 15:14; 18:15). Veelseggend is veral Spr. 15:7: "Die lippe van die wyse strooi kennis uit, maar die hart van die dwase is nie reg nie." Uit die teenstelling blyk dit ook dat die hart met die kennis te doen het en dat hierdie kennis die kenmerk van betroubaarheid dra. Die ander uitdrukkinge spreek van die najaag van die kennis deur die hart. Kennis is dus 'n ideaal van die hart.

1.6.4.5 Insig.

Dat insig by die verse 'n diepere betekenis het, blyk beslis uit die religieuse karakter soos ons dit vind in Deut. 8:5 en 29:3. Spreuke vra dat die hart insig moet najaag (Spr. 2:2).

1.6.4.6 Besinning.

(Vgl. Deut. 4:39; Jes. 32:4; Spr. 15:28). Met besinning word iets veel meer en ruimer bedoel as net verstand, soos dit duidelik blyk uit Deut. 4:39. Gods daad moet hulle weer deurdring tot die hart. Ook Deut. 30:1 spreek in dieselfde trant.

1.6.4.7 Kritiese beoordeling

(Vgl. Jos. 14:7; Pred. 2:1; 2:3 ens.). Jos. 14:7 praat van Kaleb se kritiese kommentaar oor die rapport wat hy bring.

1.6.4.8 Die besef vir die geskiedenis.

In die menslike hart skuil die drang om die verlede, die hede en die toekoms te ondersoek. In die hart is daar 'n bewustheid vir die geskiedenis. (Vgl. Pred. 3:11).

1.6.4.9 Bekwaamheid tot die onderwys.

"Hy het dit ook in sy hart gegee om ander te onder=rig" (Ex. 35:34). "Hart" is hier die samevatting van alle moontlikhede van die mens, onder andere die onderwys. Selfs die gawe om onderwys te gee, kom van Jahweh.⁽¹⁾

1.6.4.10 Hart as die orgaan van die Wysheid.

(Vgl. Spr. 2:10; 10:8 ens.). Hart en die ver=gader van wysheid gaan saam. Die ḥḥḥḥ is geen abstrakte wetenskap nie, maar 'n diepe kennis, wat staan of val by die geïnteresseerde deelname van die mens.⁽²⁾

2. DEUT. 6:7.

"en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op jou pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan."

2.1 Die stam ḥḥ het niks te doen met die woord ḥḥḥ (twee) soos sommige vertalers beweer het nie. Hierdie foutiewe veronderstelling het daartoe gelei dat die woord vertaal is as $\delta\epsilon\upsilon\tau\epsilon\rho\omega\sigma\epsilon\iota\varsigma$. ḥḥ is die gewone woord vir inskerp of ingraveer.⁽³⁾ Die bedoeling is baie duidelik dat die ouers die kinders 'n onuitwisbare opvoeding in verband met hierdie woorde moet gee. (Vgl. ook in die geval Ps. 78:5 v.v.).

Vers 5 voeg daaraan toe dat mens Jahweh eksklusief moet dien en vers 6 en 7a sê dat dit moet geskied vandag en môre; dus ten alle tye. Vers 7b vra dat dit die onderwerp van bespre=king moet wees, hiermee word die inhoud van die gesprek nie net op 'n hoër peil gebring nie, maar so sou Israel haar

-
1. Von Meyenfeldt, F.H., op.cit., pp.42-146.
 2. Ibid., p.156.
 3. K.B.L., p.998.

eintlike doel vervul; elke woord is gestel in diens van die onderhouding van die gebooie (vgl. וְהָיָה in vers 7a). Die slot van vers 7 lê daarop nadruk dat die woorde die ganse dag deur heerskappy het, ononderbroke vir werksplek en slaapkamer.⁽¹⁾ Dus binnes- en buitenshuis, van smôrens vroeg tot saans laat. "They are to be a subject of conversation at all times."⁽²⁾ 'n Mens mag dit egter nie in dié lig sien dat Israel oor niks anders gepraat het as net oor die godsdiens nie. Die vers lê ook klem op die sosiale sy van die gebooie - laat ook die ander sien en weet dat jou lewe deur God se gebooie regeer word. Swyg Jahweh nie dood nie.⁽³⁾

Hierdie opvoedingsbevel kan met I Thess. 5:17 vergelyk word; die orals en ten alle tye van vers 6, laat ons dink aan die; "Bid sonder ophou." Die onderrig "sonder ophou" geld wel vir die kind, maar dit beperk hom nie alleen hiertoe nie ("op jou weg" is jou kinders tog nie altyd by jou nie). Die strek=king is ook daarom dan veel wyer - dit leer dat hierdie gedag=tes lewendig en fris gehou moet word by jouself en by andere.⁽⁴⁾

2.2 'n Kultuurhistoriese oorsig van die Israelitiese Opvoeding

Om die omvang van die opvoedkundige implikasies van die hoofstuk in 'n beter en wyer perspektief te sien, is dit ook nodig om kortliks 'n opsomming te gee van Israel se opvoedkundige geskiedenis vanaf die uittog tot by die post-eksiliese tydperk.

2.2.1 Vroegste jare

Gedurende die eerste jare van 'n kind is hy gelaat in die sorg van sy moeder, of selfs in die sorg van 'n oppasser (II Sam. 4:4)⁽⁵⁾. Die jong Israeliet het die meeste van sy

-
1. Holwerda, B., Exegese O.T., Deel III, pp.158-159.
 2. Driver, S.R., A Critical and Exegetical Commentary on Deuteronomy, p.92.
 3. Vonk, C., op.cit., p.499.
 4. Ridderbos, J., op.cit., p.142.
 5. Cf. Swift, F.H., Education in Ancient Israel to 70 A.D., p.22.

tyd deurgebring in die strate en op die pleine, waar hulle gespeel het met seuntjies en dogtertjies van hulle eie ouderdomsgroep (vgl. Jer. 6:11; 9:20; Sag. 8:5). Hulle het gesing en gedans of met kleimodelle gespeel. Baie van hierdie kleispeelgoed is deur die argeologie blootgelê.⁽¹⁾ Dit was die moeder wat die eerste fondamente met haar opvoeding gelê het, veral met die kind se sedelike vorming (Spr. 1:8; 6:20). Dit is selfs moontlik dat sy met haar onderrigting kon voortgegaan het tot by die adolessente stadium (Spr. 31:1).⁽²⁾ Volgens Josephus is die kinders reeds op 'n baie vroeë ouderdom onderrig, miskien selfs kort nadat hulle gespeen is (Jes. 28:9).⁽³⁾

2.2.2 Die seun in sy manlike jare.

Wanneer die seun in sy manlike jare gekom het, is die opvoeding gewoonlik waargeneem deur sy vader. Een van die mees heilige pligte van die vader was om aan sy seun die groot waarhede van Israel se geloof te leer (Ex. 10:2; 12:26; Deut. 6:7, 20-25).

2.2.3 Die Skryfkuns.

Van die vroegste geskrifte wat ontdek is, was op klip geskrywe. Party van die geskrifte was uitgegraveer op natuurlike rotse, ander was uitgekap op spesiale voorbereide kliptafels en ander weer uitgekap op kleiner klippe. Baie inskripsies op ostraka is ontdek. Kleitablette is egter baie skaars in Kanaän omdat die geskikte klei ontbreek het.⁽⁴⁾ Leer en papiirus was ook as skryfmateriaal gebruik; tog praat die Ou Testament nie direk daarvan nie. (As die Skrif na 'n boekrol verwys, moes dit tog uit een van die twee genoemde skryfmateriale bestaan het.) Dit is algemene kennis dat

-
1. Cf. die Geserkalender waar 'n kind die maande van die maande van die jaar uitgegraveer het - waarskynlik 'n rym= pie om die verskillende maande te onthou soos wat hy dit op "skool" geleer het.
 2. de Vaux, R., Ancient Israel, Its Life and Institutions, pp.48-49.
 3. Kaster, J., op.cit., p.34.
 4. Driver, G.R., Semitic Writing - From Pictograph to Alphabet pp.78-80.

papirus reeds van baie vroeg af al gebruik was om op te skryf. Leer was veral gebruik vir belangrike dokumente.⁽¹⁾

Volgens Waterink⁽²⁾ kan mens aanneem dat kennis van lees en skryf vry algemeen beoefen is in Israel; trouens die Bybelse gegewens pleit daarvoor. Israel se kontak met die Egiptiese kultuur sou nie ongemerk verby gegaan het nie. Die Egiptiese kultuur moes sekere elemente aan Israel gegee het. ('n Goeie voorbeeld hiervan is dat baie van die uitstaande persone, uit die stam van Levi, tipiese Egiptiese name gedra het soos Hofni, Pinehas en selfs ook miskien Moses en Aäron.⁽³⁾ Dit is vir ons 'n bewys dat Israel in sy langdurige kontak met Egipte blootgestel was aan akkulturasie.)

Verder wys die Bybelverhaal ook vir ons dat dit van die voorveronderstelling uitgaan, dat lees en skrywe iets heel gewoon was. Die boek Exodus maak geen ophef daarvan as iemand kan lees en skryf nie. Die wette word ook geskryf, ingegraveer op kliptafels.

In Rigters lees ons dat Gideon 'n krygsgevangene gebruik om vir hom die name van die oudstes van 'n sekere stad neer te skryf. Dit is baie opmerklik in die geval dat die skrywer van die boek Rigters geen nadere omskrywing hieroor gee nie, terwyl hy in die algemeen baie vrygewig is met sulke nadere verklarings.⁽⁴⁾

Verder weet ons ook van professionele skrywers aan die koninklike hof (II Sam. 8:17; 20:25; I Kon. 4:3 ens.). In Jer. 36:4 lees ons van die profeet se private sekretaris, Barug. Uit die geskiedenis van Isebel kan afgelei word dat

-
1. Ibid., pp.81-83.
 2. Waterink, J., op.cit., p.139.
 3. Orlinsky, H.M., Ancient Israel, p.29.
 4. Waterink, J., op.cit., p.139.

die heersersklas kon geskrywe het (I Kon. 21:8). Ook kon Jesaja (uit die aristokrasie) geskrywe het (Jes. 8:1). Deut. 6:9 en 11:20 veronderstel dat al die familiehoofde kon geskrywe het.⁽¹⁾ Professionele skrywers was blykbaar algemeen. Ons kry aanduidings van gesinne wat die skryfkuns beoefen het en van skrywers gildes.⁽²⁾ Driver⁽³⁾ toon aan dat sommige seuns reeds vroeg in hulle lewe afgesonder is vir die skryfkuns. In 'n lang en nougesette studie is hulle hiervoor onderrig.

Alhoewel geleerdes soos Waterink en de Vaux⁽⁴⁾ (in 'n mindere mate) aanvaar dat die skryfkuns algemeen voorgekom het by die vroeë Israel, is die meeste geleerdes dit daaroor eens dat dit tog nie so 'n algemene verskynsel was nie.⁽⁵⁾

Hierdie kultuurontwikkeling rig hom in die eerste plek tot die heilige dinge. Die ganse instelling van Israel se lewe was georiënteer tot die heilige en na die betekenis van die verbondsverhouding tussen God en sy volk. As gevolg hiervan het ons die heel belangrikste dokument uit Israel se kultuur, naamlik die Bybel.⁽⁶⁾

2.2.4 Mondelinge onderrig.

Die meeste van die onderrig is mondelings gedoen. Die leraar vertel die geskiedenis, hy verduidelik en vra dan vrae. Die leerlinge moet dan weer op hulle beurt die gedeeltes wat aan hulle onderrig is, herhaal. (Ex. 13:8; Deut. 6:7; 20-25; Ps. 78:3-4 ens.). Dieselfde metode is ook later deur die rabbi's voortgesit en tans word dit nog gebruik in die skole wat die Koran onderrig.

-
1. de Vaux, R., op.cit., p.49.
 2. Smith, W.A., Ancient Education, p.235.
 3. Driver, G.R., op.cit., pp.87-90.
 4. Supra, pp.101 et.seq.
 5. Smith, W.A., op.cit., p.235.
 6. Waterink, J., op.cit., p.139

2.2.5 Opvoeding buite die Gesins- en Stamverband.

Behalwe die onderrig wat die jong Israeliet tuis ontvang het, het hy nog baie ander kanse gekry om te leer. By die karavane en by die putte kon hy die mense hoor sing van die "regverdige daade van Jahweh" (Rig. 5:10-11). By die poorte van die stede en dorpe kon hy luister na die besprekinge van die oudstes, die uitsprake van die regters en na die besigheidstransaksies wat daar beklank is. Ook het die kinders die ouers na die heiligdomme (I Sam. 1:4, 21) of na die tempel in Jerusalem (Luk. 2:41 ev.) vergesel. Die groot feeste wat gevier is, het ook groot opvoedkundige betekenis gehad (vgl. hoofstuk 7).¹⁾

2.2.6 Beroepsopvoeding.

Beroepsopvoeding is as 'n essensiële vorm van opvoeding beskou: dit was die plig van elke vader om aan sy seuns een of ander ambag te leer.⁽²⁾ In die praktyk het dit daarop neergekom, dat beroepe soos byvoorbeeld handewerk en handel in 'n gesin oorgeërf is. 'n Tipiese rabbynse spreuk het gelui: "Hy wat sy seun nie 'n handige ambag leer nie, is besig om sy kind as 'n dief groot te maak."⁽³⁾ Dit was die plig en die eer van die moeder om aan haar dogters die huishouding te leer: netheid, sindelikheid en gasvryheid was huislike deugde wat in beoefening gebring was. Onder ou Israel was daar weinig voorsiening gemaak vir liggaamlike opvoeding as sodanig. Die wette van Moses het wel sekere gesondheidsreëls in dié verband voorgeskryf. Die vader het sy seuns in die swem- en vegkuns onderrig.⁽⁴⁾

1. de Vaux, R., op.cit., p.49; cf.

2. Coetzee, J. Chr. op.cit., p.26.

3. de Vaux, R., op.cit., p.49.

4. Coetzee, J. Chr. op.cit., pp.26-27.

2.2.6.1 Beroepsopvoeding in die vormingsjare van Israel tydens die woestynreis.

Die sosiale- en die ekonomiese omgewing van die groep sou beslis die studieveld en die aktiwiteit van die jongeling bepaal het. In die dae toe hulle nog nomades was met vee=kuddes, sou die kinders in die veebedryf opgelei moes gewees het. Gedurende Israel se woestyntog was die volk dikwels in oorloë betrokke; daarom kan ons aanneem dat die seuns opgelei sou gewees het in die gebruik van die slingervel, pyl en boog, swaard, skild en lans.⁽¹⁾

2.2.6.2 Beroepsopvoeding in Kanaän.

Nadat Israel Kanaän beset het, het hulle landbouers geword. Vir hierdie nuwe omstandighede moes die Israeliet opgelei word. Nou leer die kind landbou, veeteelt, visvang, mynbou, die bou van huise, houtwerk, metaalwerk, spin en weef, die kleur van tekstiele, tentmakery, pottelakkery, die maak van gereedskap ens. Omdat daar geen formele skole was nie, het die kinders hierdie vaardighede aangeleer in hulle daaglikse lewe. Atletiek, sport en dans was ook 'n deel van die Israeliet se opvoeding.⁽²⁾

2.2.7 Die opvoeding is bedoel vir almal.

"Moreover the Jews may be considered to have been the creators of the ideal of democratic education (if by that it meant the education for the masses) as well as the creators of the first elaborate scheme of what is generally called extension education."⁽³⁾ Opvoeding in Ou Israel was bedoel vir almal; ryk en arm is almal op gelyke voet behandel. Die Israeliet het uitgegaan van die algemene

-
1. Gomoran, E., op.cit., p.629
 2. Ibid., p.629.
 3. Ibid.

karakter van die opvoeding: omdat almal voor God gelyk was - almal was tog verbondskinders - het die wet vir almal gegeld en almal moes opgevoed word. Algemene opvoeding was nie net 'n teoretiese beginsel nie, maar 'n praktiese werklikheid: dit was nodig vir die voortbestaan van die volk dat elke lid daarvan opgevoed moes wees. Onder Ou Israel was die ongetletterde, dit wil sê die ongeleerde in die wet van God, burgerlik sowel as maatskaplik, as 'n uitvaagsel behandel, want so 'n persoon kon nie godsdienstig optree nie en was 'n remskoen vir sy volk. Israel was die eerste volk in die geskiedenis om te eis dat die opvoeding vir sy hele volk moes geld.⁽¹⁾

2.2.8 Musiek

Van die begin af het musiek 'n groot rol gespeel in die opvoeding van ou Israel. In die volk se godsdiens is dit met groot welslae gebruik (vgl. die liedere van Moses en Mirjam (Ex. 15:1-21)).

Voor Moses se dood, skryf hy 'n lied oor God se magtige daade in die geskiedenis (vgl. hoofstuk 7). Hierdie lied moes die kinders van Israel leer en so word die lied 'n magtige hulpmiddel om die kinders van Israel te onderrig in hulle godsdiens (vgl. Deut. 31:19, 21-22, 32).

Dat musiek dwarsdeur Israel se bestaan 'n vitale element was van sy volkslewe, kan ons duidelik uit die Bybel aflei. Hierdie liedere het 'n sterk nasionale verband gevorm. By 'n minder ontwikkelde volk het musiek gewoonlik 'n buitengewone groot invloed gehad.

1. Coetzee, J.Chr., op.cit., p.27.

Dit was egter eers koning Dawid wat die opvoedkundige moontlikhede van musiek besef het en dit op groot skaal geïmplimenteer het. (1)

2.2.9 Ander persone met die spesiale taak om die volk te onderrig.

2.2.9.1 Die Leviëte en Priesters.

"That the priests and Levites received some kind of systematic and formal instruction, must be taken for granted", skryf Greenberg⁽²⁾. Hy vervolg verder dat dit van die priesters verwag was om ten volle vertrouwd te wees met sy taak in die uitvoering van die ingewikkelde offersisteem, met die ewe moeilike Levitiese reinigingswette en dies meer. Hulle kon tog seker nie hulle pligte uitgevoer het sonder 'n deeglike opleiding nie. Die priesterskap op 'n ouderdom van 30 jaar en die ampsaanvaarding van 'n Leviëte op 25 jaar, reflekteer moontlik die lang periode van onderrig.

Die priesters het gekom as bewakers en leraars van die wet. Die woord *ḥin* beteken etimologies "instruksie, onderrig of onderwysing". Later kon hulle miskien op sekere plekke van aanbidding didaktiese onderrig gegee het (vgl. bv. Samuel wat aan Eli toevertrou was in I Sam. 2:21, 26, of Joas wat deur Jojada opgevoed was in II Kon. 12:13).⁽³⁾

Die Leviëte word deur God beveel om die wet te leer. Mal. 2:7 tipeer die opvoedingstaak van die priester pragtig: "Want die lippe van die priesters moet kennis bewaar, en uit sy mond word onderrig gesoek, want hy is 'n boodskapper van die H E R E van die leërskaare". Die bevel aan die priesters om die volk elke 7 jaar te laat saamkom om hulle dan in die

-
1. Eby, F. and Arrowood, C.F., op.cit., p.121.
 2. Greenberg, S., Jewish Educational Institutions (Chapter 22 in the Jews - Their History Culture and Religion), p.922.
 3. de Vaux, R., op.cit., p.50.

wet te onderrig, is blykbaar die uitvloeisel van die samekomste in die woestynreis (vgl. Deut. 31:10-13; Jos. 8:33-35) ⁽¹⁾. Deut. 33:10 noem die stam van Levi onder diegene wat vir "Jakob" die verordeninge en vir Israel die Wet van die H E R E moet leer.

2.2.9.2 Die Profete.

Later kom die profete om die volk te onderrig. Omdat die profete geïnspireer was deur God, is hulle woorde geklee met gesag. Veral gedurende die monargieë was die profete die godsdienstige en sedelike opvoeders. ⁽²⁾ Waar die opvoedingstaak van die Leviëte en priesters meestal tot die tempel beperk was, het die profete deur die land gereis en met hulle openbare optrede het hulle die volk onderrig. ⁽³⁾

2.2.9.3 Die Wysheidsleraars.

Saam met die profete tree ook die wysheidsleraars op, wat die mense leer om 'n goeie lewe te lei. Laasgenoemde se invloed het geweldig toegeneem gedurende die eksiliese en post-eksiliese periodes. ⁽⁴⁾

Hulle onderrig het sy middelpunt gehad veral in die wet van God en in die gewyde geskiedenis. Die wet is vervat in die תורה : In die loop van die eeue is die leerstof uitgebrei deur die "verklaring" van die wet. Aanvanklik is hierdie verklarings mondelings gedoen en so het die Misjnâ ontstaan (die mondelinge leer van die wet). Hierdie mondelinge tradisie is geleidelik uitgebrei, op skrif vasgelê en saamgevat in die grootste van alle godsdienstige werke onder die Jode, naamlik die "Talmoed" (studie, onderwys), die eintlike opvoeder

-
1. Eby, F. and Arrowood, C.F., op.cit., p.120; cf. ook Neh. 8.
 2. de Vaux, R. op.cit., p.50.
 3. Gomoran, op.cit., p.629.
 4. de Vaux, R. op.cit., p.50.

van die Jode. Die skolastiese uitbreidings van die "Misjnā" word die "Gemara" genoem: "Misjnā" en "Gemara" het tesame die "Talmoed" geword.⁽¹⁾

2.2.9.4 Skole

Veral die wysheidsleraars en ook die profete het leerlinge om hulle vergader. Hierdie leerlinge het dan 'n meer aaneenlopende onderrig ontvang (Spr. 8:32; Jes. 8:16; 50:4). Dit is moontlik dat daar selfs skole in Jerusalem en Samaria kon gewees het om staatsamptenare op te lei, want soortgelyke opleidingskole het bestaan in Mesopotamië, Egipte en by die Hetiete. In Israel se vroegste jare is daar egter geen bewyse vir sulke skole nie. Eers op 'n later datum hoor ons van die skole (Sir. 51:23).⁽²⁾

2.2.10. Beginnels van onderrig.

Die onderrig het blykbaar baie vroeg in die oggend begin (Jes. 50:4; Jer. 32:33). Dit is interessant om daarop te let dat in beide hierdie tekse dit God is wat die bevel gegee het. Om vroeg in die oggend met die onderrig te begin, is 'n goeie en algemene pedagogiese beginsel, want dan is die verstand nog vars en baie kan ingeneem word.

'n Ander fundamentele opvoedkundige beginsel is om die kind nie te veel op een slag te leer nie. So 'n beginsel vind ons in Jes. 28:10: "Want dit is gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier 'n bietjie daar 'n bietjie." Die Hebreeus vir gebod op gebod, reël op reël is יְצַו יְצַו יִצְוֶה יִצְוֶה en dit kan ook vertaal word as letter vir letter.⁽³⁾

-
1. Coetzee, J.Chr., op.cit., p.29.
 2. de Vaux, R., op.cit., p.50.
 3. Kaster, J. op.cit., p.34.

2.2.11 Inhoud van die Onderrig.

Die inhoud van die onderrig was baie algemeen. Die vader het die nasionale tradisies van sy volk, wat ook die godsdienstige tradisies was, saam met die heilige wette oorgedra aan sy seun. Met ander woorde dit was die oordrag van Israel se historiese erfenis en die onderrig in die etiese gedrag.⁽¹⁾

2.3 Die Ou-Testamentiese Gesin as Opvoedkundige Instansie.

2.3.1 Die Vader.

Die woord "vader" word in die Bybel gebruik in die betekenis van natuurlike vader, voorvader, stigter, leier, geëerde persoon en ook as godsnaam. Die natuurlike vader het in sy gesin 'n oorheersende gesagsposisie beklee. Hy was verantwoordelik vir die welsyn van elke lid van die gesin op alle lewensgebiede, en die solidariteit van die gesin was afhanklik van sy gesag en leiding. Gehoorsaamheid aan vader en moeder is deur die wet hoog aangeslaan. Teenoor sy vrou en sy kinders was die vader die onbetwisbare heer. Hy was huisheer (Matt. 13:27) en die vrou het hom as heer aangespreek (I Sam.. 25:41). Op godsdienstige gebied was hy die hoof van die gesin (Gen. 35:2,3) en sy beslissings het vir die hele gesin gegeld (Jes. 24:15). Die vader was die hoogste gesag en het in vroeëre tye ten volle oor die kinders beskik, selfs oor hulle lewens (Gen. 38:24). Gehoorsaamheid aan die ouers was 'n eerste vereiste vir alle kinders.⁽²⁾ Die opvoedkundige rol van die vader verklaar ook waarom die priesters, wie se taak dit was om te onderrig, ook "vader" genoem is (Rig. 17:10; 18:19).⁽³⁾

-
1. Ibid., p.29; cf. de Vaux, R., op.cit., p.49.
 2. Fensham, F.C. en Oberholzer, J.P., Bybelse Aardrykskunde, Oudheidkunde en Opgrawings, pp.199-201.
 3. de Vaux, R., op.cit., p.49.

2.3.2 Tug en Gesag.

In die Verbondshoek(Ex. 21:15,17 en in Deut. 21:18 ev.) word die doodstraf geëis vir seuns wat hulle gewelddadiglik teen hulle ouers verset. Die vaderlike tug is hoog geskat, en die seun wat hom nie daardeur laat tereg wys het nie, is na die oudstes gebring en gestenig. Dit is opmerklik dat die geval nêrens in ander Oosterse wette voorkom nie. Die ouers word gesien as die deur God gegewe outoriteit en dit is daarom dat die dekaloo op die tweede tafel eerste die eis van eerbied (777) vir vader en moeder stel. As gevolg hiervan was die opvoeding in Ou Israel baie streng en lyf= straf was nie uitgesluit nie.⁽¹⁾

Die gesin kan nie sy roeping en verantwoordelikheid uitvoer sonder gesag nie. Gesinsopvoeding kan nie sonder gesag voorgestel word nie. Getrou aan die normatiewe aard van die gesin se gesagstruktuur vind hierdie gesag vergestaltung in die liefde. Sonder liefdesgesag is egte opvoeding in die gesin nie moontlik nie.⁽²⁾ Ten spyte van hierdie streng dissipline en liggaamlike straf is dit steeds getemper deur sagmoedigheid. So verstaan ons die Ou-Israelitiese gesegde: "Straf met die een hand, maar troos met albei hande".⁽³⁾ Hierdie gesag is altyd afgeleide gesag, afgelei van God se gesag binne die kring van die Verbond. Hierdie gesag mag nooit losgemaak word van die liefde van die ouer vir sy kind nie en van die liefde van die kind vir sy ouers nie, maar vorm saam die grond van die ouerlike verantwoordelikheid. Hierdie verantwoordelikheid is alleen te dra wanneer die ouers

-
1. Vriezen, Th.C., op.cit., p.229.
 2. Muller, J.J. Die verhouding gesin, staat en skool in die opvoeding en die onderwys na die rol wat elkeen vervul en die noodsaaklikheid van koördinasie van hierdie samelewingsverbande in die opvoedings- en onderwyspraktyk. (Referaat gelewer op die Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys 29 Sept. tot 2 Okt. 1969), p.109.
 3. Coetzee, J.Chr., op.cit., p.30.

hulle kinders verstaan en met begrip hulle kan lei. Die ouerlike gesag is die grondslag van die opvoedingsaktiwiteit. (1)

2.3.3 Die belangrike plek wat die kind ingeneem het in die lewe van Israel.

Onder Israel het die kind 'n besondere plek ingeneem. Kinders is beskou as geskenke en gawes van God, en elke vrou het verlang na kinders. Uit Israel sou die Messias gebore word en dit was elke vrou se innigste wens om die moeder van die Messias te wees. 'n Talryke kroos is deur die Israeliet beskou as 'n besondere seën van die H E R E en kinderloosheid is altyd beskou as 'n skande en 'n ongeluk. Die Israeliet was besonder geheg aan sy kinders, en niemand het ooit daaraan gedink om sy kind as vondeling aan 'n ander te gee nie. Kindermoorde was onder Ou Israel iets ongehoords. Al is meer aandag aan die opvoeding van die seun gegee, het die meisies tog 'n besondere plek ingeneem. (2) Geen volk het aan die vrou so 'n hoë posisie in die gesin gegee as Israel nie (vgl. Spr. 31). (3)

Geen volk het aan die kind so 'n belangrike plek in hulle lewe gegee as die Israeliete nie. Dit is nie foutief as ons sê dat vir die latere Jood die kind die heel belangrikste persoon in die gemeenskap was nie. Barclay (4) verwys na 'n paar belangrike uitsprake in dié verband: dit is vir hom nie snaaks as Rabbi Judah sê: "The world exists only by the breath of school children." Die Talmud verklaar: "So lank daar kinders op skool is, sal Israel se vyande haar nooit oorwin nie." Op 'n ander plek word daar gesê: as Israel nie daarin kan slaag om sy kinders by hulle godsdienste te hou nie, hulle dit in latere jare nog minder sal kan doen. Josefus skryf:

-
1. Waterink, J., "Opvoeding" in Grosheide, F.W. en Itterzon, G.P. (Redakteurs) Christelike Ensyclopedie, Deel V, p.324.
 2. Coetzee, J.Chr. op.cit., p.27.
 3. Mc Cormick, P.J., History of Education, p.77.
 4. Barclay, W., op.cit., p.11-12.

"Ons grond is goed en ons bewerk dit na die beste van ons vermoë, maar ons hoofambisie is om ons kinders te onderrig." Rabbi Salomo se gesegde het gelui: "Dit is beter om jou kind te begrawe as om sy opvoeding te verwaarloos."

2.3.4 Die besondere plek van die eersgeborene in die lewe van Israel.

In die Israelitiese gesin was die eersgeborenes nie onder Gods toorn nie, maar onder sy guns en liefde. Hulle mag die H E R E gedien het, nie omdat hulle beter was as die Egiptiese eersgeborenes nie, maar omdat God hulle hul sonde vergewe het deur die bloed van die paaslam. Soos die eersgeborenes aan God gewy is, so is die hele volk aan God gewy.

Later moes Israel hierdie dinge in gedagtenis hou. Elke oudste seun moes gelos word en vir hom moes losgeld betaal word, want hy was eintlik vir die besondere diens van die H E R E aangewys. Ook alle eersgeborenes van die diere moes aan God geoffer word.⁽¹⁾

Die betekenisvolle gewoontes en seremonies in die lewe van die stam is oorgedra van vader tot seun, maar in besonder tot die oudste seun, want van hom is 'n dieper en meer intiemer kennis verwag oor sy stam se gewoontes en gebruike.⁽²⁾

Die oudste seun as toekomstige leier van sy stam kry dus spesiale opleiding in die godsdienstige rites, stamseremonies en wette.⁽³⁾ Hieroor skryf H. Graetz⁽⁴⁾: "Collaterally (with the priesthood) there existed a custom, dating from the

-
1. de Graaf, S., Verbondsgeschiedenis, Oude Testament Deel I, p.196; cf. Pop, F.J., op.cit., pp.343-344.
 2. Gomoran, E., op.cit., p.629.
 3. Swift, F.H., op.cit., p.21.
 4. Graetz, H., History of the Jews, from the Earliest Times to 1870. Vol. I, p.25.

remote patriarchal ages which demanded that the first born of every family should attend to the preformance of sacrificial rites. This prerogative could not be abruptly abolished, and continued alongside of the Levitical priesthood."

2.3.5 Die Gesin.

Die gesin vind sy wesenlike tipering in die onderlinge liefde van ouers en hul kinders. Dit is normatief vir alle aktiwiteite binne die gesinsverband.

Die gesin word wel saamgebind deur die bloedband, maar dié feit kan alleen sin en betekenis kry, wanneer dit ontsluit en verdiep word deur die onderlinge liefdesgesindheid van die gesinslede teenoor mekaar. (Waar liefde nie in die huis normeer nie, daar vind ons anti-normatiewe optredes). In sulke gevalle is opvoeding haas onmoontlik.

Die gesin is dus 'n samelewingsverband met sy eie identiteit omdat dit sy eie tipiese normatiewe struktuur vertoon. Die struktuur van die gesin bepaal al sy verskillende aktiwiteite, ook sy opvoedingsaktiwiteit. Is die gesin getrou aan sy normatiewe struktuurbeginsele, dan funksioneer dit goed. Is dit anti-normatief, dus daaraan ontrou, dan funksioneer dit soms met groot moeite.

So lewer die gesin sy bydrae tot die opvoeding en onderwysing van die jeug onder leiding van die liefde. Alleen as die ouers hulle verantwoordelikheid aan die H E R E onder leiding van die liefde en in gehoorsaamheid aan Deut. 6:7 vervul, is van 'n ware bydrae tot die opvoeding sprake. Hierin lê dus die kern van die opvoedingsbemoëienis met die kind en dit kan met reg gesê word dat die ouers primêr verantwoordelik vir die opvoeding van hulle kinders gehou moet word.⁽¹⁾

1. Muller, J.J., op.cit., p.109.

Die ouerhuis is die primêre opvoedkundige instansie. Hier word die grondslag gelê vir 'n beskaafde gedrag en ander algemene voortreflikhede. Die kind leer by sy ouers om sy onervarenheid te bowe te kom en in 'n aangename en 'n voortreflike mens te ontwikkel. "Parental instruction embellishes and adorns and promotes an attractiveness of manner and bearing".⁽¹⁾

Gedurende Israel se omswerwinge in die woestyn, was die opvoeding in die hande van die ouers en die oudstes van die stam, maar na die intog het die opvoedingstaak grootliks oorgestaan tot die gesin.⁽²⁾ Die belangrike posisie wat die kind in die lewe van Israel ingeneem het was so dominant dat hierdie volk die "kinders van Israel" genoem is (vgl. Amos 3:1-2). "The family henceforth became an unpregnable fortress of Jewish religion and life". Daarom kon die latere Jode staande gebly het in die allermoeilikste omstandighede. "The proper upbringing of children was regarded from of old as the highest function of life."⁽³⁾

Ouers het die roeping om hulle kinders op te voed. Die wese van hierdie opvoeding word in die eerste plek nie bepaal deur die sosiale- of kulturele verhoudings nie, maar deur die opdrag van God. Natuurlik is hierdie opdrag ook gerig tot die maatskappy (stam) om die kind kultureel te vorm maar dit is in die allereerste plek ontleen aan die feit dat God, die ouers wat Hom vrees, beveel het om hulle kinders op te voed onder die tug van die Genadeverbond. Hierdie opdrag kom dus nie uit die biologiese feit dat die ouers hulle kinders verwek het nie (alhoewel die feit in die verbondsamehang beslissend is) of uit die feit dat die ouers wyser en ouer as hulle kinders is nie.⁽⁴⁾

1. Mc Kane, W., Proverbs, p.268.

2. Swift, F.H., op.cit., p.21.

3. Eby, F. and Arrowood, C.F., op.cit., p.118.

4. Waterink, J., "Opvoeding" in Grosheide, F.W. en van Itterzön, G.P., (Redakteurs), Christelike Encyclopedie, Vol. V, p.324.

God roep die ouers as mede arbeiders om in sy eie lewensakker sy beheersde vormingsarbeid tot Sy eer te verrig. So is die opvoedingstaak 'n vocatio Dei. Die ouers gee in opdrag van God, sin en betekenis aan dié dinge waarmee hy in die skepping (ontsluitend) in aanraking kom. Die kind is van God afvallig, en derhalwe sal ontsluiting in hierdie geval beteken dat die opvoeding anastaties ontsluit moet word, want alleen hierdeur kan die aangebore potensialiteite van die kind tot eer van God ontplooi en verdiep word. Dit beteken dat God die gevalle mens nie verwerp het nie, maar nog steeds aan hom die plek gee van mede-arbeider en in hierdie verbondsbetrokkenheid is dit 'n groot voorreg om ouer te wees. (1)

Soos volke hulle religieuse simbole, heiligdomme, priesters, offerhandes, feeste ens. het, so het die gesin sy eie spesiale sacra. Die Israelitiese gesin was essensieel 'n gemeenskap saamgebind deur gemeenskaplike religieuse gebruike - "Cultgenossenschaft." (2)

Wanneer die ouer besef hoe kosbaar sy siel is, sal hy weet hoe belangrik dit is, dat die siele van sy gesin gered moet word. Hy wat die gesinsgodsdien verwaarloos, verwaarloos ook sy persoonlike godsdien. Op die gesinsopvoeding lê God besondere klem. Geen gesinshoof kan hierdie opvoeding verwaarloos sonder om die gevaar te loop dat hy sy eie siel sal verwaarloos nie. Vandag is daar baie ouers wat die lasterlike en 'n vernietigende mening huldig: kinders mag nie in die godsdien onderrig word nie, maar hulle moet alleen gelaat word totdat hulle vir hulleself die saak kan uitmaak. Hierdie idee is in totale teenstelling met Deut. 6:7 en dit is maar net 'n bewys van hoe min dié ouers se godsdien vir hulle self beteken. Wanneer ouers oor beter geloof beskik en nie ook hulle kinders onderrig nie, is dit niks anders as 'n kriminele daad nie.

-
1. Cf. Schoeman, P.G., op.cit., pp.72-73.
 2. Bennett, W.H., "Family" in Hastings, J.(Ed.) A Dictionary of the Bible, Vol. II, p.849.

"And as children are heedless, apt to forget, liable to be carried away by sensible things, repeat and re-peat the instruction, and add time upon time, precept upon precept; here a little and there a little, carefully studying time, place, and circumstances, that your labour be not in vain: show it in its amiableness, exite attention by exiting interest; show how good, how useful, how blessed, how ennobling, how glorious it is. Whet these things on their hearts till the keenest edge is raised on the strongest desire.⁽¹⁾ Die kind moet kan sê: "Wie het ek buiten U in die hemel? Buiten U begeer ek ook niks op die aarde nie" (Ps. 73:25).

Die hele gedagte in hierdie opvoedingstaak is dat die ouers hulle self geheel en al moet identifiseer met God se Woord. Die ouers se opregte belangstelling in Gods Woord sal hulle kinders oortuig van die realiteit van God. Die vermaning in vers 7 het sy parallel in die Nuwe Testament waar gewaarsku word: "En vaders moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en die vermaning van die H E R E" (Ef. 6:4). Al hierdie vermanings om die kinders op te voed, kom tot die adres van die gelowige ouers. Die ongelowige ouer kan nie God se Woord aan sy kinders leer nie.

Dit is vanselfsprekend dat kinders dieselfde gesindheid in die lewe sal openbaar as hulle ouers. Die gelowige ouer wat naby God lewe en wat oor sy weë praat se kinders sal dieselfde gesindhede openbaar teenoor God.⁽²⁾

Die gesinskarakter van die verbondsadministrasie vra dat die kinders onder die regering en heerskappy van die verbonds= bepalings gebring moet word.⁽³⁾

-
1. Clarke, A., Clarks Commentary, p.757.
 2. Schneider, B.N., Deuteronomy, A Favored Book of Jesus, p.60.
 3. Kline, M.G., op.cit., p.66.

2.3.4 Die Karakteristieke van die Gesinsopvoeding.

2.3.4.1 Jahweh se openbaring en nie eie insigte nie was die bron van die onderwysing.

2.3.4.2 Die onderrig dra 'n Goddelike gesag. By die leerling is daar geen diskussie nie óf hy neem dit aan óf hy verwerp dit.

2.3.4.3 Hierdie onderwys was prakties. Die kinders moet gehoorsaam wees (hoor). Dit het nie gegaan om die intellektuele nie, maar om die praktiese kennis (ken).

2.3.4.4 Die onderwys was totalitêr - die hele lewe is onder God se hand. (1)

2.3.5 Die Opvoeding van die Verbondskind - Enkele Implikasies.

Die taak van die gelowige ouers is om hulle kinders te wys op die eise van die verbond en om hulle tot die vervulling van die eise aan te spoor. Onder die herinnering van die Goddelike versekering dat Hy Israel se God is, moet die kind daarop gewys word dat hy in sy belydenis moet erken dat God sy God is. As dit gebeur, ten spyte van die onderrig, dat die kind van die gelowige ouer sy rug op die Verbondsgod draai, dan is dit veel erger as by die kind buite die verbondskring wat niks van die diens van God wil weet nie (vgl. Matt. 11:20-24). Tog beteken dit nie dat dit van die kind se houding afhang of hy die seëninge van die verbond sal deelagtig word of nie. Ook beteken dit nie dat die kind van gelowige ouers deur sy gehoorsaamheid aan die verbondseise die belofte van die Verbond sal verkry nie. Die Bybel leer baie duidelik dat die beslissing oor die mens se ewige wel en weë in God se soewereine welbehag lê soos dit uitdrukking vind in sy uitverkiesing of verwerping. (So word hierdie probleem

1. Pop, F.J., op.cit., p.366.

wat by die verbond voorkom, teruggevoer tot die probleem van soewereine Goddelike beskikking en menslike verantwoordelikeheid). Ons staan hier voor 'n probleem wat ons nooit sal kan oplos nie: as die kind in God glo en Hom dien, is dit alleen te danke aan God se soewereine beskikking, maar as hy verlore gaan, dan dra hy die gevolge van sy eie skuld. As die kind van gelowige ouers in God glo en Hom dien het hy dit alleen daaraan te danke dat God Hom by sy Verbond ingesluit het. Wanneer die kind van gelowige ouers die teendeel doen, sal hy die oordeel van sy daad moet dra. Hierdie probleem by die Verbond doen hom ook voor by die onderrig van die kinders, maar in sy wese bly dit maar altyd dieselfde probleem, naamlik die van Goddelike beskikking en menslike verantwoordelikeheid. Die probleem is onoplosbaar en die ouer moet beide God se soewereine beskikking en sy eie verantwoordelikeheid aanvaar en bely. Die ouers moet weet dat geen kind uit of in die verbond kan tree deur sy eie wil nie - wie die bondeling is, is in Gods ewige raad en deur sy soewereine welbehag beslis. Die gelowige ouers moet die beloftes van die Verbond gelowig aanvaar en sy verbondsverpligtinge met volle selfoorgawe opneem. (1)

Daar moet vasgehou word aan die feit dat kinders van gelowige ouers, kinders van God is, solank hulle nie die teendeel toon van openlike afvalligheid nie. Die arbeid aan die jeug mag nie geskaad word omdat daar nie sekerheid is nie, maar die wete dat die koring onder die kaf mag skuil moet die verantwoordelikeheidsbesef prikkel. Hierdie besef moet die ouer tot groter getrouheid aanspoor in die bearbeiding van sy kind.

Volgens God se Woord het mens die reg om die kinders van gelowige ouers verbondskinders te noem. Hierdie kinders moet opgewek word tot die geloof, tot die aanvaarding van die verbondsbeloftes en tot die beantwoording aan die eise van die verbond. Hulle moet weet dat hulle hul op die Verbond kan

1. Aalders, G., Ch., Het Verbond Gods, pp.214-216.

beroep waarin God beloof het om vir hulle 'n God te wees. Die Verbond is die band waarmee God Homself aan die kind bind en hierdie band is die band waarmee die kind aan God gebonde is. Nooit mag die kind die indruk kry dat loutere gehoorsaamheid alleen voldoende is nie. Die gehoorsaamheid word daarin geopenbaar dat die verbondskind die God van die verbond moet liefhê (6:5). Hieruit moet nou volg die versaking van die wêreld, die afsterwe van die ou en bedorwe natuur en 'n godsalige lewenswandel.

Met groot erns moet die kind gewaarsku word om nooit die weg van die H E R E te verlaat nie. Omdat die ouers weet dat almal uit Israel nie almal van Israel is nie, kan hulle hul nie rustig daarin berus dat hulle kinders nou verbonds= kinders is nie en alles maar sy gang laat gaan nie. So kan die kinders dan, deur die laksheid van hulle ouers, die prooi word dat hulle nie van Israel is nie. Die Goddelike beskikking van die uitverkiesing skakel nie die ouers se verantwoordelikheid uit nie. Die ouer se waarskuwing teen afvalligheid moet so beslis as moontlik klink. Hy moet duidelik daarop wys dat die grootheid van God se genade deur so 'n afval verag word, met ander woorde wanneer God sê: "Ek is jou God" sal die kind dan sê: "Ek wil nie hê dat U my God moet wees nie." Die ouer mag nie nalaat om die kind te wys op die ernstige gevolge wat verbondsverlating sal veroorsaak nie - die oordeel van die verbondsverbreker is veel erger as vir die kind wat sonder God lewe en sterwe. Hier is nou sprake van verbondsvloek en verbondswraak, want God straf die verbondsbreker met 'n swaarder straf. Baie ernstig moet die kind gemaan word om nie hierdie oordeel oor homself te bring nie.

God vra die hart van die Verbondskind. Die gevaar waarmee die verbondskring bedreig word is godsdienstige formalisme. Teen hierdie skynvroomheid en vormgodsdienis moet die kind ernstig vermaan word. Hierteen waarsku die profete van die Ou Testament ook ernstig (vgl. Jes. 1:11-14; Jer. 7:21-28).⁽¹⁾

1. Ibid., pp.221-224.

Die verbondsverhouding is deur Israel se beste opvoeders gesien as die ideale en as rigtinggewend vir hulle pedagogiese praktyk. In Israel se pedagogiese struktuur kry ons 'n heel nuwe element: dit is die verdragsverhouding waarin God teenoor sy volk staan; daarom is die vraagstukke in die opvoeding in die Ou Testament anders as opvoedkundige vraagstukke elders. Dit is geen teenstelling: individu en gemeenskap, of uitwendig en inwendig, of owerheid en volk, of stand en ander stande, of priesterskap en leke nie, maar dit was die teenstelling verbondsgehoorsaamheid en verbonds=
verbreking wat Israel se opvoeding beheers het.

Die ontwikkeling van die opvoeding onder Israel loop dan ook parallel met die ontwikkeling van die verbondseën. Die wet self is vir Israel 'n pedagoog tot Christus. So beheers die opvoedingsgedagte Israel se volkslewe. Alles wat God met Israel gedoen het, was ten slotte Sy opvoedingstaak na die einddoel: Christus. By hierdie einddoel kon die bande deurbreek word, omdat die verbondsgedagte tot sy volle en ryke ontplooiing gekom het - selfs die gelowige uit die heiden kan nou in hierdie verbondseenheid opgeneem word.⁽¹⁾

Die besondere verbondsverhouding bring mee dat God nie alleen die volwassenes tot die Verbond reken nie, maar dat Hy ook die kinders tot die Verbond reken en daarom eis Hy ook van die kinders gehoorsaamheid. Dit gaan dus by die opvoeding onder Israel oor die handhawing van God se reg op sy eie Verbonds= volk. Die opvoeding onder Israel is nie 'n kultuurkwessie of 'n kwessie van sedelikheid nie, maar dit is in die eerste plek 'n kwessie van religie. Die hoogste argument gaan nie om die belang van die kind of om die belang van die toekomstige volwassene nie, of ten belange van die volk nie, maar die hoogste belang is dat alle eer God toekom. Die Verbondsheilig=
heid bly die grondmotief vir Israel se volkslewe, sy gesinslewe

1. Waterink, J., op.cit., pp.135-136.

en vir sy opvoeding⁽¹⁾ As Verbondsvolk, moes hulle die eis van die Verbond uitleef, naamlik Lev. 19:2 om heilig te wees soos God heilig is.⁽²⁾ Ten regte word daar gesê dat die rigting waarheen 'n volk se opvoeding beweeg, afhang van die betrokke volk se begrip van wat die ideale mens is. Vir die Romeine was dit die dapper, geharde en gedissiplineerde soldaat. Vir die Athener was dit die mens wat in homself die gelukkige harmonie van morele en fisieke volmaaktheid verenig het. Vir die Hebreër was die ideale mens godvrugtig en deugsam met ander woorde hy wat die ideaal van Lev. 19:2 nagestreef het.⁽³⁾ Die hele instelling van Israel se lewe was gerig op die heilige dinge, op die heiliging van sy lewe.

Naas die godsdienstige ideaal staan ook die sedelike: die wet van God beskryf nie net die verhouding van die Israeliet tot sy God nie, maar ook die onderlinge verhouding van Israeliet tot Israeliet en tot ander mense. Die godsdienstige en sedelike ideale kan beskou word as die hoogste opvoedingsdoeleindes in ou Israel.⁽⁴⁾

Oor die Joodse opvoeding sê Drazin⁽⁵⁾: "...was never something extraneous to life or merely an instrument that served to prepare for life and that could be discarded when its utility was exhausted. Jewish education was rather synonymous with life. It unfolded life, giving it direction and meaning."

Die doel van die opvoeding is om die kind op te voed tot die diens van God. By die onderwys beteken dit nie 'n vae algemeenheid nie, maar 'n doelgerigte opvoeding tot die ware diens aan die H E R E. Die doel kan omskryf word as: "de vorming van de mens tot zelfstandige, God naar sy Woord dienende persoonlikheid, dat hij van God ontving, te besteden tot Gods

-
1. Ibid., p.142.
 2. Coetzee, G.Chr., op.cit., p.26.
 3. Compayré, G., The History of Pedagogy, p.7.
 4. Coetzee, G.Chr., op.cit., p.26.
 5. Drazin, N., History of Jewish Education from 515 B.C.E. to 22 C.E., p.12.

eer en tot heil van het schepsel, in alle lewensverbanden, waarin God hem plaatst." (1)

Die diens aan die H E R E werk nie kultuurvernietigend nie, maar dit reformeer en ontsluit die kultuur. Israel se kultuur val nie as 'n wonder uit die hemel nie, maar God sluit in sy openbaring organies aan by die kultuurbesit van Israel as 'n Semitiese volk. So kan ons verklaar waarom sommige wette byna woordeliks ooreenkom met die Codex Hammoerabi. Met hierdie bekende wetgewing kom God om sy volk te rig en te lei. Hierdie natuurlike gawes en kragte wat reeds by Israel aanwesig is, bou Hy verder uit. Die verbondsverhouding bring nie 'n nuwe geboorte in die lewe en kultuurbesit van Israel nie, dit bring alleenlik vernuwende reformasie.

In sy verhouding tot die Verbondsgod kry die opvoeding van Israel 'n eie karakter. Die opvoeding self word 'n heilige roeping. Ongehoorsaamheid by die opvoeders of by die kinders kry ook 'n eie karakter. Ouers wat hul kinders nie opvoed in die weg van die H E R E nie, of kinders wat nie luister na hulle opvoeders nie, is verbrekers van die verbondsheiligheid.

So kry die pedagogiese struktuur by Israel 'n baie hoë aansien - ja, dit was selfs die hoogste adeldom. In Israel se opvoedingsstruktuur gee God selfs die leiding ook in die probleme van die pedagogiek. (2)

Hierdie verbondsbeskouing laat geen ruimte vir mense om hulle hande te vou nie, want daar is 'n oorvloed werk om te doen. Teenoor die jeug van die verbond is daar 'n ernstige en groot taak.

1. Waterink, J., "Opvoeding" in Grosheide, F.W. en Itterzon, G.P., Christelike Encyclopedie, Vol. V, p.324.
2. Waterink, J., Inleiding tot die Theoretische Paedagogiek, pp.142-144.

2.3.6 Die Antitese in die Opvoeding.

Onder die volk is daar dan ook Satan wat poog om die verbondsverhouding tussen God en Israel ongedaan te maak. So gryp hy telkens in die lewe van Israel in (vgl. 16:16). As gevolg hiervan moet die volk altyd stry teen alles wat van hierdie gees uit die afgrond kom, soos gierigheid, boosheid, bedrog, dwaasheid, lastering, spot, onkuisheid, toorn, ledigheid, ongeregtigheid, ydelheid en ligsinnigheid. 'n Persoon wat sy gedagtes aan sulke hartstogte oorgee, is vir die vyand soos 'n stad sonder mure.⁽¹⁾

Vanweë die erfsonde het die mens van God afvallig geword, en rig hy nou "van nature" sy lewensuitgange apostaties, in die afval van God. Die mens is derhalwe, vanweë sy gevalle en verdorwe natuur, geneig om sy lewensuitgange op anti-normatiewe wyse nie op God nie, maar in die afval te rig. Opvoeding tot gehoorsaamheid van God se gebooie, insettinge en verordeninge, deur die Skepper in sy skepping gelê, is derhalwe noodsaaklik. Die opvoeders moet die goeie voorbeeld gee.

2.3.7 Mislukking van Israel se Opvoedingstaak.

Op die vraag of Israel altyd hierdie opvoedingsbevel gehandhaaf het, kan sonder twyfel in die negatief geantwoord word. Telkens was Israel maar weer ontrou aan die verbondseise. Wanneer hierdie opvoedingsideaal uit die oog verloor is, dan het apostasie gevolg. O.T. Allis⁽²⁾ skryf: "It was Israel's failure to obey this command which led to apostasy after apostasy. Let a single generation grow up in ignorance, and all the precious heritage which the fathers have received, will be lost to their sons."

1. Ibid., p.142.

2. Allis, O.T., God Spoke by Moses, p.137.

2.3.8 'n Enkele voorbeeld in Israel se geskiedenis waar die Opvoeding misluk het gedurende Elisa se optrede

Van Jerigo het Elisa na Bet-el gegaan. Terwyl hy met die pad opgegaan het, het daar seuntjies uit die stad gekom, wat met hom gespot het deur te sê: "Gaan op kaalkop!" Hulle spot het ongetwyfeld tot agtergrond die haat en die minagting van die mense van Bet-el, die stad van die kalwerdiens, vir 'n gesant van die H E R E.⁽¹⁾ Wanneer die knaap spot: "Kaalkop gaan op", bedoel hulle: "U meester, Elia, het na die hemel opgevaar, kyk of jy dit kan nadoen"; 'n bespotting dus van Elia se hemelvaart. Teen dié agtergrond is Elisa se vloek des te begrypliker⁽²⁾. Elia se hemelvaart moes in hierdie omgewing seker bekend gewees het. Die ouers het hieroor nie met eerbied gepraat nie, maar met spot - die appel val nie ver van die boom nie.⁽³⁾

Twee beerwyfies het uit die bos gekom en 42 kinders verskeur. In die dood van die kinders word die ouers gestraf, wat hulle kinders verkeerd opgevoed het.

3. DEUT. 6:8,9.

6:8	"Ook moet jy dit as 'n teken bind op jou hand, en dit moet as voorhoofspand tussen jou oë wees."	Spr. 1:9 "want dit is 'n sierlike krans vir jou hoof en 'n sierlike ketting vir jou hals". (Vgl. ook 3:3; 4:9). Spr. 7:3 "bind hulle aan jou vingers, skryf hulle op die tafel van jou hart."
6:9	"En jy moet dit op die deurposte van jou huis en op jou poorte skrywe"	Spr. 8:34 "Gelukkig is die mens wat na my luister, om dag vir dag te waak aan my deure, by die syposte van my poorte die wag te hou."

1. Kroeze, J.H., Handboek Bybelse Geskiedenis, Die Ou Testament, p.404.
2. Tom, W., "Kaalkop Ga op!, Kom op! of: Vaar op!?" Artikel in die G.T.T., Nr. 5; 1959, pp.149, 151.
3. Kroeze, J.H., op.cit., p.404.

3.1 Moet hierdie voorskrifte letterlik of figuurlik beskou word?

Daar is geleerdes (König en Steuernagel) wat hierdie twee verse as letterlik sien. So weet ons ook dat die Fariseërs dit letterlik toegepas het. Noukeurige eksegeese toon egter die teendeel:

3.1.1 Daar mag nie vergeet word dat die letterlike interpretasie van die Fariseërs, volgens Christus se kritiek, sterk uitwendig was nie. Vir hierdie letterlike toepassing is daar dan ook geen aanduidings van 'n ou gebruik wat nagevolg is nie.

3.1.2 Die hele verband in Deut. sanksioneer nie so 'n uitwendige betekenis nie.⁽¹⁾

3.1.3 Onder "hierdie woorde" van die sesde vers is tog nie alleen 6:4-9 te verstaan nie, maar alles wat Moses in hierdie rede aan Israel voorgehou het - 'n letterlike uitvoering hiervan is tog totaal onmoontlik!⁽²⁾

3.1.4 Die gebruik van tefillien as 'n herinneringsteken pas slegs by die eerste lid, want die voorhoofsteken tussen die oë word nie gebruik om die geheue op te skerp nie, maar dit dien as 'n versiering.⁽³⁾

3.1.5 Ons moet erken dat die tekste in Deut. afhanklik is van Ex. 13:9, 16. Soos in baie ander gevalle het Deut. hierdie ou tradisie verwerk en aangepas op 'n didaktiese wyse - 'n wyse ook kenmerkend van die Wysheidsliteratuur. Die verskil tussen hierdie twee verse lê op die gebied van die onderrig.

-
1. Holwerda, B., Exegese O.T., Deel III, p.159.
 2. Ridderbos, J., op.cit., p.124.
 3. Holwerda, B., Exegese O.T., Deel III, p.159.

In kontradiksie met Deut. 6 waar *לֵּאמֹר* en *לִפְנֵי* van Ex. 31 verwys na 'n spesifieke rite, naamlik die van die eersgeborenes, verwys die terme *לֵּאמֹר* en *לִפְנֵי* in Deut. in die algemeen na die woorde en gebooe van God en die vermaninge in Spreuke na die onderrig in die algemeen.

3.1.6 In Spr. 3:1 ev.; 4:4 ev. sowel as in Deut 6:6 ev.; 11:18 ev. beteken die binding van die amulette en versierings dat hierdie woorde ter harte geneem moet word en dat dit nie vergeet mag word nie (Spr. 3:1). Hierdie opdragte moet dus in 'n figuurlike sin verklaar word. Spr. 4:9 moet beslis in 'n figuurlike sin verstaan word.

Soos Spr. 3:3; 6:21; 7:3 gebruik Deut. ook die woorde *זָכָר* en *לִפְנֵי* in die konteks onder bespreking. Ex. 13 gebruik ook die terme "moet vir jou 'n teken wees" en dit kom gewoonlik voor in 'n priesterlike konteks (bv. Gen. 9:13; 17:11; Ex. 12:13; Num. 17:3). Hier het dit die betekenis van 'n werklike fisiese teken. (1)

3.1.7 Hierdie gebooe moet nou met die lewe verbonde wees; so onontbeerlik wees soos 'n teken aan jou hand om jou self te wapen teen vergeetagtigheid. Met die voorhoofsteken kry mens die idee dat die kind hom nooit in die openbaar kan vertoon sonder dié versiersel van gehoorsaamheid nie. Hierdie gebod is net so onontbeerlik soos sierade vir die dame. (2) God se gebooe moet beskou word as die mens se waardevolste besitting - die kosbaarste skat. (3) Die draagwydte van God se woord strek oor die hele menslike lewe: "There is no primary distinction between the inner and outer life; the holy calling of the people must be realized in both." (4)

-
1. Weinfeld, M., op.cit., p.301.
 2. Holwerda, B., Exegese O.T., Deel III, p.159.
 3. Mc Kane, W., op.cit., p.327.
 4. Ocher, G.F. Theology of the Old Testament, p.177.

Ook by vers 9 dui Moses se fynsinnige beeldspraak die totalitêre draagwydte van God se gebooie aan. Hy vra dat die gebooie die individuele lewe ("op die deurposte van jou huis") en ook die gemeenskap ("op jou poorte") moet beheers. Die poorte was die middelpunt van die Oosterse stadslewe, regspraak, sakelewe ens. (1)

3.2 Kultuurhistoriese Agtergrond met betrekking tot die twee verse.

3.2.1 Die teken op jou hand

In die letterlike toepassing hiervan het die Jode twee perkamentrolle, waarop daar in kwadraat letters geskrywe was, in 'n houer van kalfsleer geplaas. Hierdie rolle is dan in die buig van die linkerarm geplaas. Dan is dit vasgeheg met 'n riempie wat om die voorarm gedraai is en geëindig het by die punt van die middelvoervinger. (2)

3.2.2 Die Voorhoofsteken. (נֶזֶק)

Dit was saamgestel uit vier stukkies perkament. Op die eerste gedeelte is Ex. 13:1-10 geskrywe; op die tweede Ex. 13:11-16; op die derde Deut. 6:4-9 en op die vierde Deut. 11:13-21. Hierdie vier stukkies perkament is dan toegevou en in 'n vierkantige houer geplaas met die letter ו op die een kant geskrywe. Hierdie teken is dan met 'n bandjie of riempie om die hoof gebind, sodat die teken tussen die oë op die voorkop gehang het. Sommige Fariseërs het dit by die aand- en oggendgebede gedra, terwyl andere dit net by die oggendgebede gedra het. (3)

3.2.3 Die teken aan die huis (מֶזֶזֶל)

Dit kon moontlik 'n Egiptiese gebruik gewees het, wat

-
1. Vonk, C., op.cit., p.499.
 2. C f. de Vries, S.Ph., Joodse Riten en symbolen, pp.51-54.
 3. Parker, J., op.cit., p.144; cf. de Vries, S.Ph., op.cit., pp.51-54.

deur Israel oorgeneem is. Die ou Egiptenare het partymaal 'n sin wat geluk moes bring soos byvoorbeeld "goeie woning" bo die ingang van hulle huis geskryf. Dit was iets soort=gelyks as die "m ú n z e l en m o d á r k" van die moderne Arabiere. Die lateie en deurposte van die koninklike wonings was dikwels oordek met hiërogliewe, wat gegewens oor die monarg weergegee het. Selfs stoorkamers, wingerde en tuine was onder die beskerming van so 'n beskermgod geplaas. Soort=gelyke gebruike is vandag nog in swang in Mohammedaanse lande, waar stukke uit die Koran of gebede op of oor die deure geskrywe staan.⁽¹⁾ Hierdie gebruike was ook tipies van die Semitiese volke soos dit blyk uit tablette uit Assirië⁽²⁾. Die Jode gee die naam 𐤓𐤕𐤓 aan 'n klein metaalsilindertjie wat 'n vierkantige stukkie perkament bevat, waarop Deut. 6:4-9 en 11:13-21 geskrywe staan. Die 𐤓𐤕𐤓 word dan vasgesit aan die boonste regterhoek van die deurpos en dit word behandel as 'n amulet. Elke keer as die godsdienstige Jood hier verbyloop, raak hy daaraan of soen sy vinger, terwyl hy Ps. 121:8 opsê.⁽³⁾

3.3 Opvoedkundige aspekte

Soortgelyke uitdrukkings wat die konstante onderrig wil bevorder, kry ons ook by die ou verbonde. In 'n Hetitiese verbond lees ons: "Soos jy my kleed dra, so sal jy hierdie beloftes met jou saamdra." Ook die uitdrukking "dit moet op jou hart wees", is 'n tipiese verbondsterminologie.⁽⁴⁾

In Deut. sowel as in Spreuke is daar 'n konstante bewustheid van die opvoedkundige ideaal, wat vereis word van die seunstudent. Die gebooie van die vader en die moeder in Spreuke, sowel as die gebooie van God in Deut. moet aan die liggaam gehang word, soos ornamente (Spreuke) of soos 𐤓𐤕𐤓 en 𐤓𐤕𐤓𐤓

-
1. Driver S.R., A Critical and Exegetical Commentary on Deuteronomy, p.93.
 2. Smith, G.A., op.cit., p.100.
 3. cf. de Vriez, S.Ph., op.cit., pp.49-51.
 4. Weinfeld, M., op.cit., p.302.

(Deut.). Soos amulette en ornamente altyd aan die draer vas is, so moet God se geboorte altyd die seun-student vergesel.⁽¹⁾

Die terme "bind" en "skrywe", beklemtoon baie duidelik die sterk aard van die opvoedkundige ideaal. Hierdie woorde pleit vir herinnering in die geheue, volgehoue konsentrasie en oplettendheid.⁽²⁾

-
1. Ibid., pp.299-300.
 2. Mc Kane, W., op.cit., p.332.

HOOFSTUK 5

DEUT 6:10, 11, 12, 13, 14, 15.

DIE GEVARE VIR DIE EKSKLUSIEWE DIENS AAN JAHWEH.

1. DEUT. 6:10

"En as die H E R E jou God jou inbring in die land wat Hy aan jou vaders, Abraham, Isak en Jakob, met 'n eed beloof het om te gee - groot en mooi stede wat jy nie gebou het nie,"

1.1 Die skrywer behou nog steeds die draad soos hy dit in vers 4 opgeneem het. Verse 6 - 9 gaan oor die totalitêre karakter van die diens aan Jahweh en verse 10-15 wys op die gevare vir hierdie eksklusiewe diens. Die gevaar lê juis daarin dat al die seëninge uitsluitlik genade is.

1.2 וְיָדָעְתָּ is 'n bekende profetiese formule ter inleiding van toekomstige gebeure. Net soos die historiese formule וְיָדָעְתָּ kan dit onvertaald gelaat word.

1.3 וְיָדָעְתָּ Moses sien uit na die moment waar Jahweh die trou van sy eed sou manifesteer in die intog. Uiteraard moet die trou gesien word na aanleiding van vers 4 en Israel moet sy dankbaarheid bewys in die diens van Hom alleen. Die genade karakter wat Israel tot 'n eksklusiewe dankbaarheid verplig, dreig nou om 'n gevaar te word sodat die teenoorgestelde kan gebeur en hulle Jahweh kan vergeet.⁽¹⁾

1.4 וְיָדָעְתָּ (met 'n eed beloof). Dit is die land wat God tot Israel se beskikking stel om dit in besit te neem, soos wat Hy aan die aartsvaders beloof het (Gen.12:7;

1. Holwerda, B., Eksegese O.T., Deel III, p.160.

13:15; 15:18 ev.). "Met 'n eed beloof" wys terug na Gen 22:16. Die uitdrukking "aan hulle en hulle nageslag" is dieselfde as "aan jou en jou nageslag" soos in Gen. 13:15; 17:8 en dit mag nie verstaan word as 'n aanduiding dat die aartsvaders self die land in besit moes geneem het nie, maar dit gaan hier om hulle "nageslag".

Die land Kanaän word nou tot Israel se beskikking gestel. Na die verbondsluiting by Horeb met Israel, wil God die verbond nakom in die vervulling van sy beloftes, wat Hy aan die voorvaders beloof het, naamlik om Kanaän tot Israel se beskikking te stel.⁽¹⁾

1.5 עִיר 'n Stad mag nie gesien word in die lig van ons moderne begrip nie. Dit is hier geen onderskeiding van "dorp" nie, maar dit is 'n vaste nedersetting in onderskeiding met die tydelike verblyfplekke van die nomade. So 'n "stad" bevat meer as een familie en die landboubedryf word daar beoefen.⁽²⁾ Hierdie stede is groot en mooi en dit beklemtoon hoe baie Jahweh gee.

1.6 לֹא יָשָׁן Hierdie woorde gee te kenne dat Israel sonder arbeid of inspanning hierdie stede ontvang het.

2. DEUT. 6:11

"en huise vol van allerhande goed wat jy nie gevul het nie, en uitgekapte reënbakke wat jy nie uitgekap, wingerde en olyfbome wat jy nie geplant het nie - en jy eet en versadig word,".

2.1 Van die stede gaan die skrywer oor na huise בָּתֵּי.

Hierdie huise is מְלֵאִים כֶּלִּים, dus ryklik gemeubileer en van luukse voorsien.⁽³⁾ Verder neem hulle ook nog die uitgekapte reënbakke (תַּבֵּי) oor, vir die stoor van reënwater, gedurende die warm seisoen - 'n gebruik nog algemeen

-
1. Keil, C.F. and Delitzsch, F., op.cit., p.285; cf. ook du Toit, S., Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament, pp.126-127.
 2. Holwerda, B., Exegese O.T., Deel III, p.140.
 3. Ibid., p.161.

in Palestina (vgl. Neh. 9:25; 2 Kron. 26:10).⁽¹⁾ Ook kry hulle nog die reeds aangeplante wingerde en olyfbome.

2.2 *אכלו ושתו* ("Eet en versadig wees"). Die Bybel verwys somtyds hierna as 'n seëning, maar party= maal neig dit tot die opgeblasenheid van die hart en dit is 'n voortdurende bron van gevaar, ten opsigte waarvan die kinders deeglik opgevoed moes word. God gee vir hulle oeste wat deur ander gesaai is. Die aksent van al hierdie dinge lê daarin, dat wat verkry is, nie deur hulle eie werk verkry is nie (vgl. Spr. 30:9(a)). As alles so maklik gaan, dan tree dekadensie maklik in by die geslagte wat sonder stryd die erfenis van hulle vaders oorneem. Die verwysing na Spreuke 30 is hier wel ad rem, want nie slegs maklike verwerwing van rykdom nie, maar ook selfs die verworwe rykdom, kan lei tot 'n hoogmoedige "selbstsichere" teenoor Jahweh.⁽²⁾

Ons kan dit so saamvat: Israel het in die woestyn 'n moeilike leerskool deurloop. Hulle het geleer dat hulle fisiese bestaan geheel en al afhanklik was van die Woord van God. Hierdie leerskool is nou verby en die ontberings van die afgelope 40 jaar hoort nou tot die verlede. Die oorgang van die dorre woestyn na die waterryke land is enorm groot. Wat die water aanbetref, die primêre lewensbehoefte, daarvan het die land genoeg en dit bied Israel 'n waarborg los van die Woord.⁽³⁾

Die Kanaäniete het geglo dat die vrugbaarheid by die landbou sowel as by die veeteelt, dit wil sê die oorvloed en rykdom van hulle land, te danke was aan hulle afgode. Die gevaar bestaan nou dat Israel bewondering en respek vir hierdie gode mag kry en ook in hierdie verband moet hulle opgevoed word.⁽⁴⁾

-
1. Driver, S.R., A Critical and Exegetical Commentary on Deuteronomy, p.94.
 2. Holwerda, B., Exegese O.T., Deel III, p.161.
 3. Ibid., pp.218, 219.
 4. Vonk, C., op.cit., p.500.

2.3 Die Ou Testament blyk groot waarde te heg aan die dinge van hierdie lewe. So ervaar Israel God se goedgunstigheid in die land wat hulle ontvang as erfdeel, met al sy goeie gawes.

In die "diesseitige" karakter van die Ou Testament spreek egter ook die beperktheid van die Ou Testament. Christus se uitspraak in die Bergrede (Matt. 6:19 ev.): "Moenie vir julle skatte bymekaar maak op die aarde nie," is ondenkbaar in die Ou Testament, want die lewe in die hemelse saligheid was nog vir die gelowige van die Ou Testament in 'n digte newel gehul. In die lig van die hemelse skat verbleek die felle glans van die aardse die hemel is geskeur en daardeur kry die waardering van die aardse lewe met sy gawes en pligte 'n nuwe aksent. Hiermee is egter nog nie alles gesê nie. Ook volgens die Nuwe Testament is dit nie net alleen die einddoel van God om die mens se siel te verlos nie; die einddoel is dat God se heerlikhede geopenbaar word, ook in die aardse lewe; daarom mag die gelowige ook die aards-tydelike lewe geniet as 'n blyke van God se guns. Die gelowige het die roeping om sy lewe in die aards-tydelike te volbring. Dit alles word ook in die Ou Testament verkondig, maar nie so duidelik as in die Nuwe Testament nie, tog miskien meer gedetailleerd en op 'n ander wyse.⁽¹⁾

2.4 Die Opvoedkundige beginsels van Deut. 6 is aanpasbaar by Israel se veranderende lewensomstandighede.

Hierdie aanpasbaarheid is 'n uitstaande kenmerk en dit loop soos 'n goue draad dwarsdeur die Joodse opvoeding. E. Gamoran⁽²⁾ skryf die volgende hieroor: "It is practical and provides for a continual process of adjustment on the part of the people necessary for the survival of the group in a changing environment."

-
1. Ridderbos, Nic H., "Het Oude Testament en de Geschiedenis," artikel in die G.T.T., Nr. 1, 1958, pp.8-9.
 2. Gamoran, E., "History of Jewish Education in Bible Times" in Landman, Isaac, (Ed.) The Universal Jewish Encyclopedia, Vol.II, p.629.

Om die bogenoemde stelling te bewys, kan daar kortliks gelet word op Israel se opvoeding nadat hulle Kanaän beset het. Israel gaan nou van 'n nomadiese leefwyse af oor tot 'n landboukundige bestaan. Die landbou van Kanaän was essensieel 'n religieuse sfeer. So is die Baälkultus 'n manifestasie van die proses van geboorte en groei in die landbou. Die Baälsiklus is die sterwe en opstanding van Baäl, soos dit waargeneem word in die wisseling van die seisoene.

'n Persoon wat naby die grond leef, leef ook naby God. Oor die landbou het die Bybel besliste religieuse uitsprake en riglyne. Die taak om die grond te bewerk, is 'n bevel van God (Gen. 3:32). Die kennis om die landbou te ontwikkel is 'n openbaring van God (Jes. 28:24-29). Die mens leer dit van God.

Die sukses of die mislukking van die oes hang af van die moontlikhede wat God skep. Dit is alleen God wat die elemente beheer en op so 'n wyse dat dit die oes moontlik maak (Jer. 5:24; 14:22).

Die Israeliet het geglo dat die natuur deur God beheer word. God gee nie alleenlik reën nie, maar Hy hou dit ook terug as die volk sondig (Amos 4:7). Hierdie beginsel kry ons ook baie duidelik in Deut. 11:11-17. Die Israeliet sien God handelend in die natuur - in dié natuur waarvan hy afhanklik is vir sy lewensbehoefte. Hy sien die land wat hy in besit geneem het as 'n land wat aan God behoort (Lev. 25-28). Hy sien homself as 'n pagter van God.

Dit was die Israeliet se opvatting oor die landbou en sy land. "Long before there was any formal education, lads and young men must have been trained in the simple process on which food and life depend; and in that training they could not help, perhaps half-unconsciously, perhaps by a process of soaking them in rather than of learning them, acquiring these beliefs

in their hearts. For the Jew to work on the land must have been to be educated continuously in the ways of God."

Israel se feeste het nie net alleenlik 'n historiese betekenis gehad nie, maar dit het óók verreikende landboukundige implikasies ingehou. Die landboukundige betekenis was egter veel meer primitief as die historiese.⁽¹⁾

Die Paasfees is gevier in April by die begin van die garsoes. Die eersteling gerf is na die priester gebring en hy moes dit voor die aangesig van die H E R E beweeg het - 'n aanskoulike en opvoedkundige seremonie. Op die 14e Nisan is sekere persone aangesê om die garslande binne te gaan. Van die beste gars is dan in gerwe gebind en staande in die land gelaat. Teen die aand van die volgende dag het drie mans die land binnegegaan met 'n mandjie en 'n sekel om die reeds gemerkte gerwe te gaan insamel. (Hierdie seremonie was 'n gewilde een en daarom is dit deur baie mense bygewoon). Na nog seremonies is die gars na die tempel gebring waar dit gedors is. Van die korrels is dan in 'n geperforeerde pan geplaas, sodat dit met die vlam in aanraking kon kom wanneer dit oor die vuur gehou is. Hierna is die ander gars gewan en gemaal. Twee hande van hierdie meel, vermeng met olie en reukwerk, is op die reukofferaltaar gestrooi. Van die deel wat oorgebly het, is 'n deel geoffer as offerande, terwyl die res aan die priesters oorhandig is. Eers nadat hierdie ritueel afgehandel was, kon die nuwe gars verkoop of gebruik word. Hierdie aanskoulike gebeure het tot die kind gesprek, hom aangegryp en sy aandag en belangstelling bly behou. Verder het die seremonie 'n uitstekende geleentheid vir die ouers gebied om hierdie gebeure aan hulle kinders te verduidelik en om op hulle vrae te antwoord.

Die Pinksterfees het sewe weke later gekom. Dit het die insameling van die koringoes herdenk. 'n Gedeelte van die fees

1. Cf. Segal. J.B., The Hebrew Passover from the Earliest Times to A.D. 70. p.189 et seq.

was die spysoffer aan die H E R E: dit het bestaan uit twee beweegbrode (die eersteling van die oes). Wanneer die kinders hierdie brode gesien het, moes daar vrae ontstaan. het - 'n ideale geleentheid om hulle te onderrig!

Teen die einde van Desember is die Loofhuttefees gevier. (Die $\Pi\Pi$ of "blaarhutte" was 'n herinnering aan die woestyn-tytog toe hulle in derglike hutte gewoon het). Die fees het 'n besondere pedagogiese moontlikheid ingehou. Dit was 'n vrolike fees, nadat die druiwe-oes ingesamel is. Die fees kan beskou word as 'n tipe van 'n oesdankfees. 'n Kenmerk van die fees was die dra van takke (Lev. 23:40). So het die feesgangers die bondel takke, wat bestaan het uit 'n palmtak in die middel met 'n wilgetak en 'n mirtetak aan die kante, gedra. Dit het bekend gestaan as 'n $\Pi\Pi$. In die ander hand is die vrugte van sierlike bome gedra. Die palm is die simbool vir die valleie en die vlaktes waar hulle groei. Die mirte verwys na die bosse op die berge en die heuwels en die wilgebome wys na die strome waters. Ongetwyfeld sal die kind vra wat hierdie dinge beteken. So kry die ouers die geleentheid om Israel se geskiedenis én God se mildadige gawes aan sy volk vir die kind te verduidelik.⁽¹⁾

3. DEUT. 6:12.

"neem dan in ag dat jy die H E R E nie vergeet wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het nie."

3.1 As gevolg van die groot gevaar van die oorgang van die woestyn na 'n ryk kultuurland, volg die vermaning $\Pi\Pi$ $\Pi\Pi$. Dit is 'n tipiese gebruik van die boek om te wys wat gaan volg.

1. Barclay, W., op.cit., pp.17-22; Infra, pp.167 et.seq. (Dit is dus baie duidelik dat Israel se opvoeding aanpas= paar was by sy veranderde leefwyse).

3.2 Die woord נָשַׁח wys op die negering van Jahweh en Sy genadewerking. Opeens het Israel nou here en meesters geword en nou kan hulle maklik vergeet dat hulle voorheen in die slawehuis was in 'n totaal ander posisie as nou. So kan hulle vergeet dat dit Jahweh en Hy alleen was wat die oorgang bewerkstellig het.⁽¹⁾ Om die H E R E te vergeet, beteken om Hom nie langer te vrees nie (vgl. Spr. 30:8-9; Ps. 81:11-17).

3.3 Israel was slawe in Egipte. Hulle moes doen wat Farao hulle beveel het. Hulle was dus onder Egiptiese wetgewing. Israel word egter uit Egipte bevry - en so weer reggemaak vir sy oorspronklike bestemming. Omdat God Israel uit Egipte uitgelei het, is hulle nou sy eiendom - hulle staan nou onder Sy wette. Hulle moet nou hulle ganse bestaan op Hom rig en dit met groter toewyding as eers. Na die donker ervaring uit Egipte, kan hulle nooit weer lewe soos vroeër nie. Die herwonne lewe vra intenser toewyding. Uitgelei beteken terugkeer na die normale toestand en die normale toestand word aangestip in die Tien Gebooie.⁽²⁾

4. DEUT. 6:13.

"Jy moet die H E R E jou God vrees en Hom moet jy dien; en by sy Naam moet jy sweer."

4.1 יָרֵא

Die "vrees" van die H E R E is 'n fundamentele element van godsdienstige gesindhede en dit is 'n basis vir ander godsdienstige emosies. Dit word ingeprent by 4:10; 5:26; 6:2, 13, 24; 8:6; 10:12, 20; 13:5; 14:23; 17:19; 28:58; 31:12, 13. Die terme יָרֵא en יִרְאָה is dus die

-
1. Holwerda, B., Exegese O.T., Deel III, p.161; cf. ook oor die gevare van die oorgang in Blair, E.P., op.cit., pp.38-39; Oberst, B., Deuteronomy, p.3.
 2. van Minnen, J.M., "Opschrift", artikel in De Thora in de Thora, Deel I, pp.50-51.

Hebreeuse ekwivalente vir "godsdiens" en "godsdiensdigheid".⁽¹⁾

In die boek, Die Wysheid van Jesus die seun van Sirag, is daar ook oor hierdie term geskrywe (vgl. Sir. 1:11-20; 2:15-17):

"Die vrese van die H E R E is heerlikheid en majesteit en blydskap en 'n sierlike kroon (1:11). Die begin van die wysheid is die vrese van die H E R E, en saam met die getroues is dit in die moederskoot geformeer (1:14). Die wortel van die wysheid is die vrese van die H E R E en sy takke is lengte van dae (1:20). Hulle wat die H E R E vrees sal sy welbehae soek, en hulle wat Hom liefhet sal die wet vervul (2:16). Hulle wat die H E R E vrees sal hulle hart voorberei en voor Hom sal hulle hulself verootmoedig" (2:17).⁽²⁾

Welch⁽³⁾ skryf: "for to him the fear of the Lord was simply the practical side of religion. It ment both the avoidance of everything which could kindle the divine anger and the constant service of the divine will."

P. Heinisch⁽⁴⁾ skryf die volgende oor die begrip: "fear prevents us from forgetting the great distance between Creator and creature, between divine holiness and human sinfulness."

Wanneer Jahweh vra, is hierdie "vraag" nie 'n versoek nie, maar 'n eis. God vra nie om 'n guns nie, maar Hy roep tot die gehoorsame daad. Om God te vrees is om in Sy weë te wandel, Hom lief te hê, Hom te dien en om Sy gebooie te onderhou. Die begrip "vrees" is so sentraal dat dit die aanduiding en die omskrywing word van die lewe met God. Om Jahweh te vrees, is om na Sy stem te luister en om Hom te volg. Die kind ontvlug God nie deur Hom te "vrees" nie, maar hy volg Hom juis en bly naby Hom. Hy onderwerp hom aan Sy gesag en volg Sy bevele, en dit word gedoen met liefde, blydskap en groot vertroue. Dis geen slaafse afhanklikheid nie, maar 'n liefdevolle

-
1. Driver S.R., A Critical and Exegetical Commentary on Deuteronomy, p.94; cf. K.B.L., pp.399, 400.
 2. Verhoef, P.A., Ou Testamentiese Apokriewe, pp.86-88.
 3. Welch, A.C., op.cit., p.87.
 4. Heinisch, P., Theology of the Old Testament, p.183.

vertroulikheid wat 'n religieuse verhouding in die liefde skep.

Om God te vrees, is om in die regte verhouding tot Hom te staan; die aanvaarding van die gevolge om Sy kind te wees. Hierdie "vrees" is dus nie die motief vir die gehoorsaamheid van die gebooie nie, maar dit is veel eerder die gehoorsaamheid self. In die "vrese" en in die liefde kom dieselfde oorgawe van die hart tot uiting. Die menslike vroomheid lewe in die spanning van liefde en vrees. Die God van Israel is die God wat die mens kan liefhê omdat Hy in die geskiedenis Sy liefde aan Israel betoon, maar Hy is ook dié God wat mens moet vrees om Sy grootheid en Goddelike majesteit. Die kind moet leer om die gebooie nie te vervul uit vrees nie, maar dit juis moet onderhou in die vrese, dit is in eerbiedige liefde en ootmoedige afhanklikheid.

Die vrese van die H E R E as imperatief kan geleer word. Om God se gebooie te gehoorsaam, moet mens hulle ken. Om dit te ken, moet mens dit hoor. Die onderrig van die Wet moet 'n belangrike plek inneem in die lewe van die kind, nie alleen in die kultus nie, maar ook daar buite.⁽¹⁾ Die terme *לִירָא* 'beklemtoon dus die onderwys'. Omdat die Wet op skrif gestel is, kan die kind "die vrese van die H E R E" leer deur hierdie Boek te lees en dit te bestudeer (17:19; 31:12-13). Soos die kind die "vrese van die H E R E" moet toepas in al die dae van sy lewe, so moet die Wet ook bestudeer word ten alle tye (17:19). Jos. 1:8 gaan verder deur te sê: "Hierdie wetboek mag uit jou mond nie wyk nie; maar bepeins dit dag en nag" (*לִירָא* letterlik:prewel). Dit bring ons ook na Ps. 1:2: "en hy oordink sy wet dag en nag" (letterlik: prewel)⁽²⁾ God gee Sy gebooie om die "vrese van die H E R E" tuis te bring en die "vrese van die H E R E" bring mee dat God se

-
1. de Groot, J. en Hulst, A.R., op.cit., pp.267-268.
 2. Weinfeld, M., op.cit., pp.278-280.

gebooie gehoorsaam moet word. Omdat God die absolute God en Wetgewer is, skryf Rushdoony⁽¹⁾: "fear of God is the essence of sanity and common sense. To depart from a fear of God is to lack any sense of reality." Die יייה' נאנ' wys nie alleen op die handel en die wandel van die kind voor God se aangesig nie, dit omvat die hele lewe en dit beheers ook die verhouding van mens teenoor mens. Alle sedelike handeling is religieus gefundeerd. Die "vrese van die H E R E" moet die kind terughou van die kwaad en waar hierdie "vrese" nie gevind word nie, kan 'n mens allerlei booshede verwag (Deut. 25:18).

Die begrip יייה' נאנ' in die Ou Testament het 'n konkrete inhoud: die יייה' נאנ' is 'n aanduiding vir die lewe volgens God se gebooie en die mens moet met hierdie eis van God ten alle tye rekening hou. Hierdie lewenshouding moet die kind gedurig vergesel.

Tog is die יייה' נאנ' nie sonder meer gelyk te stel met die opvolging van 'n aantal voorskrifte van uiteenlopende aard nie. Dit is egter veel meer, baie dieper, persoonliker en inniger. Dit is nie 'n saak van die verstand nie, maar van die hart. Dis nie 'n saak van koel planmatigheid nie, maar 'n saak van warme liefde. Die "vrese van die H E R E", mag nie geskied uit 'n oogpunt van doelmatigheid nie, maar dit moet geskied as uiting van dankbaarheid.⁽²⁾

Die kennis van God in die Ou Testament kan ons nie losmaak van die יייה' נאנ' nie. Hierdie woorde het die uitdrukking geword vir wat ons religie en godsdiens noem.⁽³⁾ Daar is kennis van God en daar is innige gemeenskap, maar aan die geheimenis van Gods Wese word daar nooit te kort aangedoen nie. Hierdie elemente van God se majesteit, wat nie deur die gemeenskap aangetas word nie, kom die beste te voorskyn in die

1. Rushdoony, R.J., op.cit., p.16.

2. de Groot, J. en Hulst, A.R., op.cit., pp.268-269.

3. Vriezen, Th. C., op.cit., p.247.

uitdrukking: "Die vrees van die H E R E is die beginsel van die wysheid" (Spr. 8:10). Alles kom daarop neer dat die kind in sy hele lewe moet staan in die regte verhouding en ontsag voor die heilige God en dit moet sy handel en denke regeer. (1)

Die "vrese van die H E R E" is identies met die Wysheid (Spr. 1:7 en 9:10). Op hierdie begrip lê Deut. besonder klem. Die basiese betekenis van die begrip in Deut. kom neer op verbondslojaliteit dit is om die eise van die verbond te gehoorsaam. Hierdie term is tipiese verdragsterminologie. (2)

Die oorspronklike begrip van die לֵאמֹנָה לֵאמֹנָה is gegrond op die idee van die heilige Voorsiening, waarvolgens al die mens se geheime dade en gedagtes oop en bloot voor die alwetendheid van God lê, en dit moet die mens weerhou van slinkse en onderduimse dade. Die oë van God is orals, en die kind moet altyd hiervan bewus wees om nooit te sondig nie, al is dit ook in die geheim. (3)

Ook by Spreuke gaan dit nie om 'n teoretiese wysheid en intellektuele kennis nie, maar om die praktiese lewenswysheid: die lewe met God, die liefde en die diens aan Jahweh. Al word dit miskien hier nie so uitdruklik uitgespreek nie, geld dit tog ook dat die hoogste norm van die menslike handeling in God se gebod lê. Nooit kom die kind in die Ou Testament los van God nie, nooit kan hy outonoom raak nie.

'n Gevaar bestaan vir die kind dat hy die realiteit van die לֵאמֹנָה לֵאמֹנָה nie na reg verstaan nie en so kan dit vir hom net 'n leuse word. Daarenteen verhaal die Ou Testament vir ons die werklikheid. Dit spreek van mense wat God ontmoet het in hul lewens; van volke wat sidder van vrees as die skrik

-
1. Ibid., p.140.
 2. Weinfeld, M., op.cit., p.274.
 3. Ibid., p.276.

van Jahweh, as 'n onheilspellende mag, op hulle val. God vra dat die kind Hom moet vrees, dat die kind eerbied sal betoon en met diepe ontsag vervul sal wees voor sy majesteit en dat hy sy geboorte sal gehoorsaam. Die kind wat God werklik ontmoet het, hý vrees God. Van hierdie vrees, gewek by die mens, getuig die Ou Testament. Wat kan die kind anders doen wanneer hy voor God te staan kom as om Hom te vrees?

Deut. 10:12 sê dat die spanning tussen vrees en liefde oorbrug word deur geloof, want die God van liefde en verlossing, is ook die God van vergelding. Die Ou Testament ken egter nie net "die vrees" alleen as angs vir sy toorn nie, maar ook omdat Hy God, die Heilige, die Gans Andere, die Magtige is wat wonders doen. Daar is vrees vir Jahweh as Hy Hom in sy openbaring regstreeks tot die mens rig (Ex. 15:11).

Jes. 6:5 werp verdere lig op die begrip "die vrees van die H E R E". Hier staan geskrywe: "Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man onrein van lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is; want my oë het die Koning, die H E R E van die leërskaars, gesien"! Hier is 'n eerbiedige ontsag vir die heilige God, wat tergelykertyd ook naby is. Die nabyheid van God tref die mens met verbystering: die profeet sien die heerlikheid van die H E R E van die leërskaars. Teenoor die heilige God voel hy hom nietig en gering, hy is slegs 'n mens onder mense. Hy besef die distansie tussen God en die mens ten spyte van sy nabyheid. Hy besef ook dat God anders is, volkome anders. God is vlekkeloos heilig en die mens is onrein. Die mens se lippe is onrein en hy is onbekwaam om God te loof en om sy woord te spreek. Hy kan dit slegs doen as sy lippe gereinig is, dus wanneer sy sonde versoen is. Voor God se aangesig kan geen onheiligheid of sondes van die mens bestaan nie. Jesaja ken sy vrese en sy skuldgevoel. Hy weet egter van die wonder dat God vergewe, maar ook weet hy dat Hy die kwaad sal vergeld. Die profeet kan die spanning voel: Liefde en toorn, vergewing en vergelding.

God kom tot die mens en Hy is naby en dit moet die verbonds-kind vervul met vrees en ontsag. God is naby as die kind hom aanroep, Hy laat hom vind wie hom soek. Wie God nader, moet hom nader met eerbiedige vrees.

Jahweh vergewe omdat Hy gevrees word (Ps. 130:4). Hierdie vrees is geen angsknie, maar 'n liefde en diepe ontsag vir Jahweh. In hierdie vrees ervaar die kind die heerlikste geskenk, naamlik die vergewing van die sonde.

Die Ou Testament leer dat die mens die God van oordeel moet vrees, maar ewesoon ook die God van genade. Nie alleen in die eerste plek omdat vrees 'n wesenskenmerk van die ware religie is nie, maar omdat die Verbondskind te doen het met 'n God wat altyd dieselfde bly. Is dit moontlik om God lief te hê en hom terselfdertyd te vrees? Wat is liefde vir God sonder die vrees van die H E R E? En ook, wat is die vrees van die H E R E sonder liefde vir hom? In hierdie spanning leef die kind met sy God; hierin lê sy heil; hieruit ontspring sy lof, die lied van die vrees (Ps. 96:4; 99:3).⁽¹⁾

4.2 תַּיִשׁ

Die woord spreek van die kultiese verering⁽²⁾ en dit is altyd die uitdrukking van die innerlike houding en die oorgawe aan God⁽³⁾.

4.3 אֱלֹהֵינוּ יְהוָה

אֱלֹהֵינוּ druk die karakteristieke van die individuele draer uit en as gevolg hiervan kan mens draer en naam nooit los van mekaar maak nie. אֱלֹהֵינוּ is die individuele persoon soos hy in sy tipiese kwaliteite bekend is. Die "sweer by sy Naam"

-
1. de Groot, J. en Hulst, A.R., op.cit., pp.270-274.
 2. Holwerda, B., Exegese O.T., Deel III, p.162.
 3. Ibid., p.104; K.B.L., pp.983-984.

hou dus in dat die mens sy ganse bestaan afhanklik van Hom bely. Die verbinding tussen $\square\psi$ en $\gamma\gamma\lambda \gamma\gamma\gamma'$ van vers 4 is baie duidelik. So verstaan mens ook Christus se beroep op die gebod by sy versoeking (Matt. 4:10).⁽¹⁾

In die primitiewe gemeenskap van Israel was al die fasette van die lewe, meer as by ons vandag, gekoppel aan God se wil. Die mens van daardie tyd het hom gereeld op sy god beroep om sy woord of sy besigheidstransaksies te bevestig. So was dit ook in die tyd van Israel. Die ede wat in die daaglikse lewe geneem is, was 'n bewys van ware geloof. As daar byvoorbeeld by Baäl gesweer is, het dit beteken dat Baäl die god is en daarom was dit nodig vir Moses om sy volk te onderrig om alleen by sy Naam te sweer. Dit is die kind se plig om sy godsdiens uit te dra in sy daaglikse lewe en daarom is die definisie vir die ware aanbidders van Jahweh: "elkeen wat by Hom sweer" (Ps. 63:12).⁽²⁾

Kline⁽³⁾ skryf die volgende oor "by sy Naam moet jy sweer": "Swearing by Jahweh's Name was in effect a renewal of the oath of allegiance which ratified the covenant. It invoked God as the oath deity who avenged perfidy." Heinisch⁽⁴⁾ sê: "Thus oaths involved a solemn acknowledgement of God as omnipotent, omniscient and all-just."

5. DEUT. 6:14.

"Julle mag nie agter ander gode aanloop uit die gode van die ander volke rondom julle nie - "

Die mens mag geen ander gode naas Jahweh erken nie.⁽⁵⁾ Hierdie

-
1. Ibid., p.162; K.B.L., pp.983-984.
 2. Smith, G.A., op.cit., p.102; cf. ook Keil, C.F. and Delitzsch, F., op.cit., p.325.
 3. Kline, M.G., op.cit., p.67.
 4. Heinisch, P., op.cit., p.184.
 5. Supra, pp.59-67.

gebod is sinvol: alhoewel God die heidene en die afgode sal verjaag, sal die versoeking nogtans kom vanweë die volke wat rondom hulle woon en met wie hulle in kontak sal kom.⁽¹⁾ Koole⁽²⁾ wys daarop dat die tydperk toe Moses die Dekaloog ontvang het, merkwaardig internasionaal georiënteerd was. Te midde van hierdie internasionalisasie het die verskillende volksgode wêreldburgers geword. So byvoorbeeld was Dagon, die Filistynse god, in werklikheid afkomstig uit Mesopotamië. Akkadies was die taal wat gebruik was in die diplomatieke en buitelandse verkeer, selfs ook in die gewone korrespondensie. Kultuur=beïnvloeding was in volle swang en daarom het die afgodiese godsdienste vir Israel 'n groot gevaar geword en hierteen moes die volk opgevoed word.

Die ou vasaltraktate het die absolute eis gestel dat geen vasal naas die verbond, wat sy grootkoning met hom gesluit het, ook nog 'n ander verbond met 'n ander koning mag aangaan nie. Die uitdrukking "agter ander gode aanloop" het oorspronklik beteken "die volg in 'n optog" - dit wil sê agter afgode aanloop wat vooruit gedra is.⁽³⁾

Oor die eerste gebod lees ons die volgende in Sondag XXXIV van Die Heidelbergse Kategismus:⁽⁴⁾ Vraag 49: "Wat gebied God in die eerste gebod?" Antwoord: "Dat ek, so dierbaar as my die saligheid van my siel is, alle afgodery, towery, waarsêery, bygeloof, aanroeping van die heiliges of ander skepsele moet vermy en dit ontvlug, en die enige ware God reg moet leer ken, Hom alleen moet vertrou, in alle ootmoedigheid en lydsaamheid my aan Hom alleen moet onderwerp, van Hom alleen alles wat goed is moet verwag, Hom van ganser harte moet liefhê, vrees en eer, sodat ek eerder van alle skepsele sal afsien en die laat vaar as dat ek in die allerminste teen sy wil sal handel."

-
1. Holwerda, B., Exegese O.T., Deel III, p.162.
 2. Koole, J.L., De Tien Geboden, p.36.
 3. Vonk, C., op.cit., pp.499-500.
 4. Hoeksma, H., Heidelbergse Catechismus, p.510.

Vraag 95: "Wat is afgodery?"

Antwoord: "Afgodery is, om in die plek van die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het, of naas Hom, iets anders te versin of te hê waarop die mens sy vertrouwe stel."

Die eerste gebod is die maat en die maatstaf vir al die ander gebooie.⁽¹⁾ Heyns⁽²⁾ noem dit 'n "wortelgebod" vir alle ander gebooie, wat die hele gebou van die wet saambou. Reeds in Egipte het Israel met ander gode in aanraking gekom. Later in Kanaän sou hulle ook ander gode teëgekome het. Oor Israel se houding teenoor hierdie gode was daar geen onduidelikheid nie: die H E R E het Israel as bondsvolk uitverkies en daarom moes Israel ook die H E R E kies. En dit sou in die historiese omstandighede beteken het dat daar tussen Israel en die ander gode geen enkele vorm van verbinding tot stand mag kom nie. Israel mag die vreemde gode nie aangeroop het nie, en hulle nie tot hom laat spreek het nie. Israel is die volk van die H E R E, sy eiendom en erfdeel (Deut. 27:9). Hierdie volk het net één God - die God van die Exodus uit Egipte. Elke god wat buite die heilsdaad van die uittog gestaan het, was 'n ander god, 'n vreemde god, nie die H E R E God nie. Geen ander god het vir Israel enige heil berei nie. Daarom mag hierdie volk geen ander afgode hê nie, mag hyself nie die naam van 'n vreemde god op sy lippe neem nie (Ex. 23:13). En as Israel dit tog doen, word daar gesê: "Hulle het aan die duiwels geoffer, wat nie - God is, gode wat aan hulle nie bekend was nie; nuwes wat kort gelede opgekome het....." (Deut. 32:17).

Die kennis van God is nie maar net 'n blote bespieëling nie, maar sluit ook die diens van God in. Die Skrif verseker die kind dat daar één enige God is, dat dit nie net 'n naam noem nie, maar verorden dat wat God toekom nie aan iets anders gegee mag word nie. Hieruit blyk duidelik in hoeverre die suiwer

-
1. Pelikan, J. and Poellot, D., (Ed.) Luther's Works, Vol. 9, Lectures on Deuteronomy, p.9.
 2. Heyns, J.A., op.cit., pp.117-118.

godsdienst van die bygeloof verskil. Daar moet 'n vaste reël wees, sodat God nie op 'n verkeerde wyse gedien word nie. Anders sal die godsdienst deur dwalinge ten gronde gerig word. Om sy reg op te eis, sê God dat Hy 'n jaloerse God is en 'n Wreker sal wees as Hy met 'n afgod op een lyn gestel word. Daarna beskryf Hy noukeurig die wettige diens. Hierdie twee sake vat Hy in sy wet saam. Ons moet dus vashou daaraan dat God van sy eer beroof word en sy diens geskend word as nie aan Hom alleen toegebring word wat Hom toekom nie. Daar moet gelet word op die listige wyse waarop die bygeloof te werk gaan. Dit stel God nie op een lyn met die ander gode nie, maar omring Hom met 'n skaar van mindere gode aan wie dit die werke toeskryf wat God alleen doen. So word die eer van God aan stukke geskeur. God word van die afgode onderskei, sodat Hy alleen gedien sal word.⁽¹⁾

As Israel teen ander gode gewaarsku word, gaan dit nie net om die oorname van die gode van die heidense volkere nie, maar ook om die skepping van eie gode. Daarom word die volk tot die liefde vir God opgeroep, want waar liefde ontbreek, daar word die wieg in gereedheid gebring vir die afgod wat reeds op weg is. En waar afgode is, daar is heidendom.⁽²⁾ Spoerri⁽³⁾ sê: "Heidendom is niets anders dan tot ontbinding gekomen liefde.... heidendom is 'Godverlagen van den God los gewordene': De mensch zoek God en klamp zich vast aan een afgod."

Oor die afgodery sê Aalders⁽⁴⁾: "Al wat afgod is, heeft dit gemeen, dat het God in de weg staat, dat het met Hom wedijvert, dat het Hom op den achtergrond dringt, en, ware het mogelijk, uitwischet." Alles wat vergroot word buite sy maat en dan as laaste hoogste goedheid, en as enigste waardevolle beskou word, word demonies. Op watter gebied ook al, is dit in sy wese afgodery. Deur middel van afgode oefen Satan sy mag uit.

-
1. Calvyn, J., Institusie, (vertaal en verkort deur A. Duvenage) p.67.
 2. Heyns, J.A., op.cit., pp.118-119.
 3. Spoerri, T., Goden van Dezen Tijd, pp.23-24.
 4. Aalders, W.J., De Tien Geboden, p.15.

6. DEUT. 6:15

"want die H E R E jou God is 'n jaloerse God by jou - sodat die toorn van die H E R E jou God nie teen jou ontvlam en Hy jou van die aarde verdelg nie."

6.1 אֵלֶּיךָ יְיָ

Hier is die huwelikstrou van die volk in gedrang. Calvyn sê dat in hierdie woorde die brandende hartstog sit van die liefde wat verneder word deur ontrouheid en owerspel. Ander geleerdes sien in אֵלֶּיךָ יְיָ elemente van hartstog en intoleransie.⁽¹⁾ Die H E R E is 'n ywerige en jaloerse God en die dien van ander gode sal sy toorn laat ontvlam en in sy toorn sal Hy hulle verdelg.⁽²⁾

6.2 יְיָ יְיָ

Jahweh is naby en die kind moet weet dat alles wat hy doen deur God opgemerk word. So laat Hy Hom ook geld as die "jaloerse God naby jou". Die term spreek van God se aktiewe teenwoordigheid.

6.3 יְיָ knoop aan by die waarskuwing in vers 14. יְיָ is eintlik die "schnauben" van God. Hierdie toorn is reëel soos dit blyk dat Hy sy volk sal verdelg van die aard=bodem - 'n groter oordeel as verbanning, want daar is nêrens meer plek vir hulle nie.⁽³⁾ Die H E R E is vir diegene wat hulle teen Hom stel, 'n verterende vuur (Hebr. 12:29), 'n jaloerse God (Ex. 20:5). God laat nie toe dat sy eer aan 'n ander afgegee word nie.⁽⁴⁾

-
1. Holwerda, B., Exegese O.T., Deel III, p.109.
 2. Ridderbos, J., op.cit., p.126; K.B.L., p.843.
 3. Holwerda, B., Exegese, O.T., Deel III, pp.162-163.
 4. Ridderbos, J., op.cit., p.93.

6.4 Hierdie oordeel is die verbondsbreker te wagte en die kind kon dit verstaan het, want dit was bekende verbondsoordele. (In die vasal verdrae van Esarhaddon staan geskrywe: "Mag jou naam, jou nageslag van jou seuns en dogters sterwe van die aarde af.")¹⁾

1. Weinfeld, M., op.cit., p.133.

HOOFSTUK 6

DEUT. 6:16, 17, 18, 19.

1. DEUT. 6:16

"Julle mag die H E R E julle God nie versoek soos julle Hom by Massa versoek het nie."

1.1 Inleiding:

Die vers hou nog steeds vas aan die tema van verse 4 en 5. Verse 6-9 gaan oor die alomvattende karakter van die diens aan Jahweh, terwyl verse 10-15 'n vermaning is in verband met die gevare vir hierdie diens wat kan voortvloei uit die feit dat hulle 'n land ontvang het sonder inspanning en uit loutere genade. Verse 16-18 gee die bepaalde vorm waarin mens God se gebod ongehoorsaam kan wees.⁽¹⁾

1.2 מִן־הַמָּסָה 1017 אֵל

By Massa het Israel die H E R E beproef (Ex. 17:2, 7). Die naam Massa (d.i. beproewing, of plek van beproewing), waar die herinnering aan die beproewing van die H E R E vasgelê is, verkry later 'n spreekwoordelike betekenis (vgl. Deut. 9:22; 33:8; Ps. 95:8).⁽²⁾

Driver⁽³⁾ wys daarop dat מִן 'n neutrale woord is. Hy wys tereg daarop dat die vertaling "tempt" erg misleidend is, want in die moderne Engels kry "to tempt" die onderliggende betekenis om iemand oor te haal tot 'n bepaalde daad.

-
1. Holwerda, B., Eksegese O.T., Deel III, p.164.
 2. Ridderbos, J., op.cit., p.126.
 3. Driver, S.R., A Critical and Exegetical Commentary on Deuteronomy, p.95; K.B.L., p.619.

'n Beter vertaling sou wees "test" of "to proof". So het [10] die betekenis om iemand op die proef te stel om uit te vind of hy op 'n sekere wyse sal reageer (Ex. 16:4; Rig. 2:22; 3:4), of die karakter wat hy dra, werklik sy karakter is (I Kon. 10:1). Die moderne Nederlandse vertaling "beproof" of "op die proef stel" is beslis hier aan te beveel.

Die teks moet verklaar word na analogie van Ex. 17:2, 7. Israel word gewaarsku dat die goeie dinge (in vers 10 ev. beskryf) nie deur 'n houding van ongeloof verkry kan word nie, d.w.s. deur die H E R E te dwing om nog meer wondere te doen nie. Die genoemde goeie dinge ontvang hulle alleen deur God se guns en almag. In hierdie verband haal Jesus ook aan in Matt. 4:7.⁽¹⁾ By Massa wil die volk God dwing om sy aanwesigheid en genade te bewys in die gee van water (vgl. Ex. 17:7: "Is die H E R E nie in ons midde nie?") Israel probeer Jahweh dus uittart om sy aanwesigheid te demonstreer, hetsy deur die skenking van verlossing of deur die toediening van straf. Ook God se lankmoedigheid en genade kan "beproof" word. In hierdie geval word daar aan die laasgenoemde gedink, die vervolg in vers 17 bewys immers dat die skrywer hier dink aan beproewing, 'n uitdaging van God en opstand teen sy gebooe.⁽²⁾ Die ongelowige beproewing van God word ten strengste verbied: "Gods law is the testing of man; therefore, man cannot presume to God and put God and his Law-word on trail." So 'n stap is uiters aanmatigend en lasterlik. Dit is die teenoorgestelde van gehoorsaamheid en dit is in sy wese ongehoorsaamheid aan die wet.⁽³⁾

As gevolg van die ongeloof twyfel Israel in God se voorsienigheid en teenwoordigheid. Om te ontken dat God genadiglik

-
1. Ridderbos, J., op.cit., p.126.
 2. Holwerda, B., Exegese, O.T., Deel III, p.164.
 3. Rushdoony, R.J., op.cit., p.27.

tussen hulle is, is net so 'n groot sonde as om sy enigheid en uniekheid in twyfel te trek. Die God van Israel is dié God wat altyd getrou handel volgens sy verbondsbeloftes. Om God se teenwoordigheid te betwyfel, is net so goed as om Hom te beskuldig van ontrouheid en wispelturigheid. God bly trou aan sy verbond ten spyte van Israel se ontrou (vgl. Rom. 3:3-4).⁽¹⁾

'n Kenmerkende aspek by die gebeure van Massa is die kalme geduld van God. Moses self was hoogs ontsteld, maar God bewerk die verlossing van Israel op 'n kalm en rustige wyse. Hierdie gebeure was nog voor die verbondsluiting by Sinai en so onderrig God sy volk om op Hom te vertrou. As Israel weer so sou optree, maar nou binne die verbond, is dit 'n groter sonde. Die ware gelowige moet geloof in God hê. Wanneer God Israel uitdaag in Mal. 3:10 om Hom te "beproof", is die werkwoord hier sinoniem met die in Deuteronomium. Maleagi slinger verwyte na sy volk. Hulle geloof is so klein dat God met hulle moet handel asof hulle Hom pas leer ken het en nie asof hulle die Verbondsvolk van oudsher af was nie. Die motief is duidelik: die beginner moet nog leer, maar dit pas nie by die volwasse kind van God nie. Hulle ken Hom en het Hom lief; God het nie nodig om Hom aan hulle te bewys nie.⁽²⁾

Sommige geleerdes bring die vers meer spesiaal in verband met die aankondiging van die Goddelike toorn van vers 15. Vers 16 sou dan volgens hulle die voorafgaande waarskuwing versterk. Versoeking sou hier dan wees om tot die uiterste te terg of te tart, dit wil sê probeer om God se toorn te laat ontbrand. Met die oog op Ex. 17:2, 17 en Matt. 4:7 is dit duidelik dat die opvatting wat reeds behandel is, die juiste een is.⁽³⁾

-
1. Blair, E.P., op.cit., p.39.
 2. Francisco, C.T., op.cit., p.36.
 3. Ridderbos, J., op.cit., p.126.

2. DEUT. 6:17

"Julle moet die gebooie van die H E R E julle God en sy getuienisse en sy insettinge wat Hy jou beveel het, ywerig onderhou".

2.1 Die inf. abs. beklemtoon die feit dat 'n mens nooit God mag versoek deur in opstand te kom teen Sy Wet nie. Die volk moet Hom volkome ernstig opneem en daarom sy gebooie onvoorwaardelik en sonder teenspraak bewaar.

2.2 לְיָמֶיךָ wys ook op die wedersydse ooreenkoms waarin die verbond by Horeb die basis vorm.

2.3 לְיָמֶיךָ

לְיָמֶיךָ hang saam met die wortel לָמַד en vandaar לְיָמֶיךָ gebod en getuienis. Die LXX vertaal dit as μαρτύριον. Hierdie is meestal 'n regsterm en dit verwys na die mededeling van feite, byvoorbeeld voor 'n regsbank. In hierdie vers is daar egter nie van 'n forum sprake nie, en juis as gevolg hiervan ontbreek die tipiese karakter van "getuienis."⁽¹⁾

לְיָמֶיךָ hou verband met die akkadiese woord a d ē, wat in die algemeen gebruik is vir die benaming van die inhoud van susereine verbonde. "So, too, is testimony (לְיָמֶיךָ) which characterized the stipulations as oath-bound obligations or as a covenant order of life."⁽²⁾ Wiseman⁽³⁾ definieer die enkelvoud van die woord as: "A law or commandment solemnly imposed in the presence of a divine witness by a suzerain upon an individual or people who have no option but acceptance of the terms. It implies a 'solemn charge or undertaking an oath' (according to the view of suzerain or vassal)."

-
1. Holwerda, B., Exegese O.T. Deel III, p.165; cf. Kittel, G. (Ed.) op.cit., p.474 et seq.
 2. Kline, M., op.cit., p.17.
 3. Wiseman, D.J., The Vassal-Treaties of Esarhadon, p.81.

Die לְבָרֵךְ is die basiese bepalings van die Sinaïverbond, in besonder die Tien Gebooie. By לְבָרֵךְ behoort sy meer=voudsekwivalent לְבָרֵךְ "to be understood not so much as 'testimonies' as 'covenant stipulations' or 'commandments', hence 'laws.'" (1) "The covenant stipulations are laws to which due witness has been given (Jos. 24:27) and so by common semantic development the word passes over from the act of witnessing to the covenant of that which is witnessed, i.e. the laws themselves." (2) Soos לְבָרֵךְ het dit dus die karakter van 'n gebod binne die raamwerk van die verbond.

2.4 לְבָרֵךְ לְבָרֵךְ Uit hierdie toevoeging is dit duidelik dat Moses nie die gebooie vir 40 jaar vir homself gehou het om dit nou eers af te kondig nie; hy gaan egter van die veronderstelling uit dat dit reeds bekend is. Dit gaan dus nie om die eerste afkondiging nie, maar om dit by herhaling in te skerp (vgl. 1:18). Kanonies is die toevoeging van groot belang omdat dit hieruit duidelik blyk dat Deuteronomium 'n verdere uiteensetting is van wat reeds gegee is, met ander woorde ons het hier nie te doen met 'n aparte kode of 'n latere wetsboek nie. Hieruit blyk die innerlike eenheid van die Pentateug en ook die werklike karakter van Deuteronomium. Deuteronomium ken geen ander kode as die reeds bekende een nie en dit is wat die boek paraneties onderrig. Die boek openbaar geen ander gees nie en daar is geen rede om dit onder 'n latere tydperk te plaas nie.

3. DEUT. 6:18

"En julle moet doen wat reg en goed is in die oë van die H E R E, dat dit met jou goed kan gaan en jy kan inkom en in besit neem die goeie land wat die H E R E aan jou vaders met 'n eed beloof het."

-
1. Kitchen, K.A., Ancient, Orient and Old Testament, p.108.
 2. Lindars, B., "An Essay on Torah in Deuteronomy" in Ackroyd, P.R. and Lindars, B., Words and Meanings, p.127.

3.1 לְעֵשֶׂת , die perfektum konstruksie dui vir ons aan wat in לְעֵשֶׂת לְעֵשֶׂת opgesluit lê. Vir wat reg en goed is in God se oë, kan hulle nie meer in onkunde oor verkeer nie, want dit is aan hulle bekend gemaak in die gebooie.

3.2 לְעֵשֶׂת לְעֵשֶׂת

Onder לְעֵשֶׂת blyk die betekenis van welvaart op alle gebiede, stoflike sowel as geestelike welvaart. Dit raak die mens in sy ganse bestaan. Soos in verse 4:1, 40; 5:3 word die welvaart genoem as motief vir die godsvrug. Dit maak die religie nooit antroposentries nie: tot 'n godsdienst van en uit eie belang nie. Om God se gebooie te onderhou, beteken altyd om sý gebod wat sy genade in die Exodus bewys het, te eerbiedig. In die gebooie soek God ook die verlossing van sy volk.⁽¹⁾ Rowley⁽²⁾ skryf die volgende oor die goeie lewe: "The good life, then, as it is presented to us in the Old Testament is the life that is lived in harmony with God's will and that expresses itself in daily life in the reflections of the character of God translated into the terms of human experience, that draws its inspiration and its strength from communion with God in the fellowship of his people and in private experience, and that knows how to worship and praise Him both in public and in the solitude of the heart."

3.3 לְעֵשֶׂת לְעֵשֶׂת . Die terminologie herinner aan die van 6:1. Hierdie welvaart is eerstens die oorgang uit die woestynnoed na die rykdom van Kanaän en dit word daarom ook karakteriseer as הָאֵלֶּה הַטּוֹבוֹת.⁽³⁾

1. Holwerda, B., Exegese O.T., Deel III, pp.165-166.

2. Rowley, H.H., The Faith of Israel, p.144.

3. Holwerda, B., Exegese O.T. p.166; cf. K.B.L., pp.406-407.

3. אשר-נשבע יהוה לאבותיו

Hier is die bedoeling nie die retoriese breedheid nie, maar tog kry die toevoeging betekenis, want Israel moet met die intog die vervulling van die eed beleef en sodoende ook die bewys van God se trou ondervind. God se trou sowel as die rykdom van sy gawe dien as aanmoediging vir die eis in vers 18(a) ⁽¹⁾.

4. DEUT. 6:19.

"terwyl Hy al jou vyande voor jou uit verjaag soos die H E R E spreek het".

4.1 ^אקקלל, die infinitief konstruksie dien hier, net soos by die Latynse gerundium op - ndo, as nadere omskrywing van die besondere omstandighede. As gevolg hiervan kan dit die beste weergegee word deur "onder" of "met". ⁽²⁾
קקלל is 'n rare woord en kom nog voor in 9:4; Jos. 23:5. ⁽³⁾

4.2 קקלל word hier soos in 4:38 gebruik om te sê: alle vyande moes voor Jahweh die land uitgevlug het, sodat Kanaän voor Israel oop sou lê. Deur God se handeling word die land Israel aangebied. Die bewoners van die land het nie alleenlik oor 'n getalle-oorwig beskik nie, maar hulle was ook kwalitatief sterker as Israel gewees. Israel sou hulle nooit self uit eie krag kon verdryf nie. Moses wys hier opsetlik na Israel se uitverkiesing, en dus sodoende ook na die ingryping van God ten gunste van sy volk. Alleen op hierdie wyse kan verklaar word waarom die mindere die meerdere so dien. ⁽⁴⁾

1. Ibid.

2. Ibid.

3. K.B.L., p.225.

4. Holwerda, B., Exegese O.T., Deel III, p.166.

4.3 777' 777⁽¹⁾ 777J onderstreep die motief vir die
 gehoorsaamheid aan God. Dat Israel telkens in
Deuteronomium herinner word aan die heilsfeite en aan God
se genade en trou is baie opvallend - dit vorm die fondament
vir die volk se diens aan Hom.⁽²⁾

1. Cf. Supra, pp.90-93.

2. Holwerda, B., Exegese O.T., Deel III, p.167.

HOOFSTUK 7

DEUT. 6:20, 21, 22, 23, 24, 25.

DIE KINDERS MOET ONDERRIG WORD IN DIE INHOUD,
ONTSTAAN EN BETEKENIS VAN DIE WET.

1. DEUT. 6:20.

"As jou seun jou later vra en sê: Wat beteken die getuïenisse en die insettinge en die verordeninge wat die H E R E onse God julle beveel het?"

Met vers 20 begin die toepassing van die motief wat reeds in vers 7 genoem is, naamlik om die kinders te onderrig in Israel se heilige tradisie. Met die inskerping van die wet gaan dit nie soseer oor die leer van gebod op gebod nie, maar dit gaan oor die beklemtoning van die evangeliese onderbou en oor die evangeliese betekenis van die geboorte (vgl. vers 19). Die religieuse onderwys het hier die vorm van vraag en antwoord en hieroor skryf Holwerda⁽¹⁾: Blijkbaar is de veronderstelling dat de vader zijn zoon de geboden zegt, en deze ter eniger tyd eens ($\gamma\eta\mu$) met de vraag komt: maar waarom moet dan nu zo? Wat ($\eta\mu$) heeft blijkens het vervolg niet de betekenis: wat is de teks der geboden, doch: hoe zit er eigenlijk mee, wat is de basis der geboden? Waarop rusten al deze aanspraken van Jahweh, en wat bedoelt Hij ermee?"

2. DEUT. 6:21-23.

21 "dan moet jy aan jou seun sê: Ons was slawe van Farao in Egipte; maar die H E R E het ons deur 'n sterke

1. Holwerda, B., Exegese O.T., Deel III, p.167; cf. Ridderbos, J., op.cit., p.127.

van genade is. God gee die gebooie aan Sy volk van genade. Die sondige mens is reeds veroordeel en is dus verlore. Alle mense is onderhewig aan die oordeel van die wet. Die feit word beklemtoon in die waarskuwing dat enige persoon wat die berg Sinaï tydens die wetgewing betree het, sekerlik sou sterwe. Die wet word aan 'n volk gegee wat uit genade gered is - as 'n genadeweg om te leef onder die seën van die verbond.⁽¹⁾

'n Beginsel wat uit die JW vloei, is dus die onderrig in die wet. Enige iets anders as Verbondsgefundeerde skoling is 'n bewys van apostasie vir die gelowige; dit impliseer dat 'n ander god gedien word en dat die onderrig oor hom gaan. Daar kan geen ware aanbidding wees sonder ware opvoeding nie, want die wet skryf voor en dit is abso-luut. Die kind kan nooit God se aangesig nader as hy God se voorskrif verag nie.⁽²⁾

Die vader-seun-verhouding is ook 'n basiese analogie vir die verhouding tussen Jahweh en Israel. "And there is no doubt that covenants, even treaties, were thought of establishing a kind of quasi-familial unity." In die tegniese woorde=skat van die verbondsdokumente word daar van die hoofdeel=genoot gepraat as "vader" en van die ondergeskikte deelgenoot as "seun". Waar die twee partye gelyk was, is daar gepraat van "broers".⁽³⁾

Die didaktiese strekking van Deut. blyk duidelik uit die konstante beklemtoning van die vader se rol. In die Ou Ooste het die vader 'n sentrale rol gespeel in die opvoeding van die kind.⁽⁴⁾ Die uitdrukking dat die leerling sy leerkrag as vader aanspreek, is nie net tipies van Spreuke

-
1. Rushdoony, R.J., op.cit., p.15.
 2. Ibid., p.22.
 3. Mc Carthy, D.J., op.cit., p.33.
 4. Supra, p.110.

nie, maar ook van die Ou Nabye-Ooste se wysheidsliteratuur. Die boek Spreuke beveel aanvullend aan dat die kind beide vader en moeder moet gehoorsaam (6:20; 10:1; 15:20 ens.). Die kind moet gedissiplineer word deur albei, die vader en die moeder.⁽¹⁾

Dit is interessant om te let op die "impressionistiese" en "simbiotiese" styl van verse 21 tot 23 - hier word slegs 'n enkele trek genoem maar tog vat dit die hele totaliteit saam.⁽²⁾ Harper⁽³⁾ noem verse 20-25 "a model of the kind of explanatory comment." Die laaste vyf verse van die hoofstuk kan tereg genoem word, die "leerplan" vir die onderrig van die jong Israeliet. Die geloof van die vaders moet by die kinders lewend gehou word. "The answer to be given then, the passage suggest is in chief part a story: We obey God's laws because of what He has done for us."⁽⁴⁾

2.2 Vers 22.

In die kategese moet daar nadruklik gewys word op die uitverkiesing van Israel. God bring oor Farao en sy hele huis gevaarlike en verskriklike tekens en wonders. וַיִּשְׁמַח בְּעַמּוּלָם beklemtoon die feit dat dit geen versinsel was nie maar dat dit gekonstateerde feite was.⁽⁵⁾

2.2.1 Die terme מִלָּא וּמִלָּא .

" מִלָּא is a portent, an occurrence regarded merely as something extraordinary. מִלָּא is a sign i.e. something ordinary or extraordinary, as the case may be, regarded as

-
1. Weinfeld, M., op.cit., pp.305-306.
 2. Holwerda, B., Exegese O.T., Deel III, p.67.
 3. Harper, R., The Book of Deuteronomy, p.151.
 4. Blair, E.P., op.cit., p.39.
 5. Holwerda, B., Exegese, O.T., Deel III, p.167.

significant of a truth beyond itself or impressed with a Divine purpose,"⁽¹⁾ Robinson⁽²⁾ skryf: "לִנִּי is not the abnormality of the event that makes the sign, but its interpretation in a particular pattern of divine control." Die gedagte aan לִנִּי is een van abnormale en dikwels dreigende dinge. (In Sag. 3:8 bevat dit egter 'n troosvolle inhoud). "We may illustrate the difference by the fact that לִנִּי is used in the first chapter of Genesis of the regular course of the sun, whilst we have just seen that the eclips of the sun can be described as a לִנִּי."⁽³⁾

לִנִּי in sy wydste betekenis verwys na enige onderskeidings=tekens (bv. die bloed aan die deurposte van die Israeliete Ex. 12:13; 'n familieteken Num. 2:2), maar gewoonlik word dit in verband gebring met die gebeure om 'n orakel. Dit word ook gebruik om iets te illustreer of om 'n bepaalde begrip tuis te bring (Jesaja loop naak en kaalvoet Jes. 20:3), of om die Goddelike oorsprong te bevestig (Jes. 7:3).

לִנִּי staan nouer in verband met die buitengewone en dit word ook gebruik in die besondere sin van voorafskaduwing (Sag. 3:8).⁽⁴⁾

Beide hierdie terme verwys in die vers na die tien plaes waarvan sommige (bv. hael, pes onder die vee, ens.) qua talis dinge is, dit wil sê nie abnormale dinge nie. Dit word alleen deur die aankondiging van Moses "tekens" van God se toorn (לִנִּי), terwyl die ander abnormale verskynsels was, die לִנִּי, wat ook van God se ingryping getuienis gee.⁽⁵⁾

2.3 Vers 23.

לִנִּי met nadruk voorop om die teenstelling te beklemtoon: Israel kom van dwang tot vryheid. Hier moet

-
1. Driver, S.R., A Critical and Exegetical Commentary on Deuteronomy, p.75.
 2. Robinson, H.W., Inspiration and Revelation in the Old Testament, p.35.
 3. Ibid., p.37.
 4. Smith, G.A., op.cit., p.71.
 5. Holwerda, B., Exegese, O.T., Deel III, p.123; cf. K.B.L., pp.23-24, 505.

ook veral gelet word op die gebruik van die woord "ons". Hierin hoor die kind die solidariteit van die eenheid van die Ou-Testamentiese kerk. Die vader moet sy kinders leer dat God die reg het op hulle verbondsgehoorsaamheid omdat Hy "ons" verlos het.⁽¹⁾ Die vryheid was maar net die begin waarmee Jahweh nog groter genade beoog het, naamlik die beërwing van Kanaän. Die woorde $\text{לָנוּ יְיָ אֱלֹהֵינוּ}$ kan vertaal word: "Ons hierheen gebring het om vir ons te gee", of nog beter: "Ons ingebring, ons gewende". Die trou aan Jahweh word opnuut beklemtoon deur die bewoording van vers 18. Die doel van die onderwys is om die kind te leer glo, want uit die geloof sal hy lewe.⁽²⁾

God vra dat die kind Hom moet dien. Om God te dien, beteken geloof en vertroue. Geloof is 'n sentrale begrip in die Ou Testament. Reeds by die aartsvaders tree geloof op die voorgrond. Vir die profete is die diens aan God 'n saak van die geloof. Geloof is afgelei van die Hebreeuse stamwoord אָמַן wat beteken vasstaan of betroubaar wees.⁽³⁾ God eis van die kind dat hy in Hom die grond vir sy vastigheid moet vind. Die roepstem van God moet met vertroue beantwoord word en die kind moet אָמַן sê op alles wat God doen en beveel. Wie in Jahweh "glo", is by Hom veilig geborg (vgl. Rig. 5:31).⁽⁴⁾

Deur die geloof aanvaar die kind God as die Leidsman van sy lewe. Wanneer die kind glo dat Hy betroubaar is en Sy woorde en dae aanvaar as basis en as riggsnoer, dan laat hy Hom toe in sy lewe as dié God wat red, rig, reël, beskerm, seën en regeer. Sonder geloof kan daar geen sprake wees van 'n verhouding tussen die kind en God nie. Hy wat nie

-
1. Vonk, C., op.cit., p.502.
 2. Holwerda, B., Exegese O.T. Deel III, p.168; cf. Rom. 1:17; Hab. 2:4.
 3. Cf. K.B.L., p.61.
 4. de Groot, J. en Hulst, A.R., op.cit., p.278.

glo dat Jahweh betroubaar is, nie Sy Woord as rigsnoer aanvaar nie, sluit Hom uit en stel Hom buite sy lewe. God laat Hom nie met ander gode deel nie. Hy wil die kind alleen vir Homself hê en dit word werklikheid as hy in Hom glo, hom op Hom verlaat, op Sy Woord vertrou en reken op Sy verlossingsdade. God nooi die gelowige verbondskind self uit - die inisiatief kom nie van die mens nie, maar van God. (1)

Geloof is geen vae religieuse besef nie, maar dit rig homself op God en op sy konkrete woorde en daade (bv. die verlossing uit Egipte). Geloof is dus baie nou verwant aan en dikwels selfs sinoniem met hoop en verwagting. Wie glo, verwag dat Jahweh sal doen wat Hy gesê het - dit is 'n belydenis van hulle vertroue in die heil van hulle toegesegde toekoms. Om hierdie rede is die gelowige kind vol eskatologiese spanning. Die Israelitiese kind moet dus geleer word om Jahweh te vertrou op grond van Sy Woord, in wat Hy gedoen het en wat Hy nog vir hulle sal doen. (2) Die onderlig in Israel se geskiedenis word dus 'n magtige faktor in die verbondsoopvoeding om die kind se geloof te versterk.

Robinson⁽³⁾ noem die gebod van vers 5 'n paradoks omdat dit beveel om lief te hê, maar hy vervolg: "The paradox of this command to love is explained by the subsequent answer to a son's question." (Ook in hoofstuk 26). "These two passages take us to the heart of the Deuteronomic religion, and display the great evangelical motive of gratitude which is always the secret of the deepest obedience. To know aright the divine redemption is to be inspired with a love that makes obedience natural and easy, and turns Gods statutes into man's songs in the house of pilgrimage."

-
1. Pop, F.J., op.cit., p.192.
 2. Ibid., pp.194-195.
 3. Robinson, H.W., op.cit., p.215.

3. DIE OPVOEDKUNDIGE IMPLIKASIES VAN ISRAEL SE GESKIEDENIS VIR DIE VERBONDSKIND.

3.1 Die belangrikheid van die geskiedenis in die opvoedings=taak.

Seerveld⁽¹⁾ vat die belangrikheid van die geskiedenis in die opvoeding as volg saam: "The focal concern of Christian education, is understanding and developing history." Hy vervolg: "History is a shining gossamer of God in which we as a matter of fact live and move and have our meaning. Misunderstood or disbelieved it becomes a cobweb of death. Education which hold a false idea of history or slights this undeniable, concrete matrix of the redeeming creator Gods' ruling human and subhuman affairs leave those so trained lost in a maze of abstractions." (2)

3.2 Die Israelitiese kind leer God ken uit die geskiedenis

Israel se "Umwelt" leer sy gode uit die natuur ken. Die heidene voel hulle selfs afhanklik van die natuurmagte en so word die natuurmagte tot gode verhef en as gode gedien.

Israel ken God in die eerste plek uit die geskiedenis. God roep Abraham uit Ur na Kanaän, belowe hom 'n groot nageslag en gee aan sy nakomelinge Kanaän as erfdeel. Hy verlos Israel uit Egipte en na hierdie laaste heilsfeit gryp die Ou Testament telkens terug. Israel leer sy God dus eerstens ken deur sy daade in die geskiedenis.⁽³⁾ Die spesifieke oorweging van die Ou-Testamentiese geskiedenis is nie om te leer dat daar één God is nie, maar dit wil leer wie hierdie één God is. Dit gaan dus om die bekendmaking van Gods deugde. Israel het nie soos die "Umwelt" baie gode om van

-
1. Seerveld, C., The Song of Moses and the Lamb: The Joke of A.R.S.S. Education, p.15.
 2. Ibid., p.17.
 3. Ridderbos, N.H., "Het Ou Testament en de Geschiedenis," I, Artikel in G.T.T., Nr. 4/5, p.114.

te kies nie, want op 'n gegewe moment in die geskiedenis het Jahweh Hom aan Israel openbaar: "Ek is julle God." Op hierdie tydstip en nie eerder nie, kon Israel bely het: "Ja, H E R E, U is onse God." Israel het nie baie gode laat saamvloei tot een God nie, want Jahweh het self in die geskiedenis ingegryp deur sy verlossingsdade en so die geloof in Hom aan Israel geskenk.⁽¹⁾

Die Ou Testament ontken nie hierdeur God se openbaring in die natuur nie, maar nêrens kry 'n mens die gedagte in die Ou Testament dat die mens regstreeks tot God kan kom nie. Uit die gebeure rondom die Exodus is dit baie duidelik dat God heers oor al die natuurmagte. As Israel dan later in aanraking kom met die geweldige natuurverskynsels, weet hulle dat dit deur God beheer word, want in sy heilsdade aan hulle vaders het Hy Homself ook hierin bekend gemaak.

Die onderskeid tussen Israel en die "Umwelt" het verreikende gevolge: In die natuur heers daar 'n kringloop - die dag maak plek vir die nag, seisoene wissel mekaar af en die saad kom op, groei, bloei en verwelk. By hierdie dinge leef Israel se "Umwelt" en hierdie sikliese lewensbesef beheers hulle lewens. In 'n wêreld met hierdie lewensbesef as uitgangspunt, kon die betekenis van die geskiedenis in sy volle omvang nooit inslag vind nie. Omdat Israel 'n ander lewensbesef gehad het, het hulle die geskiedenis geken. Die sirkel was tiperend van die "Umwelt" se lewensbesef, terwyl die van Israel die reguit lyn was.

Die implikasie hiervan is duidelik: Israel weet van die begin, waarheen mens nie kan teruggaan nie én nog veel belangriker, Israel weet van die doel van die geskiedenis, die afsluiting waarheen dit alles afstuur.⁽²⁾ Die uitsprake

-
1. De Groot, J. en Hulst, A.R., op.cit., p.339.
 2. Ridderbos, N.J., op.cit., pp.113, 114 - 115.

oor die geskiedenis is 'n belydenis en 'n verkondiging en nie 'n rasionalisering nie. Dit is 'n eksistensiële beslissing voor God wat die karakter van geloof dra. S6 'n standpunt is die Bybelse opvatting dat die geskiedenis op 'n sinvolle wyse lineêr verloop. Daar moet rekening gehou word met die Skriftuurlike sekerhede oor die toekoms. Die verlede, die hede en die toekoms moet in die kind se beskouinge betrek word omdat dit die verwikkeling van God se plan met sy skepping is. Daarom moet hy bely: daar is 'n vaste beginpunt en die eindpunt is terselfdertyd "eschaton" en "telos", naamlik Christus. God is die Skepper van die geskiedenis en in Christus wat die singewende Middelpunt is, is ook die Voleinder daarvan,⁽¹⁾ Bijlsma⁽²⁾ tipeer dit as volg: In Jesus van Naseret word die doel van die Ou-Testamentiese geskiedenis gesien. "Hij is het brandpunt, dat de stralen van de Schrift bundelt." Die hele Ou Testament word verstaan as Woord aangaande die Messiaanse heil. Die ganse heilsverwachting, soos dit in die loop van die eeue by Israel ontwikkel het, word in Christus verval. Israel weet dat die geskiedenis 'n Godsbepaalde doel het en so kry ons by Israel 'n teleologiese geskiedsbeskouing.⁽³⁾ Die "Umwelt" kan nooit by so 'n begrip van die "groot Toekoms" met die voltooiing van die geskiedenis uitkom nie.⁽⁴⁾

God openbaar Homself in die geskiedenis. Die geskiedenis is die "werkswinkel" van God en in die geloof kan dit gesien en verstaan word. Die openbaring van God is 'n geskiedenis van openbaring - dit is die hooftrek van die Ou Testament.⁽⁵⁾

-
1. Le Riche, E.J., "Die Lineêre Verloop van die Geskiedenis" in die G.T.T., Nr. 1, Jan. 1974, p.22.
 2. Bijlsma, R., Schriftgezag en Schriftgebruik, pp.15-16.
 3. Ridderbos, N.J., op.cit., p.113.
 4. Ibid., p.119.
 5. Mowinckel, S., The Old Testament as Word of God., p.35.

3.3 Die Heilshistoriese bepaaldheid van die Geskiedenis

Probeer ons 'n sentrale gesigspunt aandui waarmee dit wat gebeur het, omvattend omskryf kan word, hoef dit seker nie teëspraak op te roep as ons sê: Wat vertel word, is die daade, die handeling van God nie.⁽¹⁾ Onmiddellik moet egter daaraan toegevoeg word dat hierdie handeling as heilsdaade vertel word: God het gehandel ten bate van sy volk in 'n besondere sin: reddend, bevrydend en ontfermend. Die geskiedenis wat ontplooi, is wesenlik heilsgeskiedenis. Dit het weer op die onderrig 'n beslissende invloed: Die heilsdaade van God word verkondigend en belydend vertel en met lofsange omring (vgl. die lied van Moses).⁽²⁾ Bijlsma⁽³⁾ noem hierdie aspek "het klassieke credo" (vgl. Jos. 24; Deut. 32; Ps. 78, 105; Hand. 7). Die Ou Testament kom telkens op die volgende daade terug, naamlik die skepping, God se openbaring aan Abraham, die Exodus, die gebeure by Sinaï, die intog en die Dawidiese koningskap (waaraan die Sionsberg onlosmaaklik verbonde is).⁽⁴⁾ Hulle vorm as't ware die bakens op die pad van die heilsgeskiedenis in die Ou Testament. Die "interscripturale relasie" van hierdie klassieke heilsfeite, lê hierdie daade in hul grondleggende betekenis vir die hele Ou Testament bloot.⁽⁵⁾

Die Verbond is 'n wesenlike aspek van die heilshistoriese inslag van die Skrif. Die geskiedenis wat God met sy volk gemaak het, is ook as Verbondsgeskiedenis te tipeer. "dat het Oude Testament die storie sien as die zamespel, as die voortdurende verwerkliking van die verbond van God met sy volk", skryf Koole⁽⁶⁾. Die gemeenskapsverhouding wat

-
1. Cf. Ibid., p.39.
 2. Fürstenberg, I., Die Skopus van die Heilige Skrif, (Referaat gelewer voor die Dogmatologiese Werkgemeenskap, Jan. 1970), p.6.
 3. Bijlsma, R., op.cit., p.36.
 4. Ibid., pp.20-21.
 5. Ibid., p.35.
 6. Koole, J.L., Verhaal en Feit in het Oude Testament, p.64.

uit die verbondsgeskiedenis straal, kan die ABC van die Bybelse religie en prediking genoem word. "Deze gemeenschap= verhouding is er als geestelijke, door God geopenbaarde kennis; als iets van Israël op bijzondere wijze ontvangen heeft in het verbond met Jahweh; zijn is aan Israel in zijn geschiedenis openbaar geworden...."(1) Dit spreek verder van bestendige, betroubare en genadige teenwoordigheid en omgang van God by en met Israel. En dit hou die hart van die volk toekomsgerig, op grond van die beloftes wat in die kader van die Verbond hul deel geword het.

Dit bring ons by die volgende dimensie in die Bybelse geskiedenis wat Bijlsma noem⁽²⁾: "Die heilshistoriese dinamiek in die struktuur belofte-vervulling." Hiermee dui hy aan dat die heilsgesbeure steeds oop staan na die toekoms toe. Sodra die aanvanklike belofte(s) in vervulling gaan, stu 'n nuwe belofte (of 'n nuwe dimensie van dieselfde belofte) opnuut die geskiedenis voorwaarts. Die geskiedenis soos wat ons dit in die Skrif lees is daarmee nooit afgelope nie. 'n "onophoudelijke eschatologische drift houdt de gang der historie open naar de toekoms toe." So byvoorbeeld is die rus wat die volk in Kanaän gaan ondervind, nie die eindpunt nie, maar dit word weer in die veranderde omstandighede die beginpunt van 'n nuwe verwagting na die Dawidiese koningskap, of na die rus wat God sy volk in Christus sal gee. "Elke vervulling van een belofte gaat weer opnieuw als belofte opweeg om door Jahweh vervuld te worden."⁽³⁾

Koole⁽⁴⁾ vervolg: "De éne spanningsboog is nog niet tot rusten gekomen, of de volgende verheft zich weer." Hierdie verskuiwing van die heilstafereel maak nie die feit ongedaan dat die volk nog die gebooe van God moet gehoorsaam nie. In die onderrigting van geslag tot geslag kom die totaal van

1. Vriezen, Th.C. op.cit., pp.142-143.

2. Bijlsma, R., op.cit., p.37.

3. Koole, J.L., Verhaal en Feit in het O.T., p.15.

4. Ibid.

die heilsfeite tot volle verwerkliking.

3.4 Die Kerugmatiese Struktuur van die Geskiedenis

Die Bybel bevat geskiedenis, tog is dit geen geskiedenisboek nie. Moses het voortdurend vertel en beskryf wat gebeur het, tog was hy geen "historikus" nie (hy wou dit ook nie wees nie). Die historiese gedeeltes is op verkondiging en onderrigting ingestel.⁽¹⁾

Omdat die heilsdade van God as heilsdade erken en bely word, lei dit tot onderrigende en verkondigende vertelling. S6 word dit - binne die Skrif self - verder oorgelewer en deurgegee.⁽²⁾

Wanneer die kerugmatiese spits van die Bybelse geskiedenis geaksentueer word, beteken dit nie dat die kerugmatiese ten koste van die historiese op die voorgrond geplaas word nie. Beide mag nie teenmekaar afgespeel word nie. Die eienaardige verstrengeling van heilsfeite en heilsboodskap hoort tot die essensiële struktuur van die Skrif.⁽³⁾

In hoeverre die Bybel verkondiging is en wil wees, blyk reeds daaruit, dat die Skrifinhoud eers verkondig is (die mondelinge tradisie van God se reddingsdade) en daarna is dit op skrif gestel.⁽⁴⁾

Hierdie verkondigingskarakter dring homself onweerstaanbaar op. "Van verkondiging tot verkondiging loopt de weg van het geschreven Woord Gods"⁽⁵⁾ Nog meer: Die te boekstelling het plaasgevind, nie om die aanvanklik gesproke woord te vervang nie, maar met die uitdruklike doel dat die

1. Fürstenberg, I., op.cit., pp.8-9.

2. Ibid., p.9.

3. Ibid.

4. Ibid.

5. Bijlsma, R., op.cit., p.71.

verkondiging sal voortgaan. Die Boek is dienstig aan die Boodskap.

Ons kan dit derhalwe so stel: Verkondiging is sowel die bron, as die bestemming van die geskiedenis. Hiermee uiteraard word die hele Skrifinhoud tot kerugma gestempel.⁽¹⁾

Bijlsma⁽²⁾ wys daarop dat in die literêr-historiese navorsing se soeke na en ontdekking van verskillende literatuur= vorme, dit steeds duideliker aan die lig gekom het, dat die "prediking" in die Skrif nie "'n" literêre gestalte naas andere is nie, maar dat alle vorme, elk op eie wyse, niks anders as prediking is nie. "Het belangrikste en alles beheersende kenmerk van de literatuursoorten in de Bijbel is het verhalen en vertolking van de daden Gods in de Historie". Wat eenmaal gebeur het, word as getuienis weer= gegee sodat ander daardeur oortuig kan word. Die deuterono= miese geskiedskrywing bring die geregtigheid van God na vore in sy oordele. Die bedoeling met hierdie trek is om die volk tot bekering en trou aan te spoor. Die werk van die skrywer is dus prakties-teologies, met 'n herderlik-profe= tiese strekking, maar die grondslag daarvan is die prediking van God se daad in die loop van sy volk se geskiedenis.⁽³⁾

As vertellers van die Magnalia Dei was die ouers, onderwysers, getuies, heroute en boodskappers van die heil, dienaars en verkondigers van die Woord. God se konkrete werke moes tot hulle gesprek het, en hierdie daad moes hulle as heil aan hulle kinders verkondig het.

-
1. Fürstenberg, I., op.cit., pp.9-10.
 2. Bijlsma, R., op.cit., p.80.
 3. Vriezen, Th.C., op.cit., p.240.

Die onderrigting en verkondiging bly altyd aan die heils=
dade van God gebonde. Die basis en norm van die kerugma
is en bly die geskiedenis. Die geskiedenis het geen ander
inhoud as dit nie.⁽¹⁾

3.5 Israel se betrokkenheid in die Geskiedenis

In Levitikus en Numeri gaan dit in die besonder oor
wette, maar merkwaardig genoeg word die bekendmaking van
hierdie wette telkens aan 'n bepaalde voorval geknoop (vgl.
Lev. 24:10 ev.; Num. 15:32 ev.). Die boek Deuteronomium
begin met 'n oorsig uit die geskiedenis. "Zozeer staan de
"Wet" in het raam van de geschiedenis".⁽²⁾

Die heil van God gaan die geskiedenis van die mens binne.
God se magtige dade gebeur binne die raamwerk van die ge=
skiedenis. Die gebooie en voorskrifte van God kom uit die
heil op, soos dit in die geskiedenis geopenbaar is. Dit
vloei uit God se dade wat ter wille van die mensheid ge=
skied. Dit word gegee om die mens in hierdie geskonke heil
te bewaar. Dit is die geval by die wette en reëls wat Moses
aan sy volk deurgee. Die "anamnese" waaraan die paranese
steeds verbonde is, gryp terug na wat God in die geskiedenis
gedoen het. Daarom behou hierdie paranese 'n konkrete
karakter. Soos die Skrif in die aanbieding van die heils=
feite die geskiedenis verkondig, so word die Skrif ook as
eis nooit losgemaak van die historiese heilsverband nie.⁽³⁾

Die geskiedenis spreek verder in die konkrete omstandighede
waarvoor 'n gebod gegee is. God se gebooie sweef nie bo
die werklikheid as bonatuurlike reëls nie - dit bly steeds
aanwysings en voorskrifte vir bepaalde menslike verhoudings

-
1. Bijlsma, R., op.cit., p.119.
 2. Koole, J.L., Verhaal en Feit in het O.T., p.9.
 3. Bijlsma, R., op.cit., p.237.

waarinne die gewoonte en die milieu 'n belangrike rol speel. Die Skrif wat God se daad verkondig, bring hierdie verkondiging as 'n aanbod van God (die Evangelie) en as gebod van God (die Wet), beide in verhouding tot die konkrete geskiedenis. Die heilsgebeure is die historiese agtergrond van God se geboorte en die menslike omstandigheid is die historiese realiteit waarvoor dit geld.⁽¹⁾

Israel se geloof kom tot uiting en sou nouliks anders tot uiting kon kom, as in die belydenis van God se daad in die geskiedenis. Die Godsopenbaring kom langs die weg van die geskiedenis tot Israel en daarom was Ou Israel in die geskiedenis geïnteresseerd en het hulle hulleself daarby betrokke gevoel.⁽²⁾

As gevolg van hierdie betrokkenheid van Israel by die geskiedenis, ontwikkel hy 'n eenvoudige opregte en praktiese godsdienssin. Deur die geskiedenisgerigtheid word die kind se gedagtes van homself verplaas na God se handeling. In elke sfeer van die kind se lewe leer hy dus om sy oë op God te rig en sy werke na te speur. Die latere onderskeid tussen die geestelike- en sekulêre lewe was onbekend by Ou Israel. Hierdie totaliteitsbegrip van die Ou-Testamentiese geskiedskrywing was van groot belang vir die Ou-Testamentiese kerk.⁽³⁾

Wanneer die kind die antwoord van sy vader kry, is dit 'n definitiewe persoonlike antwoord - hulle eie persoonlike verhouding met die historiese feite. Hierdie geskiedenis is nie buite of ver van hulle af nie, maar dit is deel van hulle eie ontwikkeling. Die vertelling van die vaders sou met

1. Ibid., pp.237-238.

2. Koole, J.L., Verhaal en Feit in het O.T., p.11.

3. Harper, R., op.cit., p.152.

'n blote reproduksie van die omstandighede en gebeure nóg kant nóg wal geraak het, maar as die spreker hom persoonlik verbind het aan die geskiedenis en wys wat dit vir hom beteken het in sy persoonlike lewe, sou dit inslag vind. (1)

3.6 Israel se Geskiedenis en die Konfederasie van Stamme (2)

Moses was gekonfronteer met die groot taak om Israel te lei na die Heilige Land. Vir baie eeue was hulle slawe, sonder enige kennis van 'n regering of 'n sosiale organisasie. Om sy doel te bereik, moes die stamme opgevoed word om 'n solidêre eenheid te vorm. Die groot behoefte was 'n nasionale etos. So 'n nuwe volkskarakter sou die stamme verskille te bowe kom en so sou die nasionale kultuur van geslag tot geslag oorgedra word. 'n Effektiewe nasionale etos het die volgende twee aspekte vereis:

- (a) 'n magtige nasionale tradisie wat 'n gemeenskaplike besit sou wees vir al die elemente binne die twaalf stamme;
- (b) 'n gemeenskaplike doelstelling vir toekomstige realisering. (Hulle moes Kanaän in besit neem).

Die verlossing uit Egipte was hierdie gemeenskaplike ervaring en dit het die fondament gevorm vir die bou van 'n vitale nasionale tradisie. Hierdie geskiedenis het die sentrale tema gevorm van Israel se feeste, gebede en daaglikse onderrig. (3) Ook het die onderrig oor die Verbondsluiting bygedra tot eenheid onder die stamme. Bright (4) stel die eenheid as volg: "Early Israel was neither a racial nor a national unit, but a confederation of clans united in the covenant with Yahweh. This covenant both created her society and held it together." Israel is die verbondsvolk, die uitverkore volk, die heilige volk, die hoogstaande,

-
- 1. Parker, J., op.cit., Vol. IV, p.147.
 - 2. Noth, M., The History of Israel (Noth gebruik die term "konfederasie van stamme"), p.54 et.seq.
 - 3. Eby, F. and Arrowood, C.F., op.cit., p.115.
 - 4. Bright, J., A History of Israel, p.158; cf. ook p.146.

selfs die alleenstaande volk. Die jeug moes opgevoed word in hierdie besef van eie afsonderlikheid: daar is nie nog so 'n volk as die volk van God nie, en om aan hierdie volk te behoort, is die unieke voorreg van elke Israeli-tiese jongmens.⁽¹⁾

Dit sou totaal foutief wees om te aanvaar dat die Israeli-tiese kind net uit die verlede moes geleef het. Hulle moes 'n verenigde volk word en hulle lewens moes regeer word deur God se gebooie. 'n Nasionale etos of karakter moes ontwikkel word om Israel te verhef bo die verdelende ideale van nomadiese stamme.⁽²⁾ Die geloof dat hulle God die enigste en ware God is, het by Israel 'n sterk, innige nasionale trots in die hand gewerk en dit het meegebring dat hulle die suiwer bewaring van die leer sterk aangemoedig het. By ou Israel vind ons dat die nasionale element uit die godsdienstige voortkom en daarmee tot een saamgegroeie het. Die lewe van Israel was nasionaal-godsdienstig en godsdienstig-nasionaal. En so kan die Israelitiese opvoeding gekarakteriseer word.⁽³⁾ Om patrioties te wees, beteken vir die Israeliet om ook godsdienstig te wees. Die begrippe patriotisme en godsdiens kan alleen onderskei word, maar mag nooit van mekaar geskei word nie.⁽⁴⁾ Jahweh was die God van Israel en Israel was die volk van Jahweh; getrouheid aan Jahweh was getrouheid aan die volk. As die kinders geleer word om die gebooie van God te gehoorsaam, is dit gedoen om die grootheid en die eer van die volk te bewaar.⁽⁵⁾ Hierdie opvoeding lei daartoe dat ons by Israel 'n merkwaardige solidariteit aantref. So tref ons enersyds 'n

-
1. Coetzee, J. Chr., op.cit., p.26.
 2. Eby, F. and Arrowood, C.F., op.cit., p.116.
 3. Coetzee, J. Chr., op.cit., p.25.
 4. Mc Cormick, P.J., op.cit., p.77.
 5. Coetzee, J. Chr., op.cit., p.26.

gemeenskaplike handeling en andersyds 'n verbondenheid ten opsigte van skuld en straf by God se volk aan (bv. die hele Israel ly as gevolg van Agan se vergryping aan die bangoed by Jerigo.⁽¹⁾

Die redding van Israel lê in sy opvoeding tot die aanvaarding van die Verbondsgod deur 'n streng eerbiediging van die heilighheid van God. Die streng handhawing van 'n opvoeding, gegrond op hoë godsdienstige en sedelike ideale het die eenheid van die volk bewaar soos geen staatkundige stelsel dit kon doen nie. Dwarsdeur die diaspora het die Jode hulle eie identiteit en karakter gehandhaaf - dit is die vrug van die Israelitiese opvoeding.⁽²⁾

Moses was die heel eerste persoon in die geskiedenis wat nasionale opvoeding aangepak het. Almal moes die wet van die H E R E leer: mans, vrouens en kinders. Moses was veel meer as 'n wetgewer - hy was die bouer van 'n nuwe volk en kultuur.⁽³⁾

3. Die Teosentriese geskiedenisbeskouing (Vriezen)

Vriezen⁽⁴⁾ skryf: "De streng theocentrische geschiedenisbeschouwing beheerst de gehele wereld- en levensbeschouwing en scheidt nieuwe lewenswaarden. Hierdoor wekt de vroegere geschiedenis tot blijdschap van het geloof, de contemporaine tot de zekerheid van de roeping Gods, en de toekomstige, die nog by God bewaard word, tot hoop. De theocentrische wereldbeschouwing leidde door innerlijke consequentie tot de idee van de theokratie in het volksleven en de teleologie in de geschiedbeschouwing; en op haar beurt tot de eschatologie, welke het geloof in Israëls vernieuwing,

-
1. Koole, J.L., Verhaal en Feit in het O.T., p.13.
 2. Coetzee, J. Chr., op.cit., p.25.
 3. Eby, F. and Arrowood, C.F., op.cit., p.117.
 4. Vriezen, Th. C., op.cit., p.243.

het messiaanse rijk, het heilsrijk voor de gehele wereld, de kosmische vernieuwing en ten slotte de opstandingsidee tot uitdrukking bracht." So het die geloof in God, as die lewende God in die geskiedenis die lewe van Israel beheers. Die geskiedenis het nie alleenlik sy aanvang by God nie, maar ook sy doel, dit is dus teleologies: God moet daarin verheerlik word. Die kind wat van God se handeling weet, moet Hom dien en Hom gehoorsaam wees. Verder skryf Vriezen⁽¹⁾ "Theocentrische werelddescribing, teleologiese geskiedenis= describing en volstrekt geldende religieus-etiese lewens= describing behoren tezamen als skakels van een ketting."

3.8 Die Teo-doksologiese finaliteit van die geskiedenis.

"In Deuteronomium is op het nadrukkelekste dit doel uitgesproken, wanneer het spreek over Israël als heilige volk, Gods eigendomsvolk (7:6 vv.), dat God tot heerlikheid, lof en eer zal zijn (26:18). De roeping van Israël bedoelt de theokratie. (Ex. 19:5 vv.). Men mag de theokratie selfs de grondgedachte van de oudtestamentiese geskiedbescribing noemen." (2)

Die heil wat die geskiedenis verkondig, loop alles ten slotte uit op die eer en die verheerliking van God. "Uit Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid" (Rom. 11:36).

Juis rondom die heil wat die kind se deel word, rys die loflied op. Dit is die lofsange van Israel - die volk van sy verlossende bemoeienis.

Die eer van God en die heil van die mens..... . Nooit kan en mag die een teen die ander afgespeel word nie. In sy gerigtheid op die heil van die mens, beweeg die geskiedenis

1. Ibid., p.241.

2. Ibid.

na die verderliggende doelwit, die einddoel van al God se weë en werke: Godverheerlikende finaliteit (vgl. die eerste bede van die Onse Vader en 1 Kor. 15:28).⁽¹⁾

3.9 Die konkrete voorbeeld van Israel se geskiedenis vir die kind.

In baie opsigte kom die verstand van die kind ooreen met die van die primitiewe mens. Dit het dieselfde voorliefde vir konkrete voorbeelde en dit toon dieselfde onvermoë om abstrakte begrippe te absorbeer. Die kind se vermoed het die ontvanklikheid om as volg te redeneer: God is genadig en liefdevol teenoor die mens, dit was Hy in besonder teenoor ons voorgeslagte. As gevolg hiervan moet ons Hom ook liefhê en Hom gehoorsaam met eerbied en ontsag. Die metode waarin die konkrete bewyse gebruik is, was uitstekend geskik vir die opvoeding van die kinders van 'n volk wat slawe was, maar selfs in die moderne tyd het die deuteronomiese metode hom net so effektief bewys.⁽²⁾

4. DIE OPVOEDKUNDIGE ASPEKTE VAN DIE GROOT FEESTE.

4.1 Kultus as Gods Gebod.

God se gebooie omvat die hele lewe. Die kultus is nie maar net 'n begeleidende newevorm van die religieuse lewe nie. Kultus is 'n egte lewensuiting van die religie. Die mens voel die drang aan om aan die voorwerp van sy verering offers te bring, hetsy uit dankbaarheid, of vir bevestiging van homself, of om ander redes. Die Israelitiese religie maak op hierdie reël geen uitsondering nie. Israel was nooit in die Ou Testament sonder kultus gewees nie. Die Israelitiese kultus was nie iets nuuts nie en dit was

-
1. Fürstenberg, I., op.cit., pp.15-16.
 2. Harper, R., op.cit., p.152.

ook nooit die bedoeling gewees nie. Mense het altyd geoffer, maar in die tyd van Moses moes die offers aan Jahweh gebring word. Die offers self is dus geen nuwe idee nie, maar die God aan wie dit geoffer moes word, was "nuut". Reeds voor Moses het die mense hulle eerstelinge gebring en feeste is gevier. Dit was dus nie die feeste en die verskillende rituele handeling wat nuut was nie, maar dit is die betekenis wat nuut geword het; want Jahweh, die God van die verlossing is die Enigste wat die volk mag dien. Dit gaan dus nie om die natuurlik-gegewe betekenis nie, maar om die Gods-geopenbaarde betekenis in die verskillende kultiese handeling. Die voorafgaande hang ten nouste saam met die feit dat Israel die verband tussen kultus en natuur prinsipieel deurbreek het en die kultus verbind het aan die geskiedenis van die verlossing uit Egipte. So kan ons sê dat die kultus op God se gebod berus. Die gebod het primêr betrekking op die betekenis en die wese van die kultus (en in 'n veel mindere mate op die uiterlike vorm). In Deut. 16:1 ev. gebied God die feeste. Die kultus is deel van Israel se opvoeding en religie en dit is 'n volkome legitieme uitdrukkingswyse van die geloof in Jahweh.

Die kultus is 'n gebod van Jahweh en dit is in ooreenstemming met Sy wil. Die gemeenskap met God kan nooit op grond van die kultiese handeling en die kultiese vorme bewerkstellig word nie - dit is 'n gawe van God. Die Israelitiese kultus moet 'n dankbare uiting van die gemeenskap wees en nooit 'n voorwaarde daarvoor word nie. Die kultus gaan uit van die verlossing, maar bewerkstellig nie die verlossing nie.

In die kultus moet Israel heilig wees - anders as die ander volkere. Omdat Jahweh sy heil openbaar en die kind daarin wil laat deel, gebruik Hy die kultus in sy diens.

John Bright⁽¹⁾ noem 6:20-25: "A Credo designed for recitation at a feast of covenant renewal - to serve as a prelude to the reaffirmation of the covenant."⁽²⁾ Deut. 6:20-25 wys saam met 26:5-11 hoe die "teologie" van die Ou Testament sy wortels in die liturgie het, want by die feeste is hier= die genoemde verse gesitêr. Rondom hierdie liturgiese nukleus is die Paasverhaal uitgebou (vgl. Deut. 12-13). Die Paasfees is ook 'n herdenkingsfees, maar dit is ook 'n eucharistie. Albei kyk terug na die verlede, maar beide druk ook vertroue in die toekoms uit.⁽³⁾

4.2 Die Paasfees.

Die praktiese opvoeding van die Israelitiese kind is verryk in sy opvoedkundige deelname in die groot feeste,⁽⁴⁾ waarvan die Paasfees die belangrikste was.

Nisan is die maand van die wonders, dit is die maand van die Exodus. Die Uittog is die λ en die π van die Israelitiese geskiedenis - dit is die begin van die wonderbare geskiedenis van God se volk. 'n Nuwe dag, 'n nuwe era en so word die maand van die Exodus die eerste maand van die jaar (Ex. 12:2). Dit is die lentemaand wanneer die lewe in die natuur ontluik en wanneer die hoop weer jonk word.⁽⁵⁾ Opvoedkundig is dit van groot belang dat die Paasfees juis in dié maand vasgelê is. Bogenoemde dinge moes tot die kind se gemoed spreek het.

Israel word verlos uit die mag van Farao, Egipte, die towenaars, die valse gode (objektief). Israel word ook verlos van sy eie afvalligheid (subjektief).⁽⁶⁾ In 'n

-
1. De Groot, J. en Hulst, A.R., op.cit., pp.284-288.
 2. Bright, J., op.cit., p.124; cf. p.145; cf. Eichrodt, W., op.cit., Vol. I, p.123.
 3. Blenkinsopp, J., Deuteronomy, the Book of the Covenant, pp.21-22.
 4. Swift, F.H., op.cit., p.21.
 5. De Vriez, S. Ph., op.cit., p.117.
 6. Ozinga, T.E.N., op.cit., p.136.

sekere opsig was Israel in die kake van die dood. Egipte het gedreig om Israel se graf te word. Die verlossing vir Israel uit Egipte is vir hulle die opstanding uit die dode⁽¹⁾. Watson⁽²⁾ sê: "The house of bondage was a type of deliverance from sin.....a type of deliverance from Satan..... a type of being delivered from hell."

God eien Homself die eersgeborenes van Israel toe, omdat Hy hulle in Egipte gespaar het. In hierdie toeëiening word die hele volk eintlik opgeëis as die eersgeborene van God. Die eersgeborene - dus die ganse volk - is onder God se oordeel, maar tog neem God hulle aan in Sy genade. Die verlossing van die eersgeborenes moes Israel gedurig daaraan herinner dat hulle nie onder sy oordeel gekom het nie, maar dat hulle deur Sy genade lewe. Pasga beteken verbygaan - sparend verbygaan.⁽⁴⁾

Die verlossingswerk gaan gepaard met 'n indrukwekkende simbool van die versoening. Dit is die Pasga. Die Pasga is eintlik 'n vredesmaal, nadat die offerlam die versoening bewerkstellig het. Die Pasga is dus 'n versoeningssimbool (deur die offer van die lam) en 'n sakrament (die maaltyd van vrede).

Dat niks in die lam gebreek mag word nie, simboliseer die eenheid van Israel soos dit tot uiting kom in die gemeenskap met God.

Reeds by die Paasmaal moes Israel ongesuurde brode eet. Die brood wys ook na die nuwe lewe - vry van die suurdeeg, dit wil sê vry van die sonde.

-
1. De Graaf, S., op.cit., p.136.
 2. Watson, T., The Ten Commandments, Banner of Truth, pp. 39-41.
 3. De Graaf, S., op.cit., Deel III, p.193.

Die eet van die paaslam was 'n gesinsfees. Die gemeenskap wys dat God met hulle inwoon en dat hulle saam met Jahweh aan die tafel eet. By die latere gebruike van die fees was dit asof God in hulle huis die Gasheer was. Hy gee die spyse en die gesin deel in sy guns. Die bloed aan die deurposte was die simbool van die versoening (die sterwe van Christus) en op grond van die versoening kon God saam met sy volk woon en eet.

Die bitter kruie moes hulle herinner aan die bittere verdrukking in Egipte. Verder is die maaltyd staande gebruik, met hulle lendene omgord en die staf in die hand. Hulle moes reisvaardig wees - reg om die slawehuis haastig te verlaat.

In die geloof moes Israel aanvaar dat God sy genade oor hulle sou bring. Sonder geloof sou die maaltyd niks vir hulle beteken het nie. Deur die geloof sien hulle hierin die teken van God se guns.

Dieselfde tyd elke jaar moes die maaltyd weer herhaal word, dit wil sê telkens mag hulle weer saam met die H E R E aan die tafel eet. Hy is naby aan hulle en hulle aan Hom.

By die maaltyd moes die ouers aan hulle kinders vertel wat die diepere betekenis van dit alles is. As dit in die geloof aanvaar word, sal die kinders ook later hulle plig nakom. Hulle sal dan verstaan dat die bloed van die lam die versoening van die sonde beteken. Wanneer die lam heel op die tafel kom, verstaan hulle dat die volk één volk moet bly in die gemeenskap van die H E R E.⁽¹⁾ Mowinckel⁽²⁾ noem die Paasfeesviering 'n "repitisie" van God se magtige daade

1. De Graaf, S., op.cit., pp.193-194; cf. Ozinga, T.E.N., op.cit., pp.136-137; De Vaux, R., op.cit., pp.484 et. seq.

2. Mowinckel, S., op.cit., p.37.

in die geskiedenis. In die kultus van die fees word die wonderlike geskiedenis van Jahweh se openbaring weer vir die kind nuut gemaak.

4.3 Die Pinksterfees.

Die Pinksterfees, of "die fees van die weke", was die tweede groot jaarlikse fees. Dit het op die vyftigste dag geval, sewe weke nadat die sekel die eerste keer in die ongesnyde graan geslaan is (Deut.16:9). Hulle het hierdie dae getel van die tweede dag van Paasfees af, dit is die dag waarop die beweegoffer vir die garsoes ingebring is. (Lev. 23:15).

Die voorskrifte vir die Pinksterfees vind ons in Ex. 23:16; 34:22; Lev. 23:15-21; Num. 28:26-31; Deut. 16:9-12. Op die dag mag geen beroepswerk gedoen word nie, maar hulle kon tog die ete gaarmaak; 'n heilige samekoms moes uitge-roep word en 'n feesoffer moes gebring word (Num. 28:26-31). Verder moes 'n nuwe spysoffer voor die H E R E geoffer word, naamlik twee beweegbrode en twee-tiendes van 'n efa fyn meel met suurdeeg, as eksemplaar van die daaglikse brood. Dit was die eersteling koringoes vir die H E R E. As brandoffer moes sewe jaaroud lammers sonder gebrek, een jong bul en twee ramme aan die H E R E geoffer word, met die spys- en drankoffer wat daarby behoort, dan nog 'n bokram as sondoffer. Die lammers is net soos die brode voor die aangesig van die H E R E beweeg en dit het die priesters se deel geword.

Die Pinksterfees was 'n dankdag vir die oes. Daarom is dit ook genoem: "die fees van die eersteling" en "die fees van die oes." Vrywillige dankoffers is gebring. Die latere Jode het die fees beskou as 'n fees ter herinnering van die wetgewing by Sinaï. Tog is dit nie onmoontlik dat Deut. 6:12 aanleiding gegee het tot die herdenking van die wet van

die H E R E en die verbondsluiting op die berg Sinaï nie. (Vir die vervulling van die Pinksterfees en die oesfees vgl. Hand. 2). Die Pinksterfees word ook met die geskiedenis verbind, maar op 'n baie later stadium.⁽¹⁾

4.4 Die Loofhuttefees.

Die fees word ook genoem "die fees van die insameling". Deut. 16:13-15 dui die voorskrifte vir die fees aan. Dit is op die 15^e tot die 22^e van die sewende maand, Tisjri, gevier. Op die tiende Tisjri het die groot Versoendag geval. Die eintlike betekenis van die huttefees, wat dit bo 'n gewone fees by die geleentheid van die insameling verhef het, het in die voorskrif gelê, naamlik die bepaling dat die Israeliet gedurende die sewe dae wat dit geduur het, in loofhutte moes woon.

Op die eerste dag moes daar 'n heilige rusdag (d.i. 'n samekoms) wees. Sewe dae lank moes die Israeliet 'n vuuroffer aan die H E R E bring; op die agste dag moes daar weer 'n heilige vierdag byeengeroep en 'n vuuroffer aan die H E R E gebring word. Vir die nuwe jaar hoop die mense vir nuwe lig. (Die fees word gevier in die herfs; die warm, verskroeiende somerhitte en droogte word verbreek deur die koms van die herfs; die dooie natuur begin weer lewe). Dit wys op die lig van God se goedertierenheid en op die water, 'n groot gawe van God, wat die verskroeiende land benat.⁽²⁾

Op die eerste dag moes die Israeliete vrugte neem van sierlike bome, met palmtakke en takke van digtebome en rivierwilgers, en vir sewe dae moes hulle vrolik wees voor die H E R E hulle God. Sewe dae lank moes hulle in hutte woon,

-
1. Grosheide, F.W., (Redakteur) Bybelse Ensiklopedie, p.393-394; cf. de Vaux, R., op.cit., pp.493 et. seq.
 2. Baarslag, D.J., op.cit., Deel I, p.515.

"sodat julle geslagte kan weet dat Ek die kinders van Israel in hutte laat woon het toe Ek hulle uit Egipte uitgelei het. "Ek is die H E R E julle God" (Lev. 23:43). Uit die kanttekening van die St. vert. kom die onderrigtingsaspek nog duideliker uit: t.w. die veertig jaar wat hulle in die woestyn rondgedwaal het. Dit is: "Ek het hulle wonderbaarlik onderhou, sonder om wonings en huise te hê en sonder vrugte van die aarde as voedsel." Inderdaad is die hut in die Skrif 'n beeld van beskerming (vgl. Ps. 27:5). In Kanaän kon hutte gemaak word van die takke van sierlike bome - omdat die H E R E daardie land aan Israel geskenk het! Die Israeliet leer in die fees om hom te verheug in die beskerming wat die H E R E hulle in die verlede bewys het en tot nou toe handhaaf. (Christus is die vervulling van die Huttefees. (Open. 7:9-11).

Die Huttefees was 'n fees waarop almal vrolik was voor die aangesig van die H E R E, nadat die insameling van die vrugte van die arbeid, die opbrengs van die land, van die dorsvloer en die wynpers klaar was.

Na die Ballingskap het die vroue op die aand van die eerste dag 'n ligvertoning gehou met groot goue kandelaars, waar skynlik ter herinnering aan die vuurkolom tydens die woestynreis. Na die oggendoffer op die sewende dag is 'n drankoffer gebring, terwyl die woorde van Jes. 12:3 uitgespreek is. Moontlik was dit 'n herdenking van die water uit die rots tydens die woestynreis! ⁽¹⁾

4.4 Die Opvoedkundige betekenis van die Feeste.

Die onderrig by die feeste was nie maar net 'n blote aanbieding van die historiese gebeure nie, want die kinders was emosioneel betrokke by hierdie "dramatisering" van hul

1. Grosheide, F.W., (Redakteur) op.cit., pp.219-220; cf. de Vaux, R., op.cit., p.495 et.seq.

volk se geskiedenis. Die aanskoulike wyse waarop die gebeure tot hom gekom het, moes tot sy emosies gespreek het. As gevolg van die "dramatisering" word al sy sintuie betrek - hy sien, hoor, voel en proe. Hy sit nie passief as 'n toeskouer terug nie, maar neem aktief deel aan die kultus van die fees. Sy kinderlike nuuskierigheid word geprikkel en dit lei tot ware belangstelling. Nuuskierigheid lei verder tot bewondering en dié bewondering lei tot eerbied. So word die gebeure in sy geheue vasgelê en so bou hy helder beelde en blywende begrippe op, want hy ondervind dit self!

Belangrike abstrakte begrippe soos gehoorsaamheid, geloof, genade, sonde, ens. word by die kind tuisgebring. Hierdie begrippe word uit die konkrete voorbeelde van die feeste, wat dieselfde eienskappe besit, gebore.

Die feeste vind nie gelyktydig op 'n bepaalde tydstip plaas nie, maar met 'n tydsverloop daartussen en daarom kry die kind nie te veel stof om op een slag in te neem nie. Soos hy ouer word en herhaaldelik die gebeure bywoon, word sy begrippe ook verdiep en verbreed. Die herhaling van die feeste is niks anders as "hersiening" nie - 'n proses van inskerping in die geheue.

Historiese stof is oorwegend abstrak, maar met die deelname aan die feeste word dit konkreet: dit laat die verlede herleef. Hy leer dat die geskiedkundige gebeure kousaal verbind is: vir alle gebeure is daar oorsake en gevolge. Die gebeure is egter nie net in tyd en in oorsaak-gevolg begrepe nie, want in die feeste kan hy sien dat die geskiedenis die openbaarmaking van God se Raadsplan is.

5. DEUT. 6:24.

"En die Here het ons beveel om al hierdie insettinge te

te volbring, om die H E R E onse God te vrees, dat dit met ons altyd goed mag gaan, om ons in die lewe te hou soos dit vandag is."

5.1 Pas na die evangeliese basis kom die wet, maar selfs ook dit word blootgelê in 'n evangeliese sin. *הלל* is die geboorte van Deut. waaroor die vraag van die kind gaan.

5.2 *לחיות* *הלל* kan gesien word as 'n finale inf. kons., maar dit kan ook omskrywend wees soos in vers 19. Die vrese van die H E R E is 'n permanente beginsel wat die ganse lewe van die jeug tot die oudag beheers.⁽¹⁾ Holwerda⁽²⁾ vertaal: "In die vrese van die H E R E" en "vir onself ten goede." En so word beide motiewe van 6:2 en 6:3 gekombineerd genoem.

Die lewe vanuit die Skrif is nie maar net 'n biotiese lewe nie, maar dit geld vir alle lewensverbande. In Deut., sowel as in die Israelitiese- en nie-Israelitiese wysheids-literatuur, word dit gesien binne die raamwerk van beloning in die wydste omvang. Lewe wys na "geluk" en dit is lewe in sy volste betekenis. Deut. belowe 'n lang lewe en dié lang lewe is vir die gehoorsame kind, dit wil sê die een wat aan die verbondseise voldoen. Die skrywer wil Israel dus onderrig om die "lewe" en die "goeie" te kies en om die "dood" en die "ongeluk" te verwerp (30:15, 19; Spr. 19:16).⁽³⁾ "It is on hearing and obeying in that the nations future in the land soon to be possessed will depend."⁽⁴⁾

Die doel van die wet is nie om Israel te bind aan 'n reeks van arbitrêre beperkings nie, maar dit dien as 'n rigsgnoer om die lewe ten volle te geniet. Die wet is gegee sodat

-
1. Holwerda, B., Exegese O.T. Deel III, p.168.
 2. Ibid.
 3. Weinfeld, M., op.cit., p.308.
 4. Blair, E.P., op.cit., p.36.

dit met Israel goed kan gaan.

Nêrens in die Ou Testament word die genade van die wet meer beklemtoon as juis hier nie.⁽¹⁾ G. von Rad⁽²⁾ skryf dat die karakter van die wet soos dit blyk uit die boek Deuteronomium, 'n wet van genade is. Die doel van die wet is om die realiteit van God se genade aan die mens te beklemtoon.

Die wet is nie 'n teenhanger van God se genade nie, maar dit is 'n belangrike uitdrukking daarvan. Alleen wanneer die wet verwerp of geïgnoreer word, ontvlam die toorn van God. Omdat die wet so 'n belangrike rol speel in die lewe van Israel, kry dit groot klem in die volk se opvoeding. Agter die volk se ywer om die wet van God te ken en te verstaan, is die wete dat dit 'n gawe van God se liefde is. Omdat die boek soveel klem lê op die onderwystaak van die indiividu is dit geen wonder nie dat dit ook die taak op die koning, as eerste burger, lê nie (17:18-20).⁽³⁾

Die mens mag nooit redeneer dat die "lewe" afhanklik is van die mens se gehoorsaamheid nie, met ander woorde dat die kind deur sy eie meriete die seën van die H E R E ontvang nie.

Die kind moet die wet nie vervul om te leef nie, maar wanneer hy die wet vervul, het hy die lewe en deel hy in God se heil - buitendien, die ware gehoorsaamheid word alleen aangetref waar die mens in gemeenskap met God lewe.⁽⁴⁾

5.3 כִּלְהִימָוִי is die blywende seën wat aan die onderhouding van die geboorte verbonde is.

-
1. Clemens, R.E., God's Chosen People, Theological Interpretation of the Book of Deuteronomy, p.59.
 2. Von Rad, G., Old Testament Theology, Vol. I, p.229 ev; cf. Vol. II, p.395.
 3. Clemens, R.E., op.cit., pp.59-60.
 4. De Groot, J. en Hulst, A.R., op.cit., p.284.

5.4 ל חיתינו word as die finale sin geneem by יהוה יוצנו . Deur die skenking van sy gebooie wil God die lewe skenk. (1)

5.5 היום הזה wys op die bestaande toestand, dit is die sigbare en tasbare feite, die uitverkiesing en die unieke krag wat God aan sy volk bewys het. Uit die magtige bewyse kan die vader aan sy seun toon dat die onderhouding van die gebooie seën bring. So kan hy sy seun motiveer om dieselfde te doen. (Dit is ook die doel van die kerkgeskiedenis en die katkisasie). (2)

6. DEUT. 6:25.

"En dit sal geregtigheid vir ons wees as ons sorgvuldig al hierdie gebooie hou voor die aangesig van die H E R E onse God soos Hy ons beveel het."

6.1 לצדקה תהיה לנו

לצדקה wys op die tweede party in die verbond. Die noukeurige onderhouding van die gebooie sal vir Israel "tot geregtigheid wees". Dit impliseer dat hulle voor God regverdig sal wees, dat hulle voor Hom kan bestaan en op sy guns en seën mag hoop. (3) Dit is geen teenstelling met die regverdiging deur genade of regverdiging uit die geloof nie. (4) Die verbond en die hele wetgewing berus op genade, daarom is die onderhouding daarvan, in sy kern, 'n gelowige vashou aan die verbond en die daarin verleende genade. Hierdie regverdiging uit die werke is te verstaan in die sin

-
1. cf. Die Heidelbergse Kategismus, Sondag 32 en 42.
 2. Holwerda, B., Exegese O.T., Deel III, p.
 3. Holwerda, B., Exegese O.T., Deel III, p.168.
 4. cf. Mc Carthy, D.J., op.cit., p.53. (Hy noem dit die klassieke probleem van die verbond as wet teenoor die Evangelie van genade); cf. Keil, C.F. and Delitzsh, F., op.cit., p.326.

van Jak. 2:20 ev. en is in beginsel 'n regverdiging uit die geloof.⁽¹⁾ Die woord geregtigheid kom ook ter sprake by Abraham. Abraham het op God vertrou en dit is hom tot geregtigheid gereken (Gen 15:6). Dieselfde geregtigheid het God in gedagte in Sy belofte: Die mens wat dit nakom, sal daardeur lewe (Lev. 18:5b). Christus wys op dieselfde geregtigheid in Matt. 5:6, 10.⁽²⁾ *וְיָדַעְתָּ* dui die mens se regte gesindheid aan teenoor die eise wat God aan hom stel. Hy wat die gebooie aanvaar of hy wat glo, word deur God as regverdig beskou, met ander woorde sy verhouding tot God is reg. *וְיָדַעְתָּ* wil nie sê dat die kind nou sonder enige sonde is nie, maar dit wys veeleer op die kind se intensie om homself met God te assosieer en daarom is God gewillig om hom ook te erken.⁽³⁾ G.A. Smith⁽⁴⁾ sê in die verband: "The thought of the previous verse shows that righteousness here does not mean goodness, uprightness, but rather justification, vindication, the right to live, and by consequence their life itself!"

Regverdiging uit die geloof tree nie in Deut. met dieselfde louere klaarheid na vore as in die Nuwe Testament nie, want dit is nog versluier deur die wettiese inslag van die Ou Testament.⁽⁵⁾ Tog is die leer van die boek net so ewangelies as die van Paulus. Die genade wat Paulus verkondig, word óók in vers 23 verkondig, maar om verlos te word, moet die kind ook uit sy werke geregverdig word (vgl. Christus se Bergrede).

6.2 *וְיָדַעְתָּ* is kondisioneel en sê vir die soveelste keer dat behoud van die verlossing afhang van die

-
1. Kleinknecht, H. and Gutbrot, W., Law, p.21. (Hulle skryf daar is geen kontradiksie tussen die wet en genade nie. Die vraag in die Sendbrief van Jakobus gaan oor geloof en werke en nie oor geloof en die wet nie).
 2. Vonk, C., op.cit., p.520.
 3. Von Rad, G., Deuteronomy, p.56; cf. K.B.L., p.795.
 4. Smith, G.A., op.cit., p.104.
 5. Ridderbos, J., op.cit., p.128.

wandel in God se weë. Die kind word alleenlik as regverdig beskou as hy hierdie ooreenkoms (vgl. 6:6) bly eerbiedig.⁽¹⁾

6.3 לִפְנֵי ה' kan grammatikaal behoort by כִּי־נִשְׁמַח ens. en dit beklemtoon die feit dat Israel sy lewe voor die aangesig van God leef.⁽²⁾

6.4 Die slot וְנִשְׁמַח ה' hoort alleen by כִּי־נִשְׁמַח. Dit beklemtoon 'n lewe binne die raamwerk van die verbondsooreenkoms. Deut. 6:20-25 wys dat die kind se hele toekomst gekoppel moet word aan die eerbiediging van verse 4 en 5.⁽³⁾

-
1. Holwerda, B., Exegese O.T., Deel III, pp.168-169.
 2. Ibid., p.169.
 3. Ibid., p.169.

HOOFSTUK 8

SAMEVATTING

Uit die navorsing wat gedoen is oor die datering en outeurskap van Deuteronomium het die volgende duidelik geblyk:

- (a) dat die basis van hierdie boek met sy sterk didaktiese en paranetiese inslag aan die groot Israëlitiese opvoeder, Moses, toegeskrywe moet word;
- (b) alle post- en a-Mosaïka moet toegeskrywe word aan die werk van 'n latere hand of hande.

Deut. 6:4 is die sentrale teks van hoofstuk 6 en dit lui: "Hoor, Israel, die H E R E onse God is 'n enige H E R E." Dit vorm die hart van die Ou-Testamentiese verkondiging en dit gaan uitsluitlik om God, maar dan nie om God soos wat Hy in Homself is en bestaan nie, maar soos Hy is in Sy verhouding tot Israel: "onse God." Hy is Israel se enigste God en daar mag geen ander gode voor Sy aangesig bestaan nie. Die opvoedkundige implikasie wat hieruit vloei is dat enige iets anders as Verbondsgefundeerde onderwys vir die gelowige Israëliet 'n bewys was van apostasie; dit impliseer verder dat 'n ander god gedien word en dat die opvoeding oor hom gaan. Sonder ware opvoeding kan daar nie ware aanbidding wees nie. Israel moet anders wees as die ander volkere soos sy God anders is as die ander gode. Die kind moet heilig wees soos Hy heilig is (Lev. 11:44). Kinders moet opgevoed word tot die eksklusiewe diens aan Jahweh.

In hierdie studie het dit deurgaans geblyk dat die onderhawige opvoedkundige verbondswet klem op die gehoorsaamheid

aan die verbondseise laat val. Gehoorsaamheid⁽¹⁾ aan God en aan Sy gebooie, insettinge en verordeninge is die immerwerkende refrein. Gehoorsaamheid is dus die erkenning van die gesag van die Vader. Om God te vrees en lief te hê, beteken om Sy gebooie gehoorsaam te onderhou - die begrippe beskryf dus die regte verhouding en gesindhede tot God. Wanneer die woorde "met jou hele siel, met jou hele verstand en met al jou krag" (6:6) by die liefde gevoeg word, beskryf dit dus die totaliteit van die mens se wil en bestaan - die kind moet God gehoorsaam wees in al die uitgange van sy hart.

Die besondere gehoorsaamheidsrelasie in die verbond tree ook na vore in die spesifieke duiding van die kennis. Dit moet nie opgevat word as teoretiese kennis om sigself ontwil nie, maar as "praktiese" kennis ten dienste van gehoorsaamheid (nie die ken nie, maar die doen).

Die "praktiese" inslag van die kennis tree onder meer na vore in die nasionale doelstelling met die opvoeding en onderwys. Moses kan beskou word as een van die belangrikste argitekte van nasionale opvoeding. Die lewe van Ou Israel was nasionaal-godsdienstig en godsdienstig-nasionaal en so kan hulle opvoeding gekarakteriseer word. Die streng handhawing van die opvoeding, gegrond op hoë godsdienstige en sedelike ideale, het die konfederatiewe eenheid van die volk bewaar soos geen staatkundige stelsel dit kon doen nie - en daarna in die diaspora, 'n identiteitsbehoud kon bolwerk wat uniek is in die wêreldgeskiedenis. Die

-
1. Hierdie gehoorsaamheid is 'n saak wat maar gerus kan deurlink tot die moderne tyd waarin by monde van onder meer A.S. Neill met sy sogenaamde "Summerhill-metode" 'n gehoorsaamheidslose opvoeding bepleit word waarin die kind self mettertyd leer wat reg en wat verkeerd is mits hy nie gedwing word nie! cf. Neill, A.S., Summerhill, Hart Publishing Co., 1960.

nasionale opvoeding was egter nie die doel op sigself nie, maar dit staan ten dienste aan die verwagte Messias. So kry die opvoeding in Israel - en Deut. 6 - 'n unieke religieuse diepte: elke kind wat gebore en opgevoed word, kan die Messias wees - of Sy draer.

God, die eintlike Opvoeder van Israel, beveel die ouers (die vader) om hulle kinders in hulle volk se geskiedenis (d.i. die geskiedenis waarin God Hom geopenbaar het) en in Sy verbondseise op te voed. Deut. 6:7 lê sterk klem op die verbondsbetrokkenheid van die ouers in hulle opvoedingstaak - die gesin is die primêre opvoedkundige instansie. Al is meer aandag aan die opvoeding van die seuns (veral die eersgeborene) gegee, is onderrig aan die dogters nie verwaarloos nie. Geen volk het aan die vrou so 'n hoë posisie in die gesinsopvoeding gegee as juis Israel nie.

Israel leer Jahweh uit die geskiedenis ken en juis hieroor moes die kind onderrig word in sy volk se geskiedenis. Die onderrig in die geskiedenis het twee wesenlike elemente bevat:

- (i) volledige betrokkenheid op die verlede, op 'n boodskap wat met die geskiedenis en in die geskiedenis oorgelewer is en wat tot die Verbondskind spreek;
- (ii) volledige betrokkenheid op die toekoms, maar wat reeds toeganklik is op grond van wat in die verlede gebeur het en wat nog tot die kind spreek. Volledige betrokkenheid hierby is volledige betrokkenheid by die oproep tot die gehoorsaamheid aan God se gebooe.

Die groot feeste het in die bg. verband 'n kardinale rol vervul. (Later kry die feeste ook landboukundige implikasies. By die veranderde lewensomstandighede, dit wil sê na die intog in die Heilige Land, toon die Israelitiese opvoeding

'n aanpasbaarheid. Nou leer die feeste dat die opbrengste van die land óók van God kom).

Uit die studie blyk dit duidelik dat die opvoedkundige implikasies van Deut. 6 veel groter omvang gehad het as in 'n moderne klaskamer. Dit was naamlik die didaktiese dryfkrag agter en riglyn vir die (opvoedkundige) reformasies van Josia (II Kon. 22:8 - 23:3; II Kron. 34:14 - 33) en waarskynlik ook dié van Josafat (II Kron. 17:7 - 9). Wanneer Israel nie daarin kon slaag om hierdie opvoedingsbevel van God uit te voer nie, het die volk verval in apostasie - in die Bybel is daar talle voorbeelde!

Die teokrasie as werklikheid en ideaal in Israel se pedagogiese struktuur bring 'n heel nuwe element na vore: dit is die verbondsverhouding waarin God tot Sy volk staan - en dit was die teenstelling verbondsghehoorsaamheid of verbondsverbreking wat Israel se opvoeding beheers het.

In die Nuwe-Testamentiese perspektief word Deut. 6 nie armer aan opvoedkundige betekenis nie. Inteendeel. Die vervulling van die profesieë in die volheid van die tyd het gehoorsaamheid uit wederliefde vir Hom wat ons so uitnemend lief gehad het dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, 'n liefdesplig gemaak wat grondliggend is vir alle Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap. Want as die religieuse dryfkrag van laasgenoemde geld onverswak: "Daarom moet jy die H E R E jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag" (6:6; Matt. 22:37).

GEPUBLISEERDE WERKE

- AALDERS, G. Ch., Het Verbond Gods, Kampen, 1939.
Ou Testamentiesche Kanoniek, Kampen,
1952.
- AALDERS, W.J., De Tien Geboden, Wever Franeker, 1932.
- ACKROYD, P.R. and LINDARS, B., Words and Meanings,
Cambridge, 1968.
- ALLIS, O.T., God Spoke by Moses, Philadelphia, 1958.
The Five Books of Moses, Philadelphia,
1964.
- BAARSLAG, D.J., De Bijbelse Geschiedenis, deel I, derde
druk, Baarn, (geen datum).
- BARCLAY, W., Educational Ideals in the Ancient World,
London, 1959.
- BIJLSMA, R., Schriftgezag en Schriftgebruik, Nijkerk,
1964.
- BLAIR, E.P., Deuteronomy, Joshua, London, 1964.
- BLENKINSOPP, J., Deuteronomy, the Book of the Covenant,
London, 1968.
- BREIT, H., Die Predigt des Deuteronomisten, München,
1933.
- BRIGHT, J., A History of Israel, second edition,
London, 1972.

- BUTTERWEISER, M., The Psalms, Chicago, 1938.
- CALVYN, J., Die Institutie (vertaal deur A. Sizoo), deel I, tweede druk, Delft, 1949.
Die Institusie (vertaal en verkort deur A Duvenage), Potchefstroom, 1967.
- CLARKE, ADAM, Clarke's Commentary, New York, geen datum.
- CLEMENS, R.E., Gods Chosen People, A Theological Interpretation of the Book of Deuteronomy, London, 1968.
- COETZEE, J. Chr. 'n Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde, Tweede druk, Johannesburg, 1958.
- COMPAYNÉ, G., The History of Pedagogy (translated by H.W. Payne), 8th edition, London, 1909.
- DE GRAAF, S.G., Verbondsgeschiedenis, die Ou Testament, deel I, derde druk, Kampen, 1952.
- DE GROOT, JOH. en HULST, A.R., Macht en Wil, de Verkondiging van het Oude Testament aangaande God, Nijkerk, (geen datum).
- DE VAUX, R., Ancient Israel, Its Life and Institutions, translated by John Mc Hugh, Second impression, London, 1968.
The Bible and Ancient Near East, London, 1972.
- DE VRIES, S.Ph., Joodse Riten en Symbolen, derde druk, Amsterdam, 1973.

- DOUMA, J., Mozes de Man Gods, Tweede druk, Kampen, 1923.
- DRAZIN, N., History of Jewish Education from 515 B.C.E. to 22 C.E., Baltimor, 1940.
- DRIVER, G.R., Semitic Writing - From Pictograph to Alphabet, Oxford, 1948.
- DRIVER, S.R., A Critical and Exegetical Commentary on Deuteronomy, 3rd edition, Edenburgh, 1902.
- An Introduction to the Literature of the Old Testament, Seventh edition, Edinburgh, 1907.
- DU TOIT, S., Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament, vierde druk, Potchefstroom, 1969.
- DUVENAGE, S.C.W., DE WET, J.I. en JANSÖN, M., Bybelkunde St. 9 en 10, Pretoria, 1969.
- EBY, F. and ARROWOOD, C.F., The History and Philosophy of Education Ancient and Medieval, fifth printing, New York, 1949.
- EICHRODT, W., Theologie des Alten Testaments, I und II, Liepzig, 1939.
- Theology of the Old Testament, Vol. I and II (translated by J.A. Bakker), second impression, London, 1964.
- EISFELDT, D., The Old Testament, An Introduction, translated by P.R. Ackroyd, Oxford, 1965.

- FENSHAM, F.C. en OBERHOLZER, J.P., Bybelse Aardrykskunde, Oudheidkunde en Opgrawings, Kaapstad, 1972.
- FRANCISCO, C.T., The Book of Deuteronomy, 5th printing, Grand Rapids, 1970.
- GISPEN, W.H., De Spreuken van Salomo, Deel I, Kampen, 1954.
- GRAVES, F.P., A Students History of Education, Revised edition, New York, 1954.
- GREENBERG, SIMON, Jewish Educational Institutions, (Chapter 22 in "The Jews - Their History, Culture and religion", edited by Louis Finkelstein), New York, 1949.
- HARPER, R., The Book of Deuteronomy, London, (geen datum).
- HEINISCH, P., Theology of the Old Testament (translated by W.G. Heidt), St. Paul, 1957.
- HEYNS, J.A., Die Nuwe Mens Onderweg, Kaapstad, 1970.
- HILLERS, D.R., Covenant: The History of a Biblical Idea, Baltimore, 1969.
- HOLWERDA, B., Exegese Oude Testament (Deuteronomium), Deel III, Kampen, 1957.
Bizondere Canoniek, afdeling 2, deel II, Kampen, 1972.
- HOEKSMA, H., De Heidelbergsche Catechismus in Twee en Vijftig Leerreden, Amsterdam, 1893.

- KEIL, C.F. and DELITZSCH, F., Commentary on the Old Testament, Vol. III (The Pentateuch), translated by J. Martin, Grand Rapids, (no date).
- KITCHEN, K.A., Ancient Orient and Old Testament, London, 1966.
- KITTEL, R., Great Men and Movements in Israel, translated by Knoch, C.A. and Wright C.D., New York, 1968.
- KLEINKNECHT, H. and GUTBROD, W., Law, London, 1962.
- KLINE, M.G., Treaty of the Great King - The Covenant Structure of Deuteronomy: Studies and Commentary, Grand Rapids, 1963.
- KLOSTERMAN, A., Der Pentateuch, II, Liepzig, 1907.
- KOOLE, J.L., Verhaal en Feit in Het Oude Testament, Kampen, geen datum.
De Tien Geboden, Baarn, 1964.
- KROEZE, J.H., Handboek Bybelse Geschiedenis, die Ou Testament, derde druk, 1971.
- KUYPER, A., E Voto Dordraceno, Deel III, derde druk, Kampen, (geen datum)
- LODS, A., Israel, London, 1932.
- MANLEY, G.T., The Book of the Law (Studies in the date of Deuteronomy), London, 1957.

- Mc CARTHY, D.J., Old Testament Covenant, 2nd impression, Oxford, 1973.
- Mc CORMICK, P.J., History of Education, third edition, revised by F.P. Cassidy, Washington, 1957.
- Mc KANE, W., Proverbs, London, 1970.
- MENDENHALL, G.E., Law and Covenant in Israel and Ancient Near East, Pittsburgh, 1955.
- MISKOTTE, K.H., Als de Goden Zwijgen, derde druk, Haarlem, 1966.
- MOWINCKEL, S., The Old Testament as Word of God, translated by R.B. Bjornard, Nashville, 1952.
- NOORDTZIJ, A., Het Boek Levitikus, tweede druk, Kampen, 1955.
- NOTH, M., The History of Israel, Second edition, revised by P.R. Acroyd, London, 1960.
- OBERST, BRUCE, Deuteronomy, Missouri, 1968.
- OCHLER, G.F., Theology of the Old Testament, Grand Rapids, 1883.
- ORLINSKY, H.M., Ancient Israel, second edition, London, 1971.
- OZINGA, T.E.N., Schepping en Herschepping in de Vijf Boeken van Moses, Goes, 1968.
- PARKER, J., The People's Bible, Vol. IV, London, (no date).

- PEDERSEN, J., Israel, its Life and Culture, III-IV, London, 1947.
- PELIKAN, J. and POELLOT, D., (Editors) Luther's Works, vol.9, Lectures on Deuteronomy, St. Louis, 1960.
- POP, F.J., Bijbelse Woorden en Hun Geheim, 's - Gravenhage, 1964.
- RAVEN, J.H., Old Testament Introduction, second edition, New York, 1910.
- RIDDERBOS, J.D., Het Boek Deuteronomium, Deel I, tweede druk, Kampen, 1963.
- ROBINSON, H.W., Inspiration and Revelation in the Old Testament, Oxford, 1946.
The Christian Doctrine of Man, Edinburgh, 1913.
- ROWLEY, H.H., The Faith of Israel, first cheap edition, London, 1961.
The Rediscovery of the Old Testament, London, 1945.
- RUSHDOONY, R.J., The Institutes of Biblical Law, The Craig Press, 1973.
- SCHNEIDER, B.N., Deuteronomy A Favored Book of Jesus, Grand Rapids, 1970.
- SCHULTZ, S.J., Deuteronomy, the Gospel of Love, Chicago, 1971.
- SEERVELD, C., The Song of Moses and the Lamb: The Joke of A.R.S.S. Education, Ontario, 1965.

- SEGAL, J.B., The Hebrew Passover from the Earliest Times to A.D. 70, London, 1963.
- SMITH, G.A., The Book of Deuteronomy, reprinted, Cambridge, 1950.
- SMITH, W.A., Ancient Education, New York, 1955.
- SPOERRI, T., Goden van Dezen Tijd, Ploegsma, Zeist, 1934.
- SWIFT, F.H., Education in Ancient Israel to 70 A.D., Chicago, 1919.
- VAN GELDEREN, C., De Boeken der Koningen, Deel II, tweede druk, Kampen, 1956.
- VAN LOGGERENBERG, N.T. en JOOSTE, A.J.C., Verantwoordelijke Opvoeding, Bloemfontein, 1970.
- VAN ZYL, A.H., Gods Woord in Mensetaal, Deel I, Pretoria, 1971.
- VENTER, E.A., Die Gelowige in die Samelewing, derde druk, Bloemfontein, 1969.
- VERHOEF, P.A., Ou-Testamentiese Apokriewe, Kaapstad, 1959
- VONK, C., De Voorzeide Leer, De Heilige Schrift Numeri en Deuteronomium, Deel 1c, Barendrecht, 1966.
- VON RAD, G., Deuteronomy, translated by D. Barton, London, 1966.
Old Testament Theology, Vol. I and II, London, 1967.

- VRIEZEN, Th. C., Hooflijnen der Theologie van het Oude Testament, Tweede druk, Wageningen, 1954.
- WATERINK, J., Inleiding tot die Theoretische Paedagogiek, Deel II. De Geschiedenis der Paedagogiek, eerste stuk, Zutphen, 1932.
- WEINER, H.M., Studies in Biblical Law, London, 1904.
- WEINFELD, M., Deuteronomy and the Deuteronomic School, Oxford, 1972.
- WEISER, A., Das Buch der Zwölf Kleinen Propheten, Göttingen, 1949.
- WELCH, A.C., Deuteronomy, the Framework to the Code, Oxford, 1932.
- WISEMAN, D.J., The Vassal-Treaties of Esarhadon, London, 1958.
- WATSON, T., The Ten Commandments, Banner of Truth, London, 1965.
- YOUNG, E.J., The Infallible Word, Philadelphia, 1946.

PROEFSKRIFTE

- PIENAAR, D.N., Die Dinastie van die Omriede in die Lig van die Argiologie, D.Phil., U.S., 1974.
- SCHOEMAN, P.G., Grondslae en Implikasies van die Christelike Opvoedingsfilosofie, M.A., U.O.V.S., 1974.
- VON MEYENFELDT, F.H., Het Hart (Leb, Lebab) in het Oude Testament, Leiden, 1950.

REFERATE EN STUDIESTUKKE

DUVENAGE, S., Bybelkunde as Volwaardige Vak op die Middelbare Skool, referaat gelewer op die Bybelkunde Kongres te Port Elizabeth, 9-10 April 1974.

FÜRSTENBERG, I. du T., Die Skopus van die Heilige Skrif. Referaat gelewer voor die Dogmatologiese Werkgemeenskap, Januarie 1970.

MALAN, J.H., Die Grondtrekke van die Christelik-Nasionale Lewens- en Wêreldbeskouing van die Afrikaner, V.C.H.O.-studiestuk, 2/74.

TYDSKRIFTE

LE RICHE, E.J.L., "Die Lineêre Verloop van die Geskiedenis" in die Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif, Deel XV, Nr. 1, Kaapstad, Januarie 1974.

MORAN, W.L., "The Ancient and Near Eastern Background of the Love of God in Deuteronomy", in The Catholic Biblical Quarterly, No. 25, 1963.

PRINSLOO, W.S., Was die Atenreligie 'n Monoteïsme? Artikel in die N.G.T.T., Deel XV, Nr. 1, Januarie 1974.

RIDDERBOS, NIC H., "Het Ou Testament en de Geschiedenis", Deel I en Deel II in die Gereformeerde Theologische Tijdschrift, 58^e en 59^e jaargange, Nr. 4/5 en Nr. 1, Kampen, 1957 en 1958.

TOM, W., "Kaalkop, Ga op, Kom op! of: Vaar op!?"
Artikel in die Gereformeerde Theologische
Tijdschrift, 59^e jaargang, Nr. 5, Kampen,
1959.

VERSAMELWERKE

BUTTERICK, G.A., (Editor) The Interpreter's Dictionary of
the Bible, Vol. E-J, New York, 1962.

CAMPBELL, E.F. and FREEDMAN, D.N., (Editors) The Biblical
Archaeologist Reader, Vol. III, New York,
1970.

DOUGLAS, J.D., (Ed.) The New Bible Dictionary, first edition,
reprinted, London, 1971.

GROSHEIDE, F.W., Bybelse Ensiklopedie, derde druk, Kaapstad,
1959.

GROSHEIDE, F.W. en VAN ITTERZON, G.P., (Redakteurs) Christe-
lijke Encyclopedie, Deel V, Kampen, 1960.

HART, H., "Cultus and Covenant" in Will all the King's
Men, Ontario, 1972.

HASTINGS, J., (Editor) A Dictionary of the Bible, 5th impres-
sion, Edinburgh, 1903.

KITTEL, G., (Ed.) Theological Dictionary of the New Testament
(translated by G.W. Bromiley), second
edition, Grand Rapids, 1967.

KOEHLER, L. and BAUMGARTNER, W., Lexicon Veteris Testamenti Libros, Leiden, 1958.

LANDMAN, ISAAC (Editor), The Universal Jewish Encyclopedia, Volume III, New York, 1948.

MULLER, J.J., "Die verhouding gesin, staat en skool in die opvoeding en onderwys met verwysing na die rol wat elkeen vervul en die noodsaaklikheid van koördinasie van hierdie samelewingsverbande in die opvoedings- en onderwyspraktyk" in 'n Volk besin oor sy Opvoeding en Onderwys. (Referate en besluite van die volkskongres vir opvoeding en onderwys, 29 September - 2 Oktober 1969, H.A.U.M., Pretoria.

PRITCHARD, J.B., (Ed.) Ancient Near Eastern Texts relating to the Old Testament, Oxford, 1954.

VAN DER MINNEN, J.M., "Opschrift" in De Thora in de Thora, Deel I, Aalten, 1967.

